Dit is ook de gang door het Nederlandsch in zijne oorsprong en eerste ontwikkeling gevolgd. Omstreeks het midden der twaalfde eeuw waren de Nederlanders in zeden en gewoonten, in beschaving en taal nog Duitschers. Toen de Vlaamsche steden plotseling door handel en nijverheid eene ongekende vlucht namen, toen eerst begon zich een van het Duitsche niet langer afhankelijk eigenaardig nationaal leven te ontwikkelen en als voertuig van dat leven eene eigene taal en letterkunde. Met de nationaliteit, gij ziet het, ontstond in beide gevallen de taal en letterkunde. Daarom zeg ik ook ten opzichte van de Landstaal: Eerst dan, wanneer er eene krachtige, zich zelf bewuste Afrikaansche nationaliteit zal zijn, met eene eigenaardig nationale ontwikkeling en beschaving, dan eerst ontstaat de mogelijkheid, eener eigene Afrikaansche taal en letterkunde. Op het oogenblik zijn wij daarvan, voor zoover ik zien kan, nog ver af. Wel hebben zich in den laatsten tijd teekenen voorgedaan, die op 't ontstaan in Zuid Afrika van een nationaal bewustzijn wijzen; de Afrikaan, onverschillig of hij tot de Kolonie, tot Natal, tot den Vrijstaat of tot de Transvaal behoort, gevoelt zich Afrikaan, gevoelt dat Zuid Afrika zijn vaderland is, evenals in de eerste helft dezer eeuw, de Pruis, Sakser, de Hes, de Thuringer en de Zwaab gevoelde, dat zijn vaderland grooter zijn moest en dat Duitschland één behoorde te worden. Maar dat streven, die beweging is nog slechts in het begin; het is nog niet genoegzaam gebleken, of het werkelijk uit den boezem der bevolking haren oorsprong neemt en in het hart van het volk leeft, niet slechts in het hoofd van staatslieden en dagbladschrijvers. En toch, krachtig en onuitroeibaar moet het in het hart van het volk leven, wil het met eenige kans op eindelijke overwinning de worsteling aanvaarden voor het bestaan, die de wet des levens is. De vijand is

nooit ver. Al dadelijk moet het den strijd opnemen tegen de beide sinds lang gevestigde machten, die het hunne taal en hunne letterkunde zoeken op te leggen: het Hollandsch en het Engelsch; het Hollandsch, machtig door dat het de taal is der gevestigde Kerk, door dat de Bijbel in die taal wordt gelezen, en het Evangelie daarin verkondigd wordt; het Engelsch, machtig door dat het den Afrikaan overal in het leven ontmoet, hem van alle kanten omgeeft, zoodra hij zijne eenzame plaats verlaat en hem letterlijk dwingt het te gaan beoefenen, het te verstaan en te spreken. Twee zoo machtige invloeden, waarin ieder een eigene, hooge beschaving vertegenwoordigt, te bestrijden en te overwinnen, zal zeker geen geringe taak blijken voor het jeugdige Afrikaansche element, aan welks beschaving nog slechts de eerste hand wordt gelegd en welks levenskracht nog niet op de proef gesteld is. En toch zal aan die voorwaarde voldaan moeten worden, zal de voorspelling vervuld worden, die ik onlangs* door President Burgers hoorde doen en hier eenmaal eene taal worden gesproken, die noch Hollandsch is, noch Engelsch, maar Afrikaansch!

Zouden wij het dan voor onmogelijk verklaren? Dat zij verre. Zoo dikwijls zien wij in het leven en in de geschiedenis werkelijkheid worden, wat ons onwaarschijnlijkst dacht. Misschien is voor Zuid-Afrika eene groote toekomst weggelegd. Is het dan onmogelijk te noemen dat nog eenmaal, na verloop van eeuwen misschien eene eigen beschaving verrijse, die op taal en letterkundig gebied de schoonste vruchten voortbrengen zal?

Van eene zaak mogen wij ons echter overtuigd houden. Alles zal afhangen van de levenskracht der nationale beweging, die zich begint te openbaren.

Willen wij dus een eigen onafhankelijk volksbestaan, eene eigene taal, eenmaal misschien eene eigene letterkunde van Zuid-Afrika, dan rust op ons de dure verplichting, om, tegenover machtigen vreemden invloed, die nationale beweging te steunen en te beschermen, dat nationaal bewustzijn te koesteren en aan te kweeken, het nationale leven met alle ons ten dienste staande middelen te bevorderen en te handhaven.

Mocht tot het vestigen dier overtuiging deze voordracht over de Landstaal iets hebben bijgedragen.

J. BRILL.

* Dit werd gezegd in Mei, 1875.

'n Paar opmerkings sal wel nie as ongepas beskouwd worde nie.

1. Na so'n taal van Afrika's grootste taalgeleerde sal dit wel nie langer nodig wees om notisie te neem van die teenstanders wat in dwase onverstand volhou dat Afrikaans gen taal is nie, of 'n Hotnotstaal is.
2. Die *Express* van 20 Mei 1875 seg van die voorlesing:

LI. Donderdag avond vervulde Dr. Brill in het stampvolle Stadhuis alhier, de eerste spreekbeurt, over de LANDSTAAL. Voor een gemengd gehoor op te treden, waaronder de meesten wel het Afrikaansch, niet het zuiver Hollandsch goed verstaan, was waarlijk geene gemakkelijke taak, en nog wel een onderwerp te behandelen, dat, als van zelf spreekt, droog en dor moet voorkomen aan een uitgelezene menigte vand ames en heeren, die zijn opgekomen om zich een avondje te gaan amuseren.

Op welsprekende wijze wist Dr. Brill de groote schaar als aan zijne lippen te doen hangen; men kon een speld hooren vallen, en ofschoon welligt enkele hoorders niet alles hebben verstaan, en daardoor voor ironie of spot hebben opgevat wat nimmer aldus door spreker bedoeld was, kunnen wij het volmondig getuigen dat het geheele auditorium ten volste voldaan was, en dat het ons zeer spijt dat wij door plaatsgebrek geen vollediger verslag van de belangrijke redevoeering kunnen geven.

Jammer dat die blad nou so gedraai is en op alle maniere, lage en gemene nie uitgeslote nie, publiek en privaat alles doet wat in sijn vermoge is om die Afrikaanse taalbeweging teen te werk. Sou dit wees omdat die sirkulasie van ons orgaan, die *Patrit*, te sterk toeneem, oek in die Vrystaat?

3. Dis opmerklik dat Dr. Brill in syn inleiding duidelik lat uitkom dat Hollans grotendeels onverstaanbaar is ver 'n Afrikaanse gehoor, wat oek deur die *Express* erkend word.
4. Dr. Brill syn opmerking is juis, daar is 'n bisondere eenvormigheid in die landstaal van Kaap tot Transvaal; verskil van spreekwoorde bestaat daar, mar nie van taalvorme nie.
5. O'er die optreding van Afrikaans as selfstandige taal moet die anmerking van Dr. Brill geles worde met inagneming dat dit geseg is voor die Afrikaanse taalbewe-

ging, gelyk hy skryf in 'n brief d.d. Bloemfontein 2 April 1879: 'Alleen wensch ik er op te drukken, dat zy (de lezing) vier jaren geleden is gehouden en dus dagteekent van vóór den tyd, dat de Afrikaansche taalbeweging zulk eene vaart genomen heeft. In een historisch overzicht kan zy echter misschien nog op hare plaats zyn'.

6. Verder spreek die lesing ver sig self. Alleen wil ons met alle bescheidenheid anmerk dat Dr. Brill nog by Afrikaanse woorde die *z* gebruik, terwyl ons meen dat die Afrikaner dit as *s* uitspreek; verder dat hy die voorsetsel *ver* nie onderskei van *voor*, bywoord en voorsetsel van tyd en plaats en die *ver* word nie gebruik 'waar het volstrekt niet te pas komt,' mar wys dikwils die objekt an waarop die werking van bedrywende werkwoorde o'ergaat, nes die Hebreus oek 'n voorsetsel het, en dit dikwils waar dit in Hollans nie te pas kom nie, byv. 'Piet slaat *ver* Jan.'
7. Dis wel wenselik dat Dr. Brill weer an die publiek op een of ander manier syn latere waarnemings o'er die landstaal medeel.

Geskiedenis van Josef.

As 'n middel tot voorbereiding van die Afrikaanse taal moet ons nog wys op 'n boekie van 36 bladsye, gedruk by Smuts & Hofmeyr, en uitgege by N.H. Marais, getitel: 'Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huissouwens, in hulle eige Taal geskrywe deur een Vrind. 1 Cor. 14:6.' Die *anleiding* tot die uitgaaf van die boekie blyk uit die vollende uittreksel uit die Voorrede:

'Nou lees die kinders van mense wat vroër mensvreter was, en wat in die Groote Stille Znidzee woon, op hulle skool ook die geskiedenis van Josef net soo goet, as die kinders wat in beskaafde lande, soo as Holland, England, Duitsland, enz., woon. Elk een in syn eige taal. In Afrika is ook banja van die boekies, maar in die meeste kom sulke hooë woorde voor, dat die Afrikaanse kinders dit nie goet kan verstaan nie. En daarom moet daar tog ver hulle ook "Eén Geskiedenis van Josef" in hulle taal geskrywe worde. Nou was daar een vrint van myn wat myn gevra het, dat ek moet perbeer, om ver die Lammertjes van Christus syn kerk, wat in Zuid Afrika woon, ook soo'n boekie te maak, en daar-

om het ek ook geperbeer. En als die boekie ver myn Afrikaanse vrindjes nou aangenaam is, dan sal ek, as God myn die lewe spaar nog meer mooi stories in hulle taal skrywe.'

Dat die *doel* voorbereidend was blyk oek uit die vollende paar sinne uit die Besluit:

'As julle die geskiedenis wil nalees in die Bybel kan julle die vinde in die boek Genesis van die 37ste kapittel af. Daar staan die storie ook byna mooier geskrywe as hier in deuse boekie. Maar daar die Bybel *Hoog-Hollans* is sal myn kinders dit miskien nie soo goed kan verstaan nie. Nou wil ek ver julle een ding vra en dat is: As julle bid dan moot julle ook meteens aan onse liewe Heer vra, dat die Bybel tog vertaal mag worde in die Afrikaanse taal ook. Hy sal dit seker doen; want die Bybel is syn Woord en die Woord moet aan alle mense bekend gemaak wort in hulle eige taal, Mar. 16:15, 16.'

Ons noem die boekie oek as 'n voorbereiding, en wel in die sin dat dit eintlik die sondebok was wat al die vyandskap moes dra, daar dit die eerste Afrikaanse boekie was. Nou dis wel waar dat die samestelling van baing volsinne *te* Hollans is; dat ons die spelling af keur van woorde soos *mot, et, seh, Afirkaans*, ens. Mar die bewerking van die Geskiedenis self is uitmuntend. Die vorm *kon* gen verstandig mens meteens volkome verwag nie, as hy bedenk wat dit kos om 'n taal te vorm. En as ons kyk hoe ons nog altoos verskil op vele punte in die spelling, dan moet ons veeleer verwonderd wees dat so'n eerste proef van (nie 'n samespraak mar) 'n deurlopende verhaal so goed uitgeval is.

II. Anleiding.

Mar die samesprake van albei Klaas Waarsê'ers, met die pleidooi van Ware Afrikaander en die Voorlesing van Dr. Brill same, sou egter nie in staat gewees hê om die Afrikaners tot erkenning en beoefening van hulle taal te bring nie. Want in alle dinge is 'n Afrikaner mar lanksaam en versigtig, en veral in letterkundige sake stel hy mar min belang; daarby kom die veroordeling dat die taal te sleg is, ens. Daar moes dus iets gewigtigers bykom

om die trage gees op te wek en die diepgewortelde vooroordeel te lat o'erwin; daar moes iets bykom wat die hart van die volk raak. En dit was

'n Afrikaanse Bybelvertaling.

Die Afrikaner is verstandelik seer verwaarloos en veragterd. Dit kan oek nie anders, deur gebrek an onderwys, en veral deur verkeerd onderwys. Mar één ding hou hy vas, dis syn Bybel, en dit geef an ons volk 'n adel vêr bowe vele geleerde en daarby sedelik ontaarde volke van Europa. Liwers 'n ongeleerde Afrikaner met syn Bybel, as 'n geleerde Europeaan sonder God en syn gebod; want die Bybel hou die fondament goed waarop kan gebou worde.

So was dit dan hier oek. Die krag wat die Afrikaners wakker geskud het was die gedagte om 'in onze taal de groote werken Gods' te kan lees en hoor. 'n Afrikaanse Bybel - was die saak wat die eerste 12 persone by makkaar gebring het en dis die saak wat nou nog die voorstanders besig hou. Al die andere is mar bysaak, of liwers is mar middele tot die grote doel.

Die wenselijkheid en noodzakelijkheid om die Bybel in Afrikaans te vertaal is die eerste voor die andag gebrag deur 'n naamlose korrespondensie o'er die saak in die *Zuid Afrikaan*. Daar is toen veul voor en teen geskrywe, mar alles naamloos, daarom vermeld ons net die daadsaak, sonder iets daarvan o'er te neem. Wat die saak egter dadelik van meer belang gemaak het was

'n Onderhandeling met die Bybelgenootskap.

Hoewel die onderhandeling tot gen bisonder gevolg gelei het nie, so was dit tog nodig om die saak by die voorstanders des te vaster te lat wortel. Die oorsprong was, die vollende brief van Meneer A. Pannevis:

Paarl, Kaap Kolonie, 7 November 1874.

An die Komité van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

Menere, - Ek gevoel myn verplig, en neem die vryheid, om an julle te skrywe o'er 'n onderwerp van die hoogste belang.

Die taal van die Kaapkolonie, oorspronkelyk 'n Hollanse volkplanting, is 'n soort van verbasterde Hollans. Van dat

die Engelse daarvan besit geneem het, in die begin van dese euw, is die Engelse taal voorgestaan en die Hollandse trapsgewyse onderdruk. Veral in onse dage span die burgerlike en kerkelike autoriteite same om die o'erblyfsels van die Hollandse taal heeltemal uit te roei, en ver die Engelse taal 'n volkomene en algemene heerskappy te verseker. Mogelik sal dit luk, en sal al die inwoners van Suid Afrika, na verloop van tyd, net mar die Engelse taal gebruik en verstaan. Mar baing jare sal nog moet verloop voor die dag sal aanbreek. En in die tussen tyd, wat sal die toestand van sake wees? Ver die teenwoordige is die Engelse Bybel van gen nut ver die grootste gedeelte van die bevolking nie; mar tegelykertyd, ver duisende en duisende onder die Hollans sprekende bevolking, moet die Hollandse Bybel beskou worde as 'n geslote boek. Want in die verloop van jare is, gedeeltelik deur verwaarlosing van die moedertaal, 'n dialek gevorm wat in uitdrukking heeltemal verskil van suiwer Hollans, en terwyl daar gen ander Hollandse Bybels gedruk word nie as in hoog Hollans, so kan ons ver seker sê dat vele duisende in die Kaapkolonie sonder enige Bybel is, en dit is ongetwyfeld een van die redes van die snelle agteruitgang van die Koloniste, veral van die gekleurde bevolking. 'n Vreselike vooruitsig leg voor ons! Die Bybel alleen kan ons help!

Professor Hofmeyr, van die Kweekskool van die Ned. Ger. Kerk an Stellenbos, het onlangs in 'n brief an myn die noodsaakelike erken van 'n Bybelvertaling in Kaaps Hollans. Vele duisende kan gewonne, en die maatskappy verbeter worde, totdat die Britse gesag in Suid Afrika volkome gevestig is.

Ek bring die belangrike saak voor julle andag, in die hoop dat die God van ontferming julle harte mog bewege en julle gees vervul met 'n kragtige ywer ver die bevordering van syn Koningryk in hier-die deel van die wereld. Ek is bekend met 'n regte knappe predikant van die Ned. Ger. Kerk, wat seker bekwaam en gewillig sal wees om die vertaling op sig te neem en die werk uit te voer. Briwe an hom kan geadresseer worde 'Revd. S.J. du Toit, Daljosaphat, Wellington, Kaapkolonie.'

Ek eindig met die opmerking dat ver weinige duisende inwoners van die Deense West Indise Eilande 'n Nuwe Testament in 'n Hollandse Dialek gedruk is, en die vele duisende Afrikaners onder Britse regering is tot nog toe verwaarloos. Die getal siele in die Suid Afrikaanse Kolonies, State, en Volksstamme, waarvoor die uitgaaf van 'n Afrikaanse Bybel

wenselik is, kan geskat worde op meer as 'n miljoen. Andere skat dit op meer as ander-half-miljoen.

Ek verblyf, ens.

(Get.) A. PANNEVIS.

Die Bybelgenootskap draag dit toen op an Ds. Morgan, - leeraar van die Skotse Kerk an die Kaap en Sekretaris van die Suid Afrikaanse Tak van die Bybelgenootskap, - om verder ondersoek te doen in die saak, in die vollende brief:

London, 7 Jan. 1875.

Myn waarde Heer,

Ons het laas 'n brief gehad van meneer Pannevis van die Paarl, om ons te versoek om 'n Bybel te druk in Kaaps Hollans wat hy beskryf as sowat tussen Hollans en Engels, deur die vermenging van Koloniste. Hy vertel ons dat daar meer as 'n miljoen mense is wat gen Hollans of Engels praat nie mar die mengelmoes. Hy rekommedeer oek 'n Mr. du Toit, Daljosaphat, Wellington, Kaapkolonie, as 'n geskikte persoon om die Bybel in die dialek toe te berei.

Ons is onder gen omstandigheid genege om brabbeltale te bestendig, deur die Bybel daar in te druk nie, en niks anders nie as die ontwyfelbare informasie dat daar 'n groot getal *lesers* is wat die dialek gebruik en wat gen gebruik kan maak van die Engelse of Hollanse Bybel nie kan ons regverdig om dit daarin te druk.

Ons verwys die saak daarom na jou en die Komité sal seer verplig wees as jy ondersoek wil instel tot welke uitgestrektheid Kaaps Hollans gesproke word, of daar enige boeke in gedruk is, of daar ergens godsdienstig onderwys in gege word, en in kort, of ons wys sal handel om 'n Evangelie daar in toe te berei as 'n proef - oek of meneer du Toit, van wie ons niks weet nie, die regte persoon is an wie so'n werk kan toevertrou worde.

In die hoop dat ek jou nie te veul lastig val nie,

Blyf ek, Myn waarde Heer, Jou getrouwe

(Get.) M. GIRDLESTONE.

Ds. Morgan draag die saak toen voor op 'n Predikante Konferensie an Wellington in July 1875. By die bespre-

king laat veral Ds. McGregor van Robertson sig sterk daarteen uit en seg o.a. dat gen man van gesond verstand ooit an so iets sou denk nie. Professor Murray en Eerw. Dempers neem dit ver die ander kant op, mar by die stemming was hulle in die minderheid.

Daar Ds. S.J. du Toit syn naam, hoewel geheel buiten syn wete, in die brief van Meneer Pannevis genoemd werd, had Ds. Morgan met hom 'n privaat gesprek an die Paarl o'er die saak, waarin hy Ds. Morgan medeel dat hy bekend is met enige voorstanders van 'n Afrikaanse Bybelvertaling en as Ds. Morgan hom die hele saak skriftelik wil medeel, dan sou hy dit an die persone voorlê, dan kan hulle self daarop antwoorde. Daarop stuur Ds. Morgan hom die kopye van bowestaande Briwe, met die vollende brief daarby:

Paarl, 18 Augustus 1875.

An Ds. S.J. du Toit,
Paarl.

Myn waarde Heer,

Na anleiding van die gesprek wat ek gistraand had met jou en meneer Malherbe, het ek die genoeg om jou hierby 'n kopy te stuur van die brief wat ek ontvang het van Ds. Girdlestone, een van die Sekretarisse van die Brits- en Buitelandse Bybelgenootskap. Ek sluit oek 'n kopy in van meneer Pannevis syn mededeling an die Komité in geval jy gen kopy daarvan by die hand mog hê nie.

Ek dink die vollende vrage bevat die vernaamste punte, waarop dit wenselik skyn om informasie te ge an die Komité:

1. Tot welke uitgestrektheid word Kaaps Hollans gesproke?

In syn brief an die Komité merk meneer Pannevis op: 'Die getal siele in die Suid Afrikaanse *Kolonies, State en Stamme*, ver wie die uitgaaf van 'n Afrikaanse Bybel wenselik is, kan geskat worde op meer as 'n miljoen. Ander bereken dit op anderhalf miljoen.' Sou jy bereid wees om die opgaaf oer te neem? of wat sou jy daarvoor in die plaas stel?

2. Om ons ondersoek tot die Kaapkolonie te bepaal en ons begrooting te neem van die laas gepubliseerde Volkstelling, soos dit gedruk is in die 'General Directory' voor 1874 vind ons die hele bevolking opge as 496, 381, namelik:

181,592	Europeane.
81,598	Hottentots.
103,536	Kaffirs.
132,655	Andere.

Hoeveel van die hele getal, 'n ruwe skatting, kan beskoud worde Afrikaans te spreek, en hoel veul wat 'n lesing van die Bybel in die dialek nodig het?

3. Is daar al enige boeke, godsdienstige of skoolboeke, in die bedoelde dialek, en as daar is, hoe ver en by watter bisondere klas of klasse van die samelewing word gesegde boeke gebruik?

4. Is daar nou enige skole in die Kolonie waarin geleerd word om Afrikaans te lees, of waarin jy dink dat dit geredelik kan ingevoerd worde as geskikte boeke verskaf word? As daar nie sulke skole is nie, kan jy 'n doenlike plan an die hand ge waardeur die behoefte kan verhelp worde?

5. Is daar rede om te verwag dat 'n ansienlik getal Predikante, Sendelinge, Katkeseermeesters, Skoolmeesters, en andere, wat werkelik betrokke is in die gé van godsdienstig onderwys an die Afrikaans sprekende klasse van die samelewing, enig skema sal anmoedig wat bostaande oogmerk bedoel, of gereed sal wees om 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel an te neem en te gebruik inplaas van die teenwoordige geoutoriseerde vertaling? Wil jy vrindelik die adresse van sulke persone besorge ter wille van verwysing as dit nodig is?

6. Wil jy so goed wees om die Komité van die Bybel vereniging te voorsien van proef-vertalings in Afrikaans van een of meer gedeeltes van die Nuwe Testament soos die Evangelie van Markus Hoofstuk 1:1-20, en die Brief an die Romeine Hoofstuk 5?

Antwoorde op die bo'enste vrage, saam met verdere anmerkings wat jy mag nodig oordeel om te maak, sal met dank ontvang worde deur

Jou ware

(Get.) George Morgan.

Vollens belofte breng Ds. du Toit die saak voor die andag van enige voorstanders van 'n Afrikaanse Bybelvertaling en hulle beleg 'n vergadering op 14 Augustus 1875 om die saak te o'erwege. En dit was meteen die dag waarop beslote werd om 'n Genootskap op te rig. Hulle besluit

was toen dat Ds. du Toit, as privaat persoon uit naam van enige vrinde, die vollende antwoord sou stuur:

Paarl 25 September 1879.

An Ds. Geo. Morgan,

Kaapstad.

WelEerw. Seergeleerde Heer!

Ek is nou eers in die geleentheid gestel om jou tve briwe van die 18 en 14de van van deuse Maand te beantwoorde. Die voorstanders van die Afrikaanse taal woon so ver uit makkaar uit, dat dit met die beste wil van die wereld nie moentlik was om UWelEerw. eerder te skrywe nie. Lat dit as verskoning dien ver myn skynbaar versuim.

Op 'n vergadering van die vrinde wat 'n Bybel in die Afrikaanse taal wenselik en noodsakelik ag, het ek albei jou briwe met bylage voorgeleg. Eenparig is hulle van gevoele dat meneer Pannevis, op syn eie verantwoordelikheid en geheel buite hulle wete, 'n bitjie haastig was met syn skrywe an die Brits en Buitelandse Bybel Gen. Hulle denk dat dit nog nie tyd is om sig tot die genoemde Genootskap te wende nie. Die Afrikaanse saak is daartoe nog nie ryp nie. Hulle hoop egter dat die dag nie meer ver af is nie dat hulle sig met volle vrymoedigheid tot die Genootskap kan wende om ondersteuning ver die publikasie van 'n Afrikaanse Bybel, en hulle wil graag die noodsakelikheid van so 'n Bybel met meneer Pannevis onderskrywe. Die Afrikaanse beweging begin nou tot 'n krisis te kom; meer en meer win die oertuiging veld dat die enigste manier om die Afrikaans-sprekende bevolking, blanke en gekleurde, te beskawe, deur middel van hulle *Moedertaal* moet geskiede, en dit spreek van self dat ver sodanige beskawing 'n Afrikaanse Bybel 'n eerste vereiste is. Die Britse en Buitelandse Bybel Genootskap stel hulle sulke vrage wat hulle dus nie kan beantwoorde nie. Hulle begeer 'n Afrikaanse Bybel om die middel te wees tot beskawing, en uit die skrywing van Ds. Girdlestone leer hulle, dat hulle eers beskawing moet hê en dat hulle dan kan verwag dat die Genootskap genege sal wees om hulle 'n Afrikaanse Bybel te verskaf. Mar hoe kan 'n mens 'n volk beskawe sonder 'n Bybel in hulle moederspraak?

Dit sal wel nie nodig wees om an UEerw. te se nie dat hier regte baing Afrikaners is ver wie die Engelse Bybel 'n geslote boek en die Hollanse Bybel byna net so onverstaan-

baar is, jou ondervinding in die Evangeliediens sal jou dit wel geleer he. Die regte weg is nou om die volk 'n Bybel in die taal te ge wat hulle al dage spreek en dus die beste verstaat, mar voor dit kan geskiede moet die volk eers tot die oertuiging gebring worde, dat hulle 'n eie taal het, en die taak is moeiliker as dit, oppervlakkig beskoud, lyk.

Uit die skrywing van die Eerwaarde Girdlestone an UEerw. siet hulle dat hy en die Komité die Afrikaanse taal 'n 'brabbel taal' noem en dat SynEerw. seg, dat dit nie hulle plan is om 'gemengde brabbeltale te verewig deur die Heilige Skrif daarin te lat druk nie.' Dit spyt die voorstanders van die Afrikaanse Bybel te meer, omdat die uitdrukking uitgaat van die Buitelandse Bybel Genootskap, daar tog die 'Bruid des Lams' sal bestaan uit alle geslagte, *tale*, volke en nasies, en dat die bevel van die Saligmaker: 'Predikt het Evangelie aan alle creaturen' ongetwyfeld bedoel is, in die taal wat hulle bes verstaat, van daar oek die Uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag in die gawe van tale.

Hulle is bereid om enige verdere Kommunikasie van die Genootskap te beantwoorde, dog soos geseg is, nie vollens die eise wat gesteld is in die brief van Eerw. Girdlestone nie.

Met dank an UEerw. ver die reeds genome moeite in die saak, en met versoek om van hier-die brief an die Brits en Buitelandse Bybelgenootskap kennis te ge,

Het ek die eer, ens.

(Get.) S.J. du Toit.

P.S. As privaat persoon het ek UEerw. bostaande mededeling gedaan, mar ek versoek verswyging van myn naam, daar Meneer Pannevis my geheel *buiten myn wete* as vertaler anbeveel het. Verder kan ek UEerw. melde dat daar 'n Genootskap van Afrikaners opgerig is, waarvan Meneer..... Sekretaris is, an wie verder alle skrywings moet gerig worde.

In die Jaarlikse verslag van 1875 maak die Komité van die Genootskap melding van Meneer Pannevis syn brief en geef 'n uittreksel daarvan en seg daarby dat hulle verder informeer na die saak.

Daarby is die saak gebly. By die Bybelgenootskap was gen heil. Mar die fondament was nou geleg ver eie verdere werksaamheid. Later spreek ons o'er wat verder gedaan is in die saak van die Bybelvertaling. Ons besluit die hoofstuk met 'n paar opmerkings.

1. Die Afrikaanse vrinde had stellig gelyk teeno'er die Bybelgenootskap. Die Bybel is die ware volksbeskawer. Had Luther eek vooraf sulke eise gestel, dan had hy nooit begin om die Bybel in Duits te vertaal nie, en die Hervorming was nooit deurgegaan nie. En ons verwag oek hoegenaamd gen heil verder van die Bybelgenootskap in die saak nie. Ons sal mar self met onse swakke kragte, in Gods naam en met Syn hulp, moet vortgaan.

2. En hier kom nou 'n gewigtige vraag, wat die historieskrywer net mar in verbygaan kan anstip, sal ons vortgaan met onse gifte te ge an 'n Bybelgenootskap wat onse taal 'n brabbeltaal noem, wat hulle hart sluit ver onse behoefte, en wat duisende ponde besté an bybels te versprei waar dit alreeds dik gesaai is? of sal ons liwers begin by Jerusalem en eers, so veul as die Here onse oge geopen het ver onse eie behoefte, al onse kragte daaran wy om Gods heilig en dierbaar woord in onse eie taal vertaald gedrukt en verspreid te kry? of sal ons die een doen, en die andere nie nalaat nie?

III. Die genootskap van regte Afrikaners.

Mogelik sal 'n latere geskiedskrywer, - as teenwoordige vooroordeele al uitgestorwe is en die tyd elke gebeurtenis na waarde sal gerangskik hê, - DIE VEERTIENDE AUGUS 1875 opteken as 'n gedenkwaardige dag in die Geskiedenis van Suid Afrika. Dis die dag waarop 'Die Genootskap van Regte Afrikaners' opgerig is. Dat die anleiding daartoe eintlik was 'n Afrikaanse Bybelvertaling het ons al gesien. Om die weg daartoe te baan was so'n liggaam of vereniging nodig, ten einde an die eenkant die bevolking eers tot erkenning van hulle taal te bring, en an die ander kant om die taal self eers as skryftaal te leer beoefen. Dis onmo'entlik om in korter woorde 'n duidelike voorstelling te ge van die ontstaan en vortgang van die genootskap as die Bestuur dit doet in hulle Verslag op die derde Jaarlikse Vergadering gehou op 24 Augustus 1878.

Ons Verlede

kom ons nou lewendig voor die gees, toen ons nou voor 3 jaar, met 'n twaalfstal by makkaar was. Ons had 'n insig in 'n grote, seer grote werk wat moes gedaan worde

ver land en volk. Mar alles was teen ons: ons getal was klein, en die teenstanders baing - die saak vereis geld, en ons had nie veul nie - gesag was nodig, mar ons had gen manne van invloed in die politieke wêreld nie. Mar ons had die *reg* en die *waarheid* an onse kant, en 'n magtige God bowe ons hoof. Ons het gesproke, en gebede, en - beslote om 'n Genootskap op te rig. Wat die ondervinding in die tyd was, is nog in elkeen syn geheuge. Die Here het ons van stap tot stap gelei tot waar ons nou is. Roem kon ons nooit, - kan ons oek nou nie, - mag en wil ons oek nie; - mar ons had oek nie nodig om te wanhoop nie. 'n Gestadige vooruitgang was daar met ons. En veral in ons land, waar, soos dit meesal in Kolonies gaat, 'n menigte dinge in geesdrif en met groot ophef begonne wort, mar om net nou vergeet te wees, - in ons land is so'n *gestadige* vortgang bepaald 'n bewys van egtheid. Ons kan nou gerns sê, dat die Afrikaanse Taalbeweging wortel gevat het in die hart van onse bevolking. Ja, al sou die Genootskap vandag besluit om op te breek, dan was ons werk tog nie vergeefs; onse saak sal tog vortgaan en gesegende vrugte dra ver die nageslag. Vrugtelooos was ons werk nie. Dit sal blyk by die vollende o'ersig.

Re'els en bepalings van die genootskap van regte afrikaanders.

Algemene bepalings.

- I. Die '*naam*' van ons Vereniging is: GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKAANDERS.
- II. Die '*doel*' van ons Genootskap is: *om te staan ver ons Taal, ons Nasie en ons Land.*
- III. Die '*Bestuur*' van ons Genootskap sal in die hande wees van een President, Sekretaris en Tresurier, wat alle jare weer moet gekies worde.
- IV. Op al onse vergaderings en in alle offisiële stukke moet die Afrikaanse Taal gebruik worde.

Aparte bepalings.

1. - *Van die lede.*

- V. 'n Man word lid deur die re'els te onderteken, en daardeur verklaar hy dat hy hom daaraan sal hou en ver die Genootskap sal doen wat hy kan.
- VI. Ider lid het reg om 'n ander lid in te bring; mar dan moet hy hom eers by die Bestuur anmelde. Dan leg

die Bestuur dit an die vollende vergadering voor, en as twé-derde van die lede vóór hom stem dan kan hy inkom.

VII. Ider lid moet gelowe in die Versoeningsdood van onse Heer Jezus Christus.

VIII. As 'n lid die Re'els o'ertré dan kan die Genootskap hom uitset.

2. - *Van ons werk.*

IX. Ons eerste werk sal wees om alle maande 'n blad uit te gé, wat die naam sal dra van 'DIE AFRIKAANSE PATRIOT,' in die vorm van 'n boekie van sestien (16) bladsy'e.

X. Van tyd tot tyd word daar prysvra'e uitgeskrywe.

XI. 'n Woordeboek en Spraakkuns ge ons uit so gou as mo'entlik is, en verder ander skoolboekies.

XII. Die Bestuur kom die eerste Saterdag van ider maand by makaar met so veul lede as lus het om dit by te woon; en die Algemene Vergadering word alle drie maande gehou om ons werk vort te set.

XIII. 'n Buitengewone Vergadering kan opgeroep worde deur die President en die Sekretaris, as hulle denk dat dit nodig is, of as tien lede daarom vra.

XIV. As 'n lid die Algemene Vergadering versuim, dan moet hy daarvan vooraf an die President of an die Sekretaris syn rede opge, en as hy hieran nie voldoen nie, dan wort gehandel vollens Art. VIII.

XV. As meer as 'n derde van die lede sonder wettige rede afwesig is, dan kan die Algemene Vergadering nie gehou worde nie.

XVI. 'n Genome besluit kan nie weer verander worde nie, of daar moet op die dag as dit genome word, kennis van gege worde dat dit sal hersien worde op die vollende vergadering.

XVII. Idere vergadering sal met gebed geopen en gesluit worde.

XVIII. Die Genootskap hou die reg om die Artikels te verander, by te voeg en af te laat.

As ons nou van agter die Reels bedaard nalees dan is daar 'n paar punte wat opmerking verdien.

1. Art. VII het by vele anstoot gege. Sommige het aangebode om lede te worde as die artikel vernietig word. Mar gelukkig was daar nooit die minste weife-

ling by die Genootskap op die punt nie. Had hulle die fondament nie geleg nie, of besluit om op 'n ander fondament te bou, dan was hulle gebou mo'entlik spoediger opgehaal, mar om weer gou te verval; terwyl dit nou duursaam en vas staat.

2. Teen die geheimhouding van die name het andere weer beswaar gehad; party het selfs geseg: 'Dis 'n Vrymesselaars-spul.' Mar in hulle oppervlakkigheid verlies hulle uit die oog dat die Genootskap vlak teeno'er die Vrymesselaars staat; want die Vrymesselaars maak hulle *persone* bekend, maar hulle *werke* blyf geheim, terwyl die Genootskap al hulle *werke* openlik publiceer mar alleen hulle persone nie op die voorgrond wil stel nie. Die Genootskap handel dus volkome o'ereenkomstig die Skrif (Mat. 5:16), terwyl die Vrymesselaars teen die Skrif is (Joh. 3:20, 21).

2. - Werk van die Genootskap.

Met kleine krag het die Genootskap begin; mar die kleine krag het hulle gebruik. En dis tog mar 'n vaste reel in Gods koninkryk: 'die wat getrouw gebruik maak van syn talente, kryg altoos meer.' Baing grote en sterke vereniginge het nie uitgevoer wat die swakke, gehate, en by vele veragte klompie mense gedaan het nie. Die eerste wat hulle uitgege het was

Die afrikaanse volkslied.

1.

'n Ider nasie het syn LAND,
Ons woon op Afrikaanse strand,
Ver ons is daar gen beter grond
Op al die wy'e wereldrond.
Trots is ons om die naam te dra
Van kinders van Suid Afrika.

2.

'n Ider nasie het syn TAAL.
Ons praat, van Kaap tot in Transvaal,
Wat almal maklik kan verstaan,
Wat gaat die ander tale ons aan?
Ons praat, so's Pa en Oupapa,
Die Landstaal van Suid Afrika.

3.

'n Ider nasie het syn WET,
 Wat goed gebied en kwaad belet:
 En elk syn wet is na syn aard,
 En gaat met syn natuur gepaard:
 So volg ons ook die sede na,
 Wat thuis hoort in Suid Afrika.

4.

'n Ider nasie het syn REG,
 Al is hy nog so swak en sleg.
 Daar is 'n Oog wat alles merk;
 Hy set die onreg paal en perk.
 Hy kyk ook ons verdrukkers na.
 En waak ook ver Suid Afrika.

5.

'n Ider nasie het syn TYD
 Om op te groei en af te slyt,
 En soos ons liwe Heer dit doet,
 So is dit altyd wys en goed.
 Daar kom 'n dag ver ons ook ja
 Vertrou op God, Suid Afrika!

6.

Want al die nasies het één GOD.
 Hy re'el ider volk syn lot;
 Hy het ver ider volk syn Taal,
 Syn Land, syn Reg, syn Tyd, bepaal.
 Wie dit verag sal Syn straf dra.
 O God beskerm Suid Afrika!

Wat inhoud en vorm angaats moet die Afrikaners hulle ver so'n Volkslied nie te skaam nie. Dit sal elke bevoegde en onpartydige beoordeelaar moet erken. Meneer J.S. de Villiers, die beroemde musiekmeester van die Paarl, het daar musiek op gemaak en eenkeer op 'n Konsert lat sing en dit het 'n goeie indruk gemaak. Dit werd veral deur vele opgemerk dat Afrikaans so bisonder vloeibaar en verstaanbaar is om te sing; jy kon woord ver woord so duidelik verstaan. Die enigste anmerking wat ons gehoor het was mar dat die musiek nie populêr genoeg was nie. Ons hoop dat die dag nie meer vêr is nie dat Meneer de Villiers die Volkslied met 'n populêre wysie sal lat druk, en dat dit sal weerklink deur heel Afrika van dorp tot dorp en van berg tot berg. Daar is seker gen beter kans

ver onse Afrikaanse Beethoven om syn naam te verewig nie.

Die tweede stuk wat die Genootskap gepubliseer het was die vollende openlike verklaring of Manifest

Die genootskap van regte Afrikaanders groet al hulle landgenote en wens hulle vrede.

Onse liewe Here het op die aarde verskillende Naties gestel en an ider Natie syn Taal gegee. Om die sonde van die mens het onse liwe Heer die Volke verdeel en die Tale verwar, by die toren van Babel (Gen. 11). En die inrigting het God self altyd erken en bevestig. Kyk mar op Pinksterdag, (Hand. 2:5-12). God kon Syn wil bekend gemaak, he in een taal, in die taal wat al die mense gepraat het voor die verwarring (Gen. 11:1), en daardeur sou Hy dan te kenne ge: 'Laat al die Naties die een taal leer, wat Ek an die mense gegee het! Ek kan, in die openbaring van myn volmaakte wil, Myn nie steur an al die gebrekkige stukke van tale wat deur die sonde verwar is nie.' - Mar ne, onse Liwe Heer laat deur die H. Geest 'verdeelde tongen' op die hoofde van die discipels sit: '*tongen*,' om Gods wil te verkondig; '*verdeelde tongen*,' om dit in al die tale te doen. Dit was dus bepaald vollens Gods wil, dat 'Parthers, en Meders, en Elamieten,' ens., moes uitroep: 'Wy hooren hen *een eijelijk in onze eigene taal, in welke wij geboren zijn*, spreken.' Dit siet ons oek duidelik uit Openb. 14:6 (wat bepaald siet op onse da'e): 'En ik zag eenen anderen Engel, vliegende in het midden des hemels, en hij had het eeuwig Evangelie, om te verkondigen dengenen, die op de aarde wonen, en aan alle natie, en geslacht, en *taal*, en volk.' - Mar nog meer - 'die ooren heeft die hoore!' - in die Openbaring van Johannes (5:9), lees ons die loflied van die gezaligde: 'Gij hebt ons Gode gekocht met uw bloed, uit *alle* geslacht, *en taal*, en volk, en natie.' En verder (7:9) lees ons: 'Na dezen zag ik, en ziet, eene groote schaar, die niemand tellen kon, uit *alle* natie en geslachten, en volken, *en talen*, staan voor den troon en voor het Lam,' ens. Uit die tekste kan ons duidelik sien dat die verskillende volke en tale selfs in die hemel, voor die troon van God, erkend wort.

En ons natuurlik verstand leer ons dit oek, al sou die Bijbel daar niks van se nie. Kyk selfs die ou'e heidense konings wat hulle gedaan het. Lees hiervan in die boek van Esther 1:22; 3:12 en 8:9. Daar siet ons dat Ahasveros,

‘die regeerde van Indië af tot Morenland toe, 127 landschappen,’ syn onderdane geregeer en syn wette uitgestuur het ‘aan een iegelijk landschap naar zijn schrift en *aan elk volk naar zijn spraak.*’ Ja, hy het dit as 'n gebod uitgevaardig: ‘dat *elk man overheer in zijn huis wezen zou* (zijn gewoontes sal hou) en *spreken naar de spraak zijns volks*’, (syn taal sal praat). - Mar ons weet dit oek uit die geskiedenis buiten die Bijbel. Wat lees ons van koning Mithridates? Hy het geregeer o'er 22 Koningrijke, en hy het idereen bestuur vollens hulle ei'e wette en in hulle ei'e taal. En syn Officiere, en Gouverneurs, en Magistrate, ens., moes almal die tale leer van die naties waar'oer hulle gestel was, en moes hulle maniere verstaan.

En as heidense volke nou so handel, wat kan ons dan nie verwag van Christelike naties, wat nie alleen die natuurlike verstand en die voorbeelde van die heidense naties hierin het nie, mar bo'endien nog Gods woord het om hulle dit te leer?.....

En wat is nou hier met ons gebeur? Onse Liewe Heer het ver ons in Afrika geplaas en ver ons die Afrikaanse taal gege. En net die te'eno'ergestelde van wat Ahasveros gedaan het, het die Engelse regering met ons gedaan. In 1812, di's voor die kolonie nog hulle wettige ei'endom was (die Prins van Oranje het toen nog mar die kolonie an hulle beskerming, toevertrou, en in 1815 is dit eers wettig an hulle o'ergege) - toen het die koning van England al 'n Proklamatie uitgevaardig, waarin hy anbeveel dat ons almal moet Engels leer. En van die tyd af het hulle net hulle bes gedaan om ons taal te misken en te verdring deur hulle taal in te voer. Kyk mar ONS Parlement, die Raad van ons land, moet in HULLE taal gehou worde. Nou kan ons die Vaders van ons land nie daarnatoe stuur nie, want hulle ken gen Engels nie. Daar gaat vreemdelinge, handelaars, fortuinsoekers, en al sulke soort van mense wat mar 'n bietjie Engels kan praat, daarnatoe; en hulle is glad onbekwaam om ons belange te behartig. - Kyk in ONS Geregshowe daar het hulle oek HULLE taal ingevoer. Nou moet ons daar staan, in ons ei'e Geregshowe, so's vreemdelinge en wort beskuldig en veroordeel in 'n vreemde taal wat ons nie verstaan nie. En al ken die regter oek al ons taal, dan moet hy daarom ver hom aanstel nes hy dit kasta nie verstaan nie, en daarom moet daar nog 'n tolk wees. - En hoe gaat dit nou in ONS Skole? Nog erger. In hulle Re'els eis hulle dat die ENGELSE taal, so ver as doenlik is, die taal moet wees waarin onderwijs moet gege worde. En so kom ons kinders in ons ei'e Skole so's papegaai'e. Hulle

moet eers 'n vreemde taal leer om dan in die taal verder te kan geleer worde!!! - En in die Re'els seg hulle nog mar 'so ver as doenlik is,' mar in die praktyk toon hulle, dat hulle denk dat dit heeltmal doenlik is om niks as Engels te leer in ons Skole. Want 'n onderwyser hoef vollens hulle wet, glad nie *ons* taal te ken nie. Op die examen vraag hulle niks as Engels; Hollans wort nie vereis nie, mar gelyk gestel met Kaffertaal. - Op die manier wil hulle nou met geweld ons moedertaal by ons kinders uitroei. En di's 'n vreselike onreg. Want as jy 'n volk syn taal afneem, dan maak jy hom tot 'n doofstomme: jy ontnem hom die wysheid van syn voorvaders wat bewaard is in al die spreuke, spreekwoorde, en uitdrukkens, ens.

En die ergste is nog, hulle ontnem ons wat hulle ons nooit weer kan ge nie. Want daar is mar een moedertaal, die taal van ons hart. Die taal waarin ons an moeders bors *pa* en *ma* leer se het, - die taal waarin ons die eerste indrukke ontvang het, - die taal waarin ons vrome moeder ons as kinders geleer het om die dierbare naam van onse Here Jesus uit te spreek, - die taal waarin ons ou'ers altyd hulle God gedien het, - die taal waarin ons brawe vader ons op syn sterfbed nog vermaan het, die taal waarin ons moeder stervende haar laatste asem uitgeblaas het in 'n gebed ver ons; - *die taal blyf ons heilig* - die taal kan ons ver gen ander taal op die wereld verruil nie. En idere perbeerslag om ons die taal te ontnem beskou ons as 'n onteering van die nagedagtenis van onse voorvaders, as 'n onderdrukking van die te'enwoordige geslag, en as 'n onreg ons kinders angedaan. Mar, an die ander kant, elke poging, al is dit nog so swak, om ons moedertaal, wat ons dierbaar en heilig is, te bewaar en te verdedig, sal ons voorstaan en bevorder so lank as ons leef. Hulle sal ons moedertaal nie uitroei nie!

En die geskiedenis het dit oek al genoeg getoon dat dit onmo'entlik is om 'n volk syn moedertaal te ontnem. Kyk in Wallis, dit leg in die middel van die Engelse rijk, en daar het hulle tot vandag toe nog nie die volkstaal kan uitroei nie, ofskoon dit al ewe lank onder England is. En kyk watter moeite het die Russe al gedaan om die Pole hulle moedertaal af te neem! mar di's verniet, tot vandag toe praat hulle nog Pools. En so oek in Vlaanderen, Friesland, Ierland en ander lande.

En wat voer die Engelse regering dan nou hier uit met al hulle gewerskaf om ons taal te verdring deur met krag en geweld hulle taal hier in te voer? Daardeur doet hulle ons niks as skade an. Hulle ontnem ons die sleutel van alle

kennis. Hulle wil hier weer die toren van Babel bou, om ver hulle 'n naam te maak, en daardeur bring hulle niks as verwarring.

Mar di's hulle nog nie geluk om ons moedertaal uit te roei nie. Onse Liewe Heer het dit nie toegelaat nie. In 70 jare tyd het hulle die 20,000 blanke Afrikaners nog nie tot Engelse kan maak nie. Ne, Afrikaans is nog die baas. Daar is vandag meer wat Afrikaans praat as in 1812. Die grootste gros van ons natie praat almal nog Afrikaans.

Mar daar is daarom drie soorte van Afrikaners. Dit moet ons in die oog hou. Daar is *Afrikaners met ENGELSE harte*. En daar is *Afrikaners met HOLLANSE harte*. En dan is daar AFRIKANERS MET AFRIKAANSE HARTE. Die laaste noem ons REGTE AFRIKANERS, en die veral roep ons op om an ons kant te kom staan.

En wat gaan ons dan maak?..... Regte Afrikaners, ons roep julle op om same met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moedertaal is wat onse Liewe Here ver ons gegee het; en om same met ons te staan ver ons taal deur dik en dun! en nie te rus nie voor dat ons taal in alle opsigte algemeen erkend is as die volkstaal van ons land.

VAARWEL!

Volkslied en Manifest het die Genootskap albei lat druk in die *Zuid Afrikaan* en in die eerste nommer van die *Patriot*, en bowendien het hulle van die Volkslied nog 500 en van die Manifest 1000 apart lat afdruk en versprei. Albei, mar veral die laaste het 'n diepe en blywende indruk gemaak op die harte van vele Afrikaners. En dit kan ook nie anders nie. Daar sit *waarheid* in, en die waarheid is magtig. 'Die uit de waarheid is hoort myne stem,' seg onse Saligmaker, en dit blyk nog mar altyd. Al is die vooroordeel en teenstand nog so sterk, sodat vele daardeur verblind word, mar waar die waarheid Gods in 'n saak is, daar vind dit weerklank by diegene wat uit die waarheid is. Dit het hier ook geblyk. Ja, onse liwe Here sy gedank! daar is vele sodanige in ons land. Vele het al die stem van onse Saligmaker in die saak gehoor en het die gevolg; vele kom nog al dag by; en vele sal nog wel bykom.

Die Afrikaanse patriot

was die derde publikasie van die Genootskap, hulle hooforgaan. Ons siet gen kans om die vortgang van die blad

in korter en duideliker woorde te beskrywe nie as dit gedaan is deur die Bestuur in hulle Verslag voor die derde jaarlikse vergadering, op 24 Augustus 1878, waaruit ons die vollende uittreksel o'erneem.

Ons patriot

gaat moedig voorwaarts. Hy is vooruitgegaan in alle opsigte.

1. In *vorm*. Die eerste jaar was hy 'n maandblad. Die tweede jaar 'n kleine weekblad. Die derde jaar vergroot, met ons Wapen voorop. Soo is hy van 'n kind tot 'n jongeling opgegroeï, gesond en vris, sonder lewertraan te gebruik. En alw[e]er is syn p[a]kkie klere te klein. Van alle dele van die land kom die dringende b[e]de: 'Maak die *Patriot* tog groter; ons sal liwers meer betaal.' Om an die behoefte te voldoen is onse Drukpers te klein. Mar as onse geldelike sake dit toelaat hoop ons vollende jaar die *Patriot* te lat uitkom in 'n vorm waarin hy ver syn ouere tydgenot[e] nie hoof agter te staan nie.

2. In *getal Intekenare* is hy oek by die dag sterker geworde. In alle dele van ons land is hy nou al versprei. Van die hardste teenstanders is party intekenaars geworde. In Kolonie, Vrystaat, Transvaal, Natal, Diamandvelde, ja byna in elke hoekie van Suid Afrika wort syn stem al gehoor. Syn eerste jaar het hy begin met skaars 'n 50 intekenare. In die helfte van syn tweede jaar, dis by onse vorige Jaarlikse Vergadering, was die getal al geklim tot 663. En nou is dit omtrent 950, en daar kom nog al weke nuwe intekenaars by. In anmerking geneem dat die laaste jaar 'n regte teenspoedige was in alle opsigte ver ons land, deur droogte, oorlog, ens. is die toeneming buitengewoon groot. Seg nou mar dat elke *Patriot* deur 3 of 4 persone gelese wort, is dit dan g[...]n segen dat 'n 4000 landgenote - en die grooste deel daarvan mense wat vroeger gen koerant gelees het nie, - nou an die lees geset is, en belang begin te stel in die gebeurtenisse in ons land en die hele wêreld?

3. In *Medewerkers*. Daar is nou twe flukse jonge Afrikaners wat hulle heeltmaal gewy het an die saak om ver die uitgaaf te sorge, sodat int[e]knaars verder nie hoof te kla o'er die versending van hulle koerante nie. Dan het ons die belofte van enige invloe[d]ryke persone, dat h[...]le ons verder sal help met inleidings stukke. 'n Vaste medewerker het ons nou ver die twe afdelings *ver Kinders* en *Gedigte*, en 'n ander *ver Vrage en Andwoorde*. Ons wens nou mar n[e]t dat ons nog 'n goeje hand kan kry om o'er Boerdery te skrywe. Ons sal moeite doen daarvoor.

4. In *Invloed*. Dit kan nie anders nie, met so'n toeneming in alle opsigte, moes s[y]n invloed sterk toeneem. Vroeger vyandelike koerante en tydskrifte stuur nou ruilnommers. Op baing plase is hy al *die* koerant. Veral in Transvaal het gen Koloniale koerant so veul intekenaars en so'n invloed as die *Patriot*.

En nog altijd en gestadig an gaat die *Patriot* vooruit. Terwyl ons dit skryf (Juni 1879) is die getal intekenare al 'n 1400. Daarby is hy nou 'n grote koerant van 24

kolom, met 'n korrespondensie-blad daarby. So vêr on bekend is, is daar nou nog net één Hollandse koerant wat meer intekenaars het; mar die is dan oek opgerig met 'n kapitaal van £5.000, en word gesteund deur 'n sterke maatskappy, en noodwendig opgehou as enige Hollandse koerant in die hele Vrystaat. Mar hier staat die arme, gesmade, vertrapte *Patriot*, opgegroeï onder ramp en teenspoed, tot 'n teken van die waarheid van Gods woord: 'Het dwaze der wereld heeft God uitverkoren, opdat Hy de wyzen beschamen zou; en het zwakke der wereld heeft God uitverkoren, opdat Hy het sterke zou beschamen; en het onedele der wereld, en het verachte heeft God uitverkoren, en hetgeen niets is, opdat Hy hetgeen iets is te niet zou maken, opdat geen vleesch zou roemen voor Hem' (1 Cor. 1:27-29). Ja, dit blyk al duideliker, wat oek van die Genootskap en van die Afrikaanse taalbeweging mag worde, dat God in syn genade reeds die *Patriot* gebruik het tot 'n getuige ver syn naam. En dis die vaste o'ertuiging van hom wat dit hier skryf, dat die blad by toenemende afval deur onse trouwe God sal gebruik worde tot 'n getuige ver syn naam. En dan sal dit blyk dat die vele gebede en geldelike opofferinge en nagte van moeite en gelede smaad ver die blad nie te vergeefs was nie! Mar ons skryf die geskiedenis van die verledene en gen profesie ver die toekoms nie. En tog behoort ons nooit uit die oog te verlies dat onse God in die verlede die toekoms voorberei.

Dit was 'n verstandige besluit van die Genootskap om in Art. IX as hulle eerste en vernaamste werk te beskou die uitgaaf van die *Patriot*. As daar ooit wat tereg kom van die taalbeweging dan sal die *Patriot* hoofmiddel daartoe moet wees. Dis 'n tyd van koerante waarin ons leef; die drukpers neem al meer die plaats van die preekstoel in; en koerante oefen die grootste invloed uit op die publieke opinie. En daar haas alle koerante vyandig was teen, en gen een 'n bepaalde voorstander was van die Afrikaanse taalbeweging nie, moes die Genootskap 'n eie orgaan hê: die *Patriot* moes hulle tong wees by die bevolking. En nou van agter mog hulle mar bly wees dat die noodsaakelike hulle gedwing het om dadelik 'n eie orgaan te kry, - 'n orgaan waarin hulle beginsels blootgeleg en verdedig word, waarin deur verstaanbare en nuttige

stukke *leeslus* by die bevolking bevorder word, en in die eie taal van die volk sodat dit veral die *skryflus* by die volk opwek.

'n Afrikaanse Spraakkuns

werd toen oek dadelik as 'n nuwe behoefte gevoeld en erkend. Daar moes eenvormigheid kom in die spelling, die regels en beginsels van die taal moes nagespoor worde, om die spreektaal tot skryftaal gevormd te kry. Oek daaran het die Genootskap dadelik die hand geleg, en onder die nederige titel van 'Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal' is 'n boekie van 30 bladsye uitgege, wat ver elke taalgeleerde die duidelikste bewys gelewer het: 1. dat die Genootskap lede en medewerkers het wat in taalkennis ver niemand in Afrika hoef agter te staan nie; 2. dat Afrikaans nie alleen vaste reëls het soos alle tale nie, mar in vele opsigte selfs deugde het bowe die meeste hedendaagse tale. Vergelykings van Afrikaans met Hebreus, Grieks, Latyn, Frans, Duits, Engels, Hollans, Deens, ens., word so gepas ingevleg dat dit selfs gen skyn het of die samestellers hulle geleerdheid wou lat lug nie, mar dat dit tog an die boekie 'n blywende waarde en gesag geef.

Daar is 'n duisend van gedruk, en binnen weinige maande was dit uitverkog. Tot nog toe had die Genootskap altyd so veul nuwe werk voor dat hulle gen herdruk kon ge nie. Ter wille van die vele lesers wat dit nie het nie geef ons hier 'n paar uittreksels daaruit. Vereers die geestige gedig voor-in o'er.

Die Afrikaanse taal.

1.

Gen Hollans, Duis, of Frans,
Gen Engels, of Javans,
Gen Kaffers, of Boesmans,
Al goi jy almal in die skaal,
Ver ons kan hulle nooit ophaal
Die ware Afrikaanse Taal.

2.

Ofskoon ons taal hier blyf,
En idereen dit skryf,
Net na die wind hom dryf;
Die Afrikaans blyf daarom reg:
Wat regtig goed is wort nie sleg,
Al trap jy hom, of goi hom weg.

3.

Ofskoon gen een dit leer,
 Mar ongepermitteer
 Verfoes, verknooi, onteer;
 Ons Moedertaat blyf daarom goed;
 Ons Taal sit in ons murg en bloed,
 En groei nog op in te'enspoed.

4.

En twyfel jy hieran?
 Myn liewe goeje man,
 Vat jy die boek dan an!
 Ek wed as jy ons spraakkuns leer,
 Dat jy gen taal so hoog sal eer,
 Nou kom, seg: 'Top! man, en perpeer.

Hulle doel leg die bewerkers duidelik ope in

'n Klein woortjie vooraf.

Die eerste boekie wat 'Die Genootskap van Regte Afrikaanders' uitge is DIE EERSTE BEGINSELS VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. En dit kan oek nie anders nie, want die Genootskap is mos opgerig 'om te staan ver *ons Taal*, ons Nasie, en ons Land.'

Mar let op! Di's mar 'EERSTE BEGINSELS' wat ons hier ge; dis nog nie een eintlikke *spraakuns* nie. Né, ons weet te goed dat gen taal, nes 'n swareweesteren, soumar kant en klaar uit die hemel val nie. Dit neem lank tyd om 'n taal goed te kry. Kyk mar Hollans en Engels: wat was dit eers, en wat is dit nou? En heeltemal volmaak wort gen taal ooit nie. Want waar is 'n taal wat nie syn foute en gebreke en onregelmatighede het nie?

Daarom ge ons vereers mar 'EERSTE BEGINSELS.' Di's vêr van volmaak af; dit weet ons goed. Want di's mar die eerste perbeerslag. En idereen wat kennis het daarvan weet dat dit gen gemaklikke werk is om die beginsels van 'n taal op te spoor nie. Mar dit durf ons tog gerus se: Ons het hierin getoon, dat Afrikaans net so goed 'n taal is as enige taal van die wereld. Hy het net so goed syn woorde, syn vorme, syn wette, ens. En ons daag enige vyand uit om te bewys dat dit nie so is nie.

'EERSTE BEGINSELS' ge ons mar. Want ons wil vereers nog nie 'n Spraakkuns maak nes 'n jurkie om ver die

Afrikaanse taal an te trek nie. (So het hulle met baing ander tale gemaak). Né, die taal groei nog altyd an, en dan is die jurkie net nou te klein en dan knel dit. Ons taal is nou nes 'n kind wat begin te loop en nou ge ons die 'Eerste Beginsels' ver 'n leiband om an vas te hou en so goed te leer loop.

'n Afrikaander kan nou uit die EERSTE BEGINSELS in 'n paar da'e of weke net so goed leer om syn ei'e taal te skrywe, as 'n Engelsman Engels, en 'n Hollander Hollans. Ja, Afrikaners! nou kan julle sien hoe veul gemakliker dit is om julle ei'e taal te leer, as vreemde tale. En dan kom dit nog daarby, dat 'n mens 'n vreemde taal nooit so goed leer as jou ei'e nie.

Vrinde en vyande kan mar anmerkings maak so veul as hulle wil. Ons sal dit in ons sak steek. Op 'n goeje dag kan dit ons te pas kom.

GROETENIS VAN DIE GENOOTSKAP!

Van blywende waarde is oek die vollende opmerkings in die

Inleiding.

1. Die Afrikaanse Taal is eintlik 'n tak van die Hollandse taal. Mar in die loop van die tyd veral nadat die Kolonie van Holland los geraak het, is dit heeltemal verander, so dat 'n rou Hollander wat hier kom ons nie kan verstaan nie, omdat ons so veul ander woorde in ons taal opgeneem het, en die Hollandse woorde in ander vorme en betekenis gebruik.
2. Ons taal is dus 'n afstammeling van die Germaanse tale, en dit het die karakter gehou oek. Daarom dat ons woorde byna almal uit Hollans en Duits kom. Van Engels en Frans, wat 'n mens dit sou verwag, kry jy amper gen *woorde* in ons taal nie; mar wel enkele *uitdrukkings*.
3. Daar is in ons taal suiwer Afrikaanse woorde, so's KARKATJIE, PONDOK, SKAAPSTEKER. AMPER, BILTONG, KOGGELSTOK, HOT-OP-SES, HAAR-NAAS-VOOR, ens.
4. Die meeste van ons woorde is daarom mar Hollandse woorde wat ons verkort of veranderd gebruik. Ons woord *mos* kom van die Hollandse woord *immers, naand van goede avond*, ens.
5. Uit Duits het ons meer woorde as 'n mens sou dink. So's *stewel, gewêrskaf, dan en wan, vergange jaar*, ens.

6. Uit Engels, Frans, Portugees, ens., kry 'n mens oek nou en dan 'n woord. Mar di's mar min.
7. Mar die tale het daarom invloed uitgeoefen op die gebruik van ons ei'e woorde, veral Frans, deur die Franse Vluchteling. So's die twemaal *ons* ver die Hollandse *wij* en *ons* kom ver die naaste van die Franse *nous* ver *wij* en *nous* ver *ons* oek. So oek ons dubbele *nie* is nes die Franse *ne pas*, ens. Uitdrukkens so's *die een*, *die ander een*, ens., kom weer uit Engels.
8. Ons taal kom meer as enig ander taal o'ereen met ons tyd: kort, kort! Ons het al die slepende uitgange van die werkwoorde lat val. Ver *eten*, *drinken*, *loopen*, ens., seg ons so mar kortaf *eet*, *drink*, *loop*, ens.
9. Ons taal en ons geaardheid kom net o'ereen: in ons woorde nie neer letters as nodig is nie, en in ons werk gen omslag nie en min onkoste. Veral baing medeklinkers goi ons uit, en dit maak ons taal sag en vloei'end, so's *ei'e* ver *eigen*, *ou'e* ver *ouden*, ens. En hoe meer klinkers in 'n taal, hoe beter dit klink.

Dat die bewerkers heeltemal selfstandig gehandel het en nie mar die vorme van Hollans of Engels an Afrikaans opgedring het nie, soos onnodige en lastige Latynse vorme an die meeste moderne tale opgedring is, is 'n grote en ongewone segen, en blyk op elke punt, byvoorbeeld by die alfabet erken hulle mar 22 letters, terw. *c*, *q*, *ae*, en *z*, as vreemde letters erkend word net nar in vreemde woorde. Nie alleen selfstandig mar oek duideliker is dit as hulle ver *byvoegelijke naamwoorde* in die plaas stel die naam *hoedanigheids-woorde*, en ver *tussenwerpsels* seg *uitroep-woorde*. Mar die beste voorbeeld van 'n selfstandige en grondige behandeling is o'er die naamvalle, bl. 12.

10. By die Naamwoorde praat hulle oek nog van NAAMVALLE in die taalkunde van ander tale, wat moet lat sien in watter betrekking 'n naamwoord gebruik wort. En in die ou'e tale het hulle oek werklik sulke Naamvalle gehad, so dat die woord in elke Naamval wesenlik anders verbuig wort. So's in Latyn het hulle ses Naamvalle en in elke Naamval is die laaste letters van die woord anders. Mar in die nuwe tale is die veranderde uitgange al meer en meer weggeval. Dan wort die betrekking waarin so'n woord staat angewys met voorsetsels. Mar di's gen verbuigings nie, want 'n verbuiging moet 'n buiging of verandering an die woord selwers wees. Lat ons nou 'n voorbeeld neem:-

Eerste Naamval: <i>equus</i> :	'n perd.
Twede Naamval: <i>equi</i> ,	van 'n perd.
Derde Naamval: <i>equo</i> ,	an 'n perd.
Vierde Naamval: <i>equum</i> ,	'n perd.
Vyfde Naamval: <i>eque</i> ,	o perd!
Sesde Naamval: <i>equo</i> ,	deur 'n perd.

Hieruit siet ons nou duidelik dat die Latynse woord *equus* in elke Naamval 'n ander uitgang het, mar ons woord *pèrd* blyf mar altyd *perd*; en so is dit in die meeste nuwe tale, en daarom is dit nix as pure gekheid om van Naamvalle te praat. Die Hollandse taal het nog iets daarvan o'ergehou, so's:-

Twede Naamval: eens paards,	van 'n perd.
Derde Naamval: eenen paarde,	an 'n perd.

Mar Afrikaans, Engels, Frans, ens, het glad nix gen verbuiging van die Naamvalle an die woord self o'ergehou nie. Nou gebruik die ander tale wel nog konsuins die Naamvalle en noem dit verbuiging, omdat hulle taalkunde na die Latynse gemaak is. Mar dis nix anders as 'n lege en onnodige vorm. Want hulle verbuig tog nie die Naamwoorde self nie, mar hulle set mar net die voorsetsels voor die woorde. En op die manier kan hulle wel honderd Naamvalle maak deur mar idere mal 'n ander voorsetsel voor die naamwoord te set. Daarom lat ons die gekheid, om verder te praat van Naamvalle, mar gladenal staan.

Buitengewoon eenvoudig en maklik is die verdeling van die werkwoorde.

Ons het twe soorte van werkwoorde:

- a. *O'ergaande werkwoorde*, waar die werking van die werker op 'n ander ding kan o'ergaan. So is *liefhê* 'n o' ergaande werkwoord, want ek kan sê: ek *het* myn vrou *lief*; die werking *liefhe* gaat dan o'er van myn op myn vrou.
- a. *Nie-o'ergaande werkwoorde*, waarvan die werking by die werker self bly, en nie op 'n ander ding kan o'ergaan nie, so's *sit*, *slaap*, ens., want 'n mens kan nie sê; ek *sit*, *slaap* ens., ver hom of ver haar nie.

Die O'ergaande werkwoorde kan 'n mens op twe maniere gebruik, nadat jy die werking beskou van die kant van die werker of van die kant van die lyder waarop die werking o'ergaat. Dan is dit-

- a. *Bedrywend* (*werkend*) as jy dit van die kant van die werker beskou, so's: Piet slaat ver Jan.
- b. *Lydend*, as jy dit van die kant van die lyder beskou, so's: Jan word *geslaan* van Piet.

Van noukeurige waarneming getuig die opmerkings dat daar in die nuwe tale eintlik mar *two wyse* van vervoeging bestaan; dat die onvolmaak verlede tyd alleen by die hulpwerkwoorde bestaan; dat in Afrikaans mar 1 vorm ver die teenwoordige en 1 ver die verlede tyd is, mar 4 ver die toekomstige tyd, ens.

Die geheel is 'n model van kortheid en daarby volledigheid, eenvoudigheid gepaard met duidelikheid. Om in 30 bladsye 'n volledige spraakkuns te ge met voorvoeging, prosodie en alles, is gen kleinigheid nie, veral waar dit die eerste in syn soort is. Die boekie is 'n volkome sukses.

Gen enkele teenstander het dit dan oek gewaag om die boekie an te val of te weerleg nie, hoewel hulle daartoe uitgenodig was en die Genootskap 'n exemplaar na alle koerante en leeskamers in ons land gestuur het. Die enigste beoordeling wat ons daarvan gesien het was die vollende in die *Standard and Mail* van 29 April 1876.

‘Ons het 'n “Afrikaanse Spraakkuns” ontvang, uitgegê deur die Genootskap van Regte Afrikaners, wat 'n grote guns (boon) is ver alle Engelse wat met Ooms en Neefs van die land wil praat in hulle ei'e taal sonder ver hulle moeg te maak met die Hollanse taalkunde. As Britte kan ons daarop roem, dat ons 'n heel party re'els van geslagte en uitgange en ander taalkundige bog weggegoi het waarme onse Duitse en Hollanse broers nog opgeskeep sit; mar die “Afrikaans” het ons sonder te'enpraat gewen. Al die re'els (van hulle taal) is gedruk op 25 kleine en wijdgedrukte bladsij'e, en dan nog 'n heel party bisonderhede omtrent Hebreuws en ander vreemde tale het hulle daarin geset wat sonder enige nadeel kan weggelaat worde. Die mooiste re'el daarin is, dat die onderskeiding van persone in die werkwoorde glad nie eens sou angeroer wees in die taalkunde nie, omdat die in die Afrikaanse taal heeltetal onbekend is, mar omdat die mense daaran gewend is in ander spraakkunste

het die skrywer dit goed gedenk om dit nie heeltemal onopgemerk te laat nie. Ons hoop dat die nuwe spraakkuns baing sal gebruik worde, nie allenig omdat dit ons die moeite uitspaar om Afrikaans te leer uit Hooghollanse spraakkunste nie, mar oek omdat dit 'n heilsame invloed op die Engelse taalkunde kan uitoefen. As ons siet dat “I am, thou art, he is,” daar vertaal wort deur “ek is, jy is, hy is” dan is dit buiten twyfel dat Afrikaans baing eenvoudiger is as Engels, en as die Vereenigde State van Zuid Afrika een dag nes die van Noord Amerika sal wees, dan is ons seker daarvan, dat 'n Suid Afrikaanse Webster dit sal regkry om “I is” en “we is” smakelik te maak ver ons broers in England.’

Die geskiedenis van ons land

was die tweede boek wat die Genootskap uitgege het. Die werk was al deur enige vrinde en voorstanders begin vóór die oprigting van die Genootskap. Dit was egter 'n groter werk as hulle oorspronkelyk gedag het. Meer as 'n jaar was dit in die druk. In die eerste Jaarlikse Verslag 19 Augustus word daarvan geseg:-

is amper klaar. Hij het lank weggebly, want die Genootskap het briewe geskrywe na al die oorde van ons land, tot in Vrystaat en Transvaal, om van ooggetuige te verneem hoe alles gebeur is. Dis die oponthoud gewees. Mar nou het ons agter die waarheid gekom oek. Baing duistere sake sal op die manier nou an die lig kom. Mar binnen kort sal hy klaar wees. Daar is nou al anvrage van alle kante. Jammer dat ons, toen dit begin is, mar 500 lat druk het. Ons het toen nog nie gedenk dat die saak so'n vaart sal neem nie. Dit sal nou stellig te min wees.

En in die tweede Jaarlikse Verslag 11 Augustus 1877 lees ons al:-

Ons Geskiedenis.

het gevlieg duer die land. Binnen 'n paar maande is die 500 uit die hand. Ons het nou meer aanvrage as ons kan stuur. Ons boekverkoper het nog 'n ‘bietjie.’ So lank as ons het sal ons stuur. Die wat wil hê moet mar nou skrywe. Dis nou jammer dat ons nie eenkeer meer lat druk het nie. Briewe van alle kante kom ons bedank ver die boek.

Vollens Art. II is die doel van die Genootskap nie alleen om te staan ver hulle *Taal* nie, mar oek ver hulle

Nasie en hulle Land. En om nasionaliteits-gevoel op te wek by 'n volk moet jy hulle bekend maak met hulle Geskiedenis. Daartoe het die Geskiedenis gewis veul bygedra, soos oek blyk uit 'n menigte van getuigenisse. Dis jammer dat die Genootskap nog nie 'n tweede druk kan ge nie, angevul tot op onse tyd, waarin veral die laaste belangrike gebeurtenisse goed voorgestel word. Ons sou in alle bescheidenheid die wenk wil ge om 'n enigins verkorte volksuitgawe te ge, en daarvan 'n grote oplaag te lat druk, en goedkoop te versprei, wat veul sal doen ver die hele Afrikaanse saak. Uit die Geskiedenis sal ons liwers gen uittreksels ge nie, in die hoop dat daarvan weldra 'n goedkope uitgaaf sal verkrygbaar wees, en dat dit op elke Afrikaner syn tafel sal le, langes syn huisbybel, om ons kinders van jongs af bekend te maak wat hulle vaders al deurgestaan en gely het hier in die land waar vreemdelinge ons nou wil vertrap.

'n Afrikaanse Woordeboek.

is tot nog toe nie verskyn nie, en tog vind ek in die Notule van die Genootskap herhaaldelik melding gemaak, dat die Voorsitter die Lede versoek om elkeen 'n lys te maak van *suiwer* Afrikaanse woorde, ten einde stof te kry ver 'n Woordeboek; selfs word gewag gemaak van 'n paar Lede wat sulke lyste ingelewer het. En tog is daar nix geworde van die Woordeboek nie, en mo'entlik is dit mar goed oek om die vollende redes:

1. Dis nog nie so hoog nodig nie; 'n spraakkuns was nodig om die taal reg te leer skrywe, mar elke Afrikaner het syn eie woordeboek in syn kop, as hy wil skrywe; en die woorde sal nie uitsterwe nie.
2. Die plan was te beperk, namelik om net *suiwer* Afrikaanse woorde op te neem; as daar so'n woordeboek uitgege word dan moes dit alle woorde opneem, mar sonder verklaring; net 'n woordeboek ver die spelling.
3. Mar daartoe is dit oek nog nie die tyd nie; daar sou dadelik stryd ontstaan of dit moet mees *ek* of *ik*, *oek* of *ook*, *mar* of *maar*, ens.

Dit gaat nou goed. Van alle kante en hoeke van Suid Afrika draag skrywers in die *Patriot* woorde an om

onse voorraad hoe langer hoe groter te maak; so word ons taal al ryker en ons woorde-skat al groter. En wat die spelling angaats, lat elkeen hom mar an die suiver regel hou; ‘*Skryf soos jy praat!*’ - dan sal die spelling oek wel al meer geregel worde. Daar is nog baing Hollanse kantjies en hoekies wat moet afslyt voor ons 'n vaste Woordeboek ver die spelling kan uitge wat as regel moet bly.

Die Afrikaanse Almanak

was 'n nuttige onderneming. Burgerlik so wel as kerkelik; van heel Suid Afrika; 'n algemene Volksalmanak dus, so iets het daar nog nie bestaan en in die behoefte het die Genootskap op meesterlike wyse voorsien. Die onderneming was dan oek reg voorspoedig. Die eerste jaar, 1877, is daar 1000 gedruk; in 1878 weer 2000; in 1879, nou van jaar, 3000. En nog altoos was dit ontoereikend ver die aanvraag. So dat ver 1880 vooraf reeds minstens 6000 gewaarborgd is. Selfs onpartydige koerante, soos die *Zuid Afrikaan* en *Colesberg Advertiser* het erken dat dit ver onse boerebevolking die volledigste en nuttigste Almanak is.

Afrikaanse Gedigte.

Die eerste Versameling van Afrikaanse Gedigte is seer gunstig ontvang; die uitgaaf van 1000 exemplare was binnen 'n paar maande uitverkog. Dis o.a, deur die *Transvaal* en die *Colesberg Advertiser* anbevole. Ons kan ons lesers gen beter voorstelling daarvan ge nie, as deur die Voorrede daarvan hier o'er te neem.

Voorrede.

Die eerste voortbrengsels in alle tale was gedigte. Soos die gees van 'n nasie ontwaak ver syn taal, dan druk die gevoel sig uit in digmaat. Die ouste geskrifte in alle tale is dan oek meestal poësie.

Net so is dit hier oek. Die eerste andwoord op die Oproeping van ons Genootskap, an alle regte Afrikaners om te staan ver hulle Moedertaal en Vaderland, was 'n stroom van gedigte, gerig an ‘*Oom Lokomotief*’, die onbe-

kende Redakteur van ‘*Die Afrikaanse Patriot.*’ Die *Patriot* was dan oek altyd voorsien van 'n ryke voorraad gedigte en liedjies; en toen ons besluit, op die dringende begeerte van so veule voorstanders deur die hele land, om 'n eerste versameling van die gedigte uit te ge, was dit nie moeilik om genoeg te kry nie, mar om uit die grote voorraad 'n keuse te doen. Al die gedigte is dan oek uit ons *Patriot* en *Almanak*, en uit die tyd van die taalbeweging. Twee uit die *Volksblad* is van 'n bietjie vroeger en daar staat dit by waaruit dit o'ergeneem is. Een is uit die *Z.A. Tydschrift*, oek in die tyd van die beweging. Verder het ons die eerste versameling nog moet inkort, omdat dit mar 'n proewe is, en die twe hoofde: *Ver Kinders en Jong Mense*, en *Godsdienstige Gedigte* het ons gelaat ver later.

Natuurlik is hierin, as versameling van gedigte deur verskillende persone, stukke van meerdere en mindere waarde, Ons is nog mar in die begin, en dus ver van die volmaaktheid. En tog kan ons nie sien waarin *Die Afrikaanse Volkslied* (bl. 1) moet agter staan ver die Volkslied van enige andere nasie nie. En waarom sou *Helena en Eduard* (bl. 48) nie 'n plaas kan he naas ballades in andere tale nie? Wat kan 'n mens meer verwag van snaakse geestige gedigte as byv. *Moeilikeid om Liedjies te maak op 'n Boereplaas*. (bl. 41)? 'n Meesterlike all[e]gorie (verbloemde voorstelling) is 'n *Onmenselihe drooom* (bl. 7). Laat imand perbeer om 'n beter gedig met 'n sedelike strekking te maak as *Jan Bantjies* (bl. 70). Ware nasionaliteit kom uit in *Ons Toekomstige Volkslied* (bl. 2), vloeibaarheid van die taal in 'n *Afrikaanse Liedjie* (bl. 21), voortreflikheid van digmaat in *Rasende Afgodery* (bl 25) en *Die Steweltjies Van Sannie* (bl. 60). Om kort te gaan, hierin is 'n proewe om te laat sien dat onse taal geskik is ver digkunde op ider gebied.

Mog oek die klein boekie dien, om die liefde van onse landgenote ver hulle Moedertaal meer te versterk, en die lus ver digkunde meer op te wek!

Dit lyk of ons Afrikaners te danig anleg en smaak het ver gedigte. Hoe nodig is oek hiervan 'n tweede vermeerderde uitgaaf! Mar reeds het die uitgewers 'n tweede en derde versameling angekondig van *Godsdienstige Gedigte* en *Kindergedigte*. En an stof sal dit nie ontbreek nie. Al weke geef die *Patriot* een of twe gedigte, en die voorraad in hande groei steeds an, vollens 'n bekendmaking onlangs in die blad. Daar is dus in die opsig oek nie te klaag dat die saak te sukies gaat nie.

As 'n staaltjie van die gees wat die beweging onder die bevolking opgewek het, geef ons uit die versameling en proef.

Afrikaanse lietjie.

Oom Lokomotief!
 Jy is myn so lief.
 Hou jy tog mar styf,
 Al kom daar gekyf.
 Jy sal dit wel maak,
 Hou vas mar jou saak.
 Ek is met jou een,
 Ek seg wat ek meen.

Set Engels op sy,
 Ons taal sal jy kry.
 Werk Hollans mar uit,
 Stuur weg met die skuit!
 Ja, stuur hom mar weg,
 Na Holland - dis reg,
 Ja, stuur hom na huis;
 Hier hoort hy nie tuis.

Oom Lokomotief.
 Ek het jou so lief!
 Jy praat nes 'n man,
 En daar hou ek van.
 Bid God mar om krag!
 Lat mense mar lag!
 Hou vas mar jou saak;
 Werk fluks an jou taak!
 Dit sal oek wel gaan;
 Maak oop mar die baan;
 Die wereld mag raas,
 Een dag is jy baas;
 Die wereld mag woel,
 Sit stil op jou stoel.

Oom Lokomotief!
 Seg tog asseblief:
 'O Regter! kom by,
 En staat an ons sy,
 En gé ons ons taal,
 Tot binnen jou saal!
 O Regter, jy's baas,
 Mar wees tog nie dwaas!

Ons taal! Gé ons taal!
 Dit het ons bepaal.
 Ja, daar blyf ons by,
 Tot ons dit verkry.
 Wees, Regter, nie sleg!
 En gé ons ons reg!
 Afrikaans wil ons hê,
 Dit het ons gesê.
 O Regter, staat op,
 En hoor ons geklop!
 Ons taal vraag ons maar,
 En dan het ons klaar.'

Afrikaners! kom aan!
 Ver ons taal moet ons staan.
 Kom, vrinde, staat by!
 Staat vas an ons sy!
 Die tyd is gekom,
 Maak reg wat is krom!
 Die Hollans moet weg,
 Afrikaans is eers reg.
 Ons land het syn taal,
 Van Kaap tot Transvaal.
 Die Hollans moet uit,
 Dit is ons besluit,
 Die Engels is goed,
 Om Regters te groet.

Afrikaans is vol gees,
 Om gladweg te lees,
 Afrikaans is so plat,
 Dat ons dit kan vat,
 Afrikaans is net lig
 Om lietjies te dig.
 Afrikaans is oek mooi
 Om woorde te gooi.

Kom, vrinde, kom by!
 Gooi Hollans op sy!
 Lat Engels mar bly!
 Ons taal moet ons kry.
 Ons taal is dit werd,
 Saal op mar jou perd.
 Kom agter ons aan;
 Laat Hollans mar staan;

Hy's amper gedaan.
 Vat, Holland, jou taal!
 Dit het ons bepaal.
 Die Engels kan bly;
 Mar hou hom opsy!
 Afrikaner, kom aan!
 Jou taal kan jy slaan;
 Van Duits is myn bloed,
 Maar hier is myn goed;
 Hier is ek gebore,
 Afrikaans wil ek hore.

Myn lietjie is uit,
 Nou sal ek mar sluit.
 Myn lietjie is klaar,
 Die braaibout is gaar,
 Nou gaat ek mar eet,
 Die kos is gereed,
 Nou het ek gedaan,
 Dit sal nou wel gaan.
 Ek sal nou mar stop,
 Myn vroutjie, skep op!
 Dag Lokomotief!
 Jou werk het ek lief.
 En groet uit myn naam
 Jou maters ook saam!

Albertus is myn naam,
 Ek werk nou oek saam,
Herholdt is myn van,
 Ek dig so's ek kan.

Antwoord.

Die lied is gedruk
 Ons wens oom geluk!
 Dit is nou bekend,
 Oom is ons agent.
 Oom kan mar weer stuur,
 Ons goi nie in vuur,
 Druk op nes 'n man,
 En stuur wat jy kan.
 Ons is regte bly,
 Om lietjies te kry.

Maskie is dit sleg,
 Ons maak dit mos reg.
 Oom het genoeg gees,
 Om digter te wees.
 Oom kan regte mooi,
 Ons moedertaal gooi.
 Oom moet ver ons werk,
 So fluks as 'n klerk.
 Lat mense mar spot,
 Met ons *Patriot*.
 Oom kan daarop reken,
 Nog baing sal teken.
 Stuur Oom oek mar name,
 Die *Pittjies oek same*.
 Ons sal dit verwag;
 Oom ken mos die slag.
 Ons werk met geweld;
 Dit kos hope geld.
 Oom sal dit wel weet,
 Dat 'n mens dan kan sweet.
 Og, ja, liwe oom!
 Hul dryf myn met stoom.
 En wat ek oek praat,
 Dit wil mar nie baat.
 En hoe ek oek raas,
 Of wat ek oek blaas,
 Hul druk myn mar op,
 O'er ore en kop.
 Ek is die vuurwa'e,
 Oom kan dit mar vra'e.
 Ek woon in die straat,
 Waar die rytuige staat.
 Kom Oom ooit na Kaap,
 Kom dan by myn slaap.
 Ek sal jou verwag,
 Nou Oom, goeyen dag;
 Oom weet nou jou les,
 En ken myn adres;
 Skryf gou weer 'n brief,
 An LOKOMOTIEF.

Leesboekies.

Op die derde Jaarlikse Vergadering, 24 Augustus 1878, het die Genootskap dit an die Bestuur opgedra om so gou as mo'entlik is 'n Spel-en Leesboekie uit te ge. Dit is

gou geskied. Mar dit het oek 'n vreselike storm van vyandskap lat losbreek by die teenstanders. En dit was 'n vaste bewys ver die voorstanders dat dit die regte punt is. Dit het oek gen twe maande geduur nie, of die 1000 boekies was verkog, en van verskillende kante kom nog anvrage. Onshoop die punt sal die Genootskap nie uit die oog verlies nie, en dat hulle binnen kort 'n tweede Spel-en Lees-boekie sal uitge en andere Leerboekies o'er Cyferkunde, Aardrykskunde, ens. In sulke boekies, in die taal en na die vatbaarheid van onse kinders geskrywe, sal hulle veel gouwer leer as in 'n vreemde taal waar hulle nooit tuis in word.

Mogelik maak sommige die beswaar, dat dit tog nie sal help nie, omdat Afrikaans nog n e op die skole erkend is nie. Mar duisende van onse kinders in die buitestede kom nooit op 'n skool nie. Die meeste veraf wonende Boere neem mar ver 'n tyd 'n skoolmeester in die huis, en weldra sal hulle dit uitvinde dat hulle kinders in Afrikaanse boekies in 'n maand meer leer as in 'n jaar in Hollanse of Engelse boeke. En dis juis die veragterde deel van onse bevolking, waarvoor Staat en Kerk nie sorg nie, wat ons wil ophelp. En dan hoop ons dat die dag nie meer vêr af is nie waarop Afrikaans sal erkend wees op onse lagere of derde klas skole.

Prysvrage.

Art. X van die Reels bepaal dat daar van tyd tot tyd prysvrage sal uitgeskrywe worde. Dit is nog mar eenkeer gedaan, toen daar 'n prys uitgelooft is ver die beste Afrikaanse verhaal. Klaas Waarsegger Jr. het dit gewen met syn verhaal van 'Cathrina, die Dogter van die Advokaat.' Dis agtereenvolgens in die *Patriot* gepubliceer, en apart in 'n boekie afgedruk oek. Die verhaal op sig self is nie bisonder boeiend nie; mar dis deurdronge van so'n eg patriottise Afrikaanse gees, dat dit al 'n dojerige Afrikaner moet wees wat dit nie met smaak lees nie.

Waarom nie meer prysvrage op die manier uitskrywe nie? Is die natuurlike vrag wat by ons en by elke leser opkom. En die enige andwoord is: omdat daar nog te min skryflus is. As die Genootskap weet dat

daar 10 sal perbeer om te skrywe op elke prysvraag, dan skryf hulle seker 4 per jaar uit. Mar goeje dinge kom langzaam, seg die spreekwoord.

Wat egter beter beantwoord is prysvrae ver kinders. Die uitgewer van die *Patriot* het laas twe, 25 talle Bybelse Raaisels opgege ver kinders onder 12 en onder 15 jaar oud, en daar is nie minder as 47 oplossings ingekom, en die meeste daarvan voortreflik. Dis ver 'n eerste proef uitmuntend. Dit toon wat 'n belangstelling en leeslus en skryflus die *Patriot* by die opkomend geslag opwek.

Geldsake.

Uit die vlugtige o'ersig blyk dit dat die Genootskap in die drie jare tyd met die één talent wat hulle had gewoeker het. En dit het nie gegaan sonder moeite en grote opoffering. By die eerste jaarlikse verslag staat wel an die slot: 'Die Tresurier leg voor 'n verslag van Inkom en Uitgaaf van die jaar, waaruit blyk dat daar 'n bietjie o'er is.' Mar as ons die Notule van die menigvuldige vergaderinge van die eerste jaar naslaat, dan siet ons haas an die slot van elke vergadering 'n lys van 'Vrywillige Bydrage,' van £6 tot £2 per keer, en dit deur 'n 20 of uitters 30 lede, wat nie juis tot die ryke behoer nie. In die tweede jaarlikse verslag word 'n tekort gerapporteer van £173 7s. 1d. Dit is deur die Genootskap met 'n weinig hulp van buiteaf gedra. Die derde jaarlikse verslag rapporteer 'n tekort van £141 12s 4d.

Toen was dit dat 'n paar lede huiwerig werd om verder vort te gaan, daar die las te swaar begin te druk op weinige skouers. Mar enige lede kom toen moedig voorwaarts en bied an om die hele geldelike verandwoordelikheid verder op hulle alleen te neem, en die *Patriot*, en *Almanak*, ens., heeltemal ver eie rekening te neem. En daarmee het die Genootskap as werkend liggaam so goed as uitgedien, soos dit lyk. Die Genootskap was nodig, soos 'n stok wat jy by 'n jonge boompie steek om hom te ondersteun. Mar sodra die boompie groot word en die steun nie meer nodig het nie, dan begin die stok oek al te verrot.

Takgenootskappe.

Kort na syn oprigting, op 4 December 1875, het die Genootskap die vollende Reels ver Takke van die genootskap aangeneem.

I. As 7 Lede daarom vraag by die Bestuur van die Genootskap, dan kan die ver hulle reg gé om 'n tak op te rig.

II. Die Takke moet ver hulle hou an die Re'els van die Genootskap so ver as mo'entlik is. Mar hulle kan ver hulle selwers bepalings maak daarby, as dit mar nie in stryd is met die Re'els nie.

III. Die Bepalings wat hulle bymaak sal daarom eers moet goedgekeur worde deur die Bestuur van die Genootskap.

IV. Die Takke moet ook Notule hou van hulle Vergaderings.

V. Die Takke en die Genootskap moet ver makear 'n uittreksel stuur van die Notule van elke Vergadering.

VI. Die Genootskap hou alle jare een vergadering tot gedagtenis van die oprigting, so na as mo'entlik is by die 14de Augustus Dan wort verslag gedaen van die hele jaar syn werk. Dan wort die Bestuur gekies. En dan moet al die Takke een of twé Afgevaardigde stuur, om ook verslag te gé-

VII. Jongelinge van onder die 20 jaar kan ver hulle ook sulke Takke oprig, vollens dieselfde Bepalings.

VIII. As op 'n plek Jongelinge genoeg is, dan beveel die Genootskap an, dat hulle liewers aparte Takke oprig. As dit mo'entlik is, dan moet hulle President daarom ou'er wees as 20 jaar.

Veel takke is daar daarom nie opgerig nie. Daar is mar 2 in die Kolonie gestig, en een in Transvaal, terwyl 'n plan wat op twe plekke in die Vrystaat bestaan het om Takke op te rig tot nog toe nie uitgevoer is nie.

Waarom is dit te wyte dat die lede en Takke van die Genootskap sig nie in gelyke mate uitgebrei het met die uitbreiding van die werk en die beginsels van die Genootskap?

Is die Reels nie goed nie? Sommige artikels is wat moeilik. Mar die kon hersien en verander worde.

Of is onse boerebevolking nog nie ryp ver sulke vereniging nie? Ontbreek dit hulle an leiders? Die laaste is die waarskynlikste oorsaak, daar diegene wat gewoonlik voorgaat in alle publieke sake, hier en daar 'n Engelsman of Hollander op die dorpe, dit juis nie

in hulle belang vind dat die Afrikaners self so opgekweek word tot selfstandige handeling nie.

Hoe dit sy, die feit is daar, dat die Genootskap self op laas nie meer uitgebrei het nie. Waartoe dit nodig is, weet die Heer, die tot nog toe so sigbaar die saak bestuur en gelei het. En as 'n herlewing ook daarin nodig is, dan sal die Heer dit wel op syn tyd gé.

IV. Ons toekomstige landstaal.

Dat die Afrikaanse taalbeweging na die hart van die *bevolking* was, blyk uit die snelle toeneming van die *Patriot*, terwyl andere tydskrifte met moeite deur kerkelike en burgerlike autoriteite opgehou moet worde; uit die rasse uitverkoop van alle boeke deur die Genootskap uitgege, terwyl die hele Geref. Kerk nie in staat was om leeslus op te wek deur hulle Boekvereniging nie.

Mar sou dit ooit in hogere kringe ingang vinde, of erkend worde? Eers het dit nie so gelyk nie. Daar was 'n algemene swygende veragting en miskenning. 'Dit sal syn eie dood sterwe!' seg die een. 'Dis mar 'n klein klompie domme gekke!' roep 'n ander. En as dit van menselike mag afhankelik was, dan het hulle die hele saak dood geswyg.

Mar toen die saak so met rasse skrede vortgang maak by die bevolking, werd die hoge here verplig om daarvan kennis te neem. Die eerste openlike kennismening daarvan was in

Hoofregter De Villiers syn voorlesing

wat ons hier in syn geheel vertaal.

Redevoering

van Hoofregter J.H. de Villiers, op die Jaarlikse Vergadering van die Openbare Boekery in die Kaapstad, gehou op 13 Mei 1876.

Dames en Menere, - By die oerlees van die toesprake van die manne van onderskeiding, wat myn op die plaas voorgegaan is, het dit myn andag getrokke, dat hulle met weinige uitsonderings, begin met 'n verontskuldiging ver hulle onderneming om voor te sit by een van die jaarlikse vergaderinge, of met 'n betuiging van leedwese, dat die keuse van die com-

missie nie op 'n bevoegder persoon geval is nie. As so 'n verontskuldiging ooit nodig was dan is dit verseker in myn geval, omdat myn vak en vroegere werksaamhede, mar 'n slegte voorbereiding verskaf het ver die moeilike taak om 'n gemengde gehoor van dames en menere in 'n gemaklike en algemeen gewilde styl toe te spreek oer 'n onderwerp wat an letterkunde, wetenskap of kuns verwant is. Egter kan ek nie gemoedelik verklaar dat ek die keus van die commissie betreur nie want niet teenstaande die tekortkominge waarvan ek goed bewus is, verbly ek myn oer die geleenheid om enige woorde in die openbaar te se oer 'n saak, waar ek groot belang in stel, en wat na myn mening in 'n belangryke ververhouding staat tot die toekomstige ontwikkeling en welvaart van myn landgenote.

Die onderwerp, wat ek ver'n beknopte behandeling gekies het, kan kort saamgevat worde in die vraag: watter taal sal waarskynlik in die toekoms die (taal) van Suid Afrika wees? En met te praat van die taal van Suid Afrika bedoel ek die taal van die massa van die bevolking, nie alleen met inbegrip van die amtenare, die wat in koophandel betrokke is, die vakkundige en ander verstandelik ontwikkelde klasse nie, mar oek die landbouwende bevolking en arbeidende klasse. Sal die taal van Holland syn heerskappy suiwer en onbevlek weer herstel? Of sal dit wees die taal van Holland, soos dit veranderd, of, soos sommige seg, bedorwe is deur die anraking met die taal van Engelse, Duitsers, Maleiers en Hottentotte, of deur die langsame gang van spraak verwisseling en klank ontbinding? Of sal die Engels oer albei voorgaande segevier? Ver die meeste sal die antwoord op die vrage regte eenvoudig lyk. 'Dit is 'n Engelse kolonie' sal hulle se, 'en vroeger of later moet Engels die taal van die bevolking worde.' Met so te redeneer vergeet hulle egter dat die moedertaal van 'n land sig nie nes 'n ou verslyte stuk klere lat weggoi as dit uitgedien het nie; dat daar baing jare toe nodig is, eer 'n vreemde taal an 'n hele volk kan geleer worde, dat daar veule geslagte moet verbygaan voordat hulle daarme eie kan worde, en dat selfs na daarme eie te wees oue herinnerings en vooroordele voortdurend sal saam werk om die indringer teen te staan. Tot nog toe - hoe ongelooflik dit mag lyk - is daar mense, gebore, opgevoed en woonagtig in die Hooglande van Skotland en in Wallis, wat die Engelse taal nie verstaat of spreek nie. In Canada verstaat en spreek 'n gedeelte van die bevolking slegs Frans. In sommige wyke van die Elzas, wat omtrent twe ewe deur die Franse beset was, praat die landbouwers net Duits, en in 'n gedeelte van Friesland is die taal wat die bevolking spreek,

glad onverstaanbaar ver die ingesetene van ander provinsies van Holland. Dit is die boerebevolking wat altyd die meeste vashou an 'n taal, en ons land bestaan hoofsaaklik uit 'n boerebevolking.

Ek moet egter nie verstaan worde as of ek die onmogelikheid wil bewys dat een taal nie deur 'n ander kan verdring worde nie. As dit myn stelling was, sou dit ver myn onnodig wees om 'n woord meer te se, omdat die redelike gevolgtrekking onvermydelik sou wees dat Kaaps-Hollans, wat die taal is van die massa van die boere bevolking van die kolonie, deur gen ander kan of sal opsy gesit worde nie. Myn doel was meer om in die begin an te toon, dat die vraagstuk, wat die onderwerp van die verhandeling uitmaak, nie so gemakkelijk op te los is as party mag denk nie.

Daar is ongetwyveld voorbeelde gewees van hele volke, wat hulle eie taal ver 'n vreemde lat vaar het. Soms het die taal van 'n verowerende volk, die van die verowerde volk glad verdring. So het byv. die taal wat in England ingevoer is deur die Angele, Saksers en Jutte, die van die ou Britte, an wie 'n Celtise tongval eie was, vervang. Hier en daar is enige kwynende kentekens van die al oue taal gebly soos tot onlangs in Cornwall, mar op die ou end het Angel-Saksisch of Engels die oerhant behou. So het die Latynse taal sig oek gevestig in vele van die Europese lande, wat onder die Romeinse heerskappy gebring was. Voor die oerwinning deur die Romeine van wat nou Frankryk is, het die ingesetene 'n soort van Celtisch gepraat, mar in ongelooflike korte tyd het hulle met die wette en instellings van Rome oek syn taal aangeneem. Daar het die veroweraars weer die taal van die verowerde aangeneem. Die Franke, 'n Teutonise ras, het Frankryk oerstroom na die val van die Romeinse Ryk en die taal aangeneem wat deur die inwoners gesproke is, en slegs enige Teutonise woorde, spreekwyse en maniere van uitdrukking behou. Gedurende drie ewe na die Normaanse verowering van Engeland, was Frans en Engels neffens makkaar in gebruik, totdat eindelijk Engels die taal van die verowerende nasie lat wyk het. Mar ons hoef nie ver na ophelderende voorbeelde te soek nie. In die Westelike distrikte van die Kolonie het die taal van die oorspronklike bewoners reeds plaas gemaak ver die KaapsHollans en in die Oostelike distrikte ge dit langzaam mar seker pad ver die vaste vooruitgang van Engels en Kaaps-Hollans.

Wat waar is van nasies en volksstamme, is oek waar van grote partye landverhuisers, wat sig in lande neerset waar 'n taal gesproke word wat verskil van hulle eie. Die Hugenote, wat na die intrekking van die Edict van Nantes teen die

einde van die 17de eeu uit Frankryk gevlug is, het geredelik die taal geleer van die lande waarin hulle afsonderlik gaat woon het en meesal het hulle afstammeling die kennis van hulle moedertaal verloor. Die abt De la Caille, wat ver sterrekundige ondersoek die Kaap besoek het, 60 jare na die aankoms van die Franse vlugteling, leg die vollende persoonlik opgedane getuigenis af. Na die vlakte van Drakenstein, in die buurte waarvan die Hugenote hulle eers neerge set het, beskrewen te he, seg hy:

‘Met betrekking tot die vlugteling, hulle het die Franse taal bewaar en an hulle kinders geleer; mar omdat die (kinders) verplig was Hollans te praat, gedeeltelik omdat hulle al hulle sake moes doen met Hollanders en Duitsers, wat Hollans praat, en gedeeltelik omdat hulle getroud of verwant is met Duitsers en Hollanders, het hulle kinders gen Frans geleer nie, sodat, nou daar gen oorspronklike vlugteling oorgebly is nie, dit slegs hulle kinders is wat Frans spreek, en die is algar oud. Ek het gen enkel persoon gesien wat onder die 40 is en Frans praat as hy nie self uit Frankryk gekom is nie. Ek kan egter nie met sekerheid verklaar dat dit algemeen die geval is nie, mar deur die wat Frans praat is myn versekerd, dat daar in 20 jare gen persoon in Franshoek sal wees wat die taal sal kan praat nie.’

As hulle in plaas van 20 die Abt 50 opgege het, sou die voorspelling ten stelligste bewaarheid wees. By die begin van deuse eeu was die kennis van die Franse taal heeltemal verlore onder die Afstammeling van die Hugenote, en as daar nou onder hulle is wat Frans verstaat of spreek, mog hulle dit van hulle Franse meester geleer, mar verseker nie van hulle voorvaders geërwe he nie.

Dis dan duidelik dat in die kolonie die tale van die oorspronklike bewoners ten ondergang gedoemd is, en dat die Frans nie sal herlewe nie; mar dis nie net so duidelik, watter taal die plaas sal inneem nie. Twee of meer Europese tale mag 'n tyd lang neffens mekaar bestaan, mar dit vereis gen profetise blik om te voorspel dat ten slotte die een die ander sal verdring nie. Die vraag is watter sal dit wees?

Sestig jaar gelede is met sekerheid voorspeld dat Hollans, dit wil se die taal van Holland, as onderskeie van die Kaapse taal - die meester sou bly. In die tyd - sover as 'n mens kan oordeel na die skrale literatuur van toen - was die strydvlustigheid tussen die voorstanders van Engels en Hollans ten toppunt geklim. Die Hollandse party beskou dit as 'n teken van vaderlandsliefde om Hollans te praat en vort te plant. Die Engelse party van hulle kant ag dit 'n blyk van

getrouheid an England om Engels te praat en vort te plant. Langsamerhand egter het die hewigheid van die gevoel bedaar; mar dis tog nie uitgesterwe nie. Toen an die end van 1825, die Hollanse ‘Tydschrift’ uitloop het die Engelse *Chronicle* 'n juigtoon lat hoor in die vollende bewoordings:

‘Othello het uitgedien. Oerlede in die ouderdom van van 365 da'e. ‘Het Nederduitsche Zuid Afrikaanse Tydschrift’ diep betreurde deur die lui van die kaap, wat van voor die Sonvloed dagteken en die afstammelings van VanRiebeeck, wie syn geskifte deur die oerledene diep bestudeerd was, en wie syn wapen onlangs an die stadshuis van Syne Majesteit George IV hernuwd is. Die afgestorwene had 'n eienaardige geneigheid en humeur, en ofskoon opgepas en as ware getroetel, in die wieg van die Regering geskommel en die geswore seun van Groot Brittanje, het hy egter nooit die lippe oopgemaak tot lof van syn (Brittanjes) sede, gewoonte en taal.’

Hulle pligplegings in plaas van die voorstanders van Hollans te ontmoedig het hulle angespoor tot grootere bedrywigheid, en die ontslape tydskrif sien toen weer die lig, onder 'n veranderde titel. Dit werd egter gevoeld dat die bederf wat die Hollanse taal ondergaan het, 'n grote struikelblok was op die pad van syn algemene verspreiding, en syn ondersteuners het toen getrag, om hom van vervalsing te suiwer, in andere woorde, om die taal van Holland vry van koloniaal vermengsel te herstel. Als 'n eerste stap om die doel te bereik, onderneem 'n seer geleerde professor om 'n boek te skrywe, waarin die barbaarsheid van Kaaps Hollans ten toon sou gesteld worde, en waarin die mense van die kolonie moes leer om nie alleen goeje Hollans te lees nie mar oek te skrywe - kort gesege, 'n boek wat die wonderdadige uitwerking sou he, om die een taal ver 'n ander in die plaas te stel, as die moedertaal van die volk. Die denkbeeld werd in 1840 opgevat. In 1844 verskyn dit onder die titel: ‘De Hollandsche Taal in Zuid Afrika hersteld,’ mar in plaas van an die eersugtige oogmerke van syn bewonderaars te voldoen, was dit 'n gewoon taalkundige leerboek, met hier en daar een paragraaf wat die Kaapse taal aanwys, en met 'n aanhangsel van 'n lys van woorde wat an die Kaap gebruikelik is, mar in Holland nog nie ver gelauterd deurgaen. Die voorrede egter verklaar die verandering van die plan. Nadat die skrywe syn oorspronkelik in die oog gehoue doel vermeld het, gaat hy so voort:

‘Wy kunnen dit niet ter neder schryven, zonder zelf te glimlachen om het denkbeeld, dat wy ons, by den aanvang dezer onderneming, misschien diets maakten, dit te *kunnen* doen. Drie jaren en zes maanden zyn er sedert verlopen; en in dien tusschentyd hebben wy zoo veel nieuwe proeven van onverschilligheid, ten aanzien van de Hollandsche taal, opgemerkt, dat wy nu althans over de mogelykheid om het kwaad te stuiten, geheel anders denken. Thans beschouwen wy de taal, waaraan wy onze moeite besteden, gelyk een geneesheer een ongeneeslyken lyder, wiens kwaal in hare verderflyke uitwerkingen wel eenigzins kan gematigd, wiens gewissen dood wel eenigen tyd kan vertraagd worden, maar op wiens volkomen herstel niet meer te hopen valt.’

In die boek selfs stem die skrywer egter toe dat die beskaafde klas o'eral hulle bes doen om die kenmerke van die Kaapse spraak af te le, en dat veel van die opgenoemde voorbeelde in die boek van die platte taal van die Kaap by die onbeskaafde klas tuis hoort. Hy voeg daarby dat wie grammaties praat, geseg word hoog Hollans te praat, en dat 'n Engelsman wat Hollans praat, dit altyd doet in die platte taal van die Kaap. Van 1844 tot nou is die onverskilligheid waaro'er Dr. Changuion klaag eer toe - as afgenome, terwyl, as hy nog hier was, hy nie langer die troos sou smaak om te denk dat die beskaafde klas die Kaaps-Hollanse spreekmanier laat bly nie. Hy sou integendeel bevinde dat wat verkeerdelik Hoog Hollans genoem word, byna geheel uit die gewoon gesellig omgang verbanne is, en dat selfs op die preekstoel, die jongere geslag van Nederd. Ger. predikante nie altyd na die taalkundige suiwerheid streef, wat die ou'e geslag onderskei en wat nog van 'n predikant in Holland verwag word. Selfs die imigrante, wat uit Holland hiernatoe kom, neem die Kaapse taal an, en hulle kinders leer gou by voorkeur om te praat in ons sagte en gemaklike taal, as in hulle hardklinkende moedertaal. Dit kan te wyte wees an die klein getal van imigrante wat na Suid Afrika kom, mar daar bestaan gen waarskynlikheid dat 'n genoegsame grote stroom van landverhuisers uit Holland hierheen sal vloei, om invloed te he op die toekomstige taal van die land nie. Daarom, geoordeeld na die ondervinding van verlope ty'e, en die strekking van die teenwoordige, kan ons veilig tot die slotsom kom dat Hollans nie die bestemming het, om die toekomstige taal van Suid Afrika te worde nie.

Inderdaad, ons hoor oek nie meer van pogings om die Hollanse taal in Suid Afrika te herstel nie.

Mar weinige van julle sal misskien weet, dat in sekere plase op die o'enblik kragtige pogings aangewend word, om an die Kaaps-Hollanse dialek 'n voordurend bestaan te verskaf, deur dit te erken, en as die letterkundige taal van Suid Afrika an te neem. 'n Maandblad genaamd de 'Patriot' is begonne, wat verklaar alleen die taal te gebruik, en ek verneem dat die bevorderaars van die blad voornemens is, om 'n Geskiedenis van die Kolonie en 'n Bybelvertaling in dieselfde taal uit te ge. As dit die doel is van die vereniging om die verstand en hart te tref van diegene ver wie iedere andere taal onverstaanbaar is, dan kan daar niks meer prysenswaardig wees nie. Mar dit skyn my twyfelagtig toe, om die minste te se, of daar enig ansienlik gedeelte van onse bevolking is wat nie goed Hollans kan verstaan nie. Hoe verbasterd die Kaaps Hollans oek is, meen ek, dat wie genoeg geleerd is en verstand het om dit te lees en te verstaan, oek in staat sal wees om taalkundig Hollans te begryp. Sonder twyfel, moet die behoefte van die Hollans-sprekende Koloniste nog ver 'n lang tyd deur andere, dan Engelse korante vervuld worde, mar dit is my nie bewus nie, dat die bestaande Hollanse korante, wat tot dus ver met soveul bekwaamheid, billikheid en gematigheid bestuur is, nie in staat is om an die behoefte te voldoen nie, en hulle redakteure het dit tot nog toe nie nodig geag, om af te daal tot die gebruik van Kaaps-Hollans, alleen om hulle verstaanbaar te maak. Oek is dit myn nie bekend, dat die Hollanse vertaling van die Heilige Skrif ver enig aansienlik deel van die Hollanssprekende ingesetene van die Kolonie onverstaanbaar is nie. Die taal van die o'ersetting, soos die van die gewettigde Engelse o'ersetting en Luthers Duitse vertaling is so eenvoudig en te gelyk so suiwer, dat dit moeielik is om te glo in die noodsakelikheid van 'n ander oersetting wat meer bevattelik sal wees, of ver die hogere of ver die lagere stande. Natuurlik gaat die vraag myn nou nie an, of 'n mens nie nader sou kon kom tot die oerspronkelike, o'reenkomstig met die werke van die hedendaagse kritiek, mar alleen die vraag: is die taal verstaanbaar of nie? So geheg is die Engelse. Protestante an die vertaling, wat as die 'Bybel van Koning Jacobus' bekend is, dat ofskoon die getal van woorde of menings van woorde wat in die Bybel voorkom, en wat sedert 1611 in onbruik geraak is, 'n vyftiende deel is van die getal woorde wat in die Bybel gebruik worde, ieder voorstel om in plaas daarvan 'n verbeterde o'ersetting uit te ge en wat meer met die teenswoordige taal van England oereenkom, na ek meen, met weinige anmoediging of goedkeuring van die kant van die Engelse volk ontvang sal worde. In alle

geval sou gen Engelsman, wat die waardigheid van die Bybel op prys stel, in eens voorstel om daar 'n nuwe vertaling van te maak in een of ander *patois* wat in enkele streke gesproke worre, op grond dat die bestaande gewettigde vertaling nie volkome verstaan word nie. Die Duitse Protestant klem hom vas met liefde, nie onvermeng met trots, an die beroemde vertaling van Martin Luther, en hy sou sig erger as 'n man sou trag om daarvoor 'n vertaling in plat-Duits, ten nutte van die lagere klasse, in die plaas te stel. Die Hollandse gewettigde vertaling het wel is waar enige veranderings ondergaan in die spelling en in enige taalkundige opsigte, mar in die hoofsaak het hy die taal en die grammatiese styl behou wat daaraan gegee is deur die nougesette vertalers, wat deur die Dortse Synode van 1619 benoemd is. Dit is ver onse Suid-Afrikaanse Patriotte bewaard om te ontdek, dat daar 'n diepte van eenvoudigheid is, selfs bowe die wat deur die Hollandse o'ersetting bereik is, en dat in ons midde 'n klas van mense bestaan, wier onnosel gemoed en swak verstand nie getroffe kan worde, sonder (as ek myn so mag uitdruk) die Heilige Skrif tot hulle maatstaf te lat neerdaal. Wat myn betref, glo ek nie dat die Hollans sprekende inwoners van die Kolonie, tot die staat van verstandelike verlaging afgedaal is nie, mar selfs al was dit, dan sou dit 'n veel edeler en nuttiger werk wees om hulle verstand op te hef dan om die enige boek te verdring, wat om syn algemene lesing onder ons nog 'n maatstaf van juiste, suiwere en egte Hollans bewaar. Ver wetenskaplike einde sal dit seker nuttig wees, om die bewyse te bewaar van die grote verandering wat die Hollandse taal ondergaan het deur dat dit o'ergeplant is van Holland na die Kolonie. Die bevorderaars van die so ewe genoemde beweging sou op dieselfde wyse 'n goeie diens doen om 'n versameling te maak van die brokkies grappige en o'erspronkelike digstukkies, wat o'eral in die land te vinde is, en waarvoor die taal nie so ongeskik is nie. Mar as die nuwe Suid-Afrikaanse letterkunde ten doel het, om die verspreiding van Engels te'en te hou, en die invoer van Hollandse letterkunde te belet glo ek dat dit 'n misslag is, en op die end sal blyk 'n mislukking te wees. Dit is ydel om te verwag dat Kaaps-Hollans gou, indien ooit, 'n letterkundige taal sal worde, in die hoogste sin van die woord, bekwaam om in 'n wedyver vol te hou met Hollans of Engels. Omdat dit arm is in getal van woorde, swak in syn verbuigings, gebrek an juisheid van mening en ongeskik om denkbeelde uit te druk verbonde met hogere gedagtensfere, sal dit 'n grote wysiging moet ondergaan, voordat dit 'n letterkunde sal voortbring wat die naam

verdien. En die krag en bekwaamheid, wat verspild sou worde om die taal so ver te bring, sou nuttiger besteed worde in die toeëigening van die ryke en heerlike taal, wat voor ons gereed le as 'n taal met 'n letterkunde van die eerste rang. Die slegste kenmerk van die nuwe beweging is dat dit 'n beroep doet op die vaderlands liefde van die koloniste om hulle ondersteuning te verkry alsof vaderlandsliefde alleen bestaan in die behoud van die gebruike, van ons voorvaders, en dit daar nie op an kom of sulke gebruike dit werd is om behoude te worde nie. Dit sal verwas 'n dedeliker vaderlandsliefde wees as die geestelike toestand van ons landgenote verbeter en opgehulp word deur hulle die uitgestrekte hulpbronne van verstandelike rykdom oop te stel, wat die studie van die Engelse letterkunde moet onthul. En as enige vooroordele hulle in die weg staat zou die ware Patriot dit bestry, selfs op die gevaar af van syn eie populariteit te verlies, net mar om syn landgenote nie te lat agterbly in die wedloop na beskawing en geestelike verbetering nie. Dog dis waarlik misbruik van woorde, as gepraat word van patriotisme in verband met die onderwys. Die Franse kolonis van Canada of die Hollanse kolonis van die Kaap, bemin syn eie land nie so veul te meer omdat Frans of Hollans syn moedertaal is nie. Die Australiër of die Canadiër van Engelse afkoms bemin syn eie land nie minder omdat Engels syn moedertaal is nie. Die Amerikane het Engels gepraat voor die onafhankelike-oorlog; egter het hulle op manmoedige wyze hulle regte gehandhaaf teenoer die Regering en Parlement van Groot Brittanje. Toen hulle hulle onafhankelikeheid verworwe het, het die gebruik van die Engelse taal hulle nie verhinder om een van die vernaamste mededingers van die moederland te worde nie. Ek siet dus gen gevaar ver die patriotisme van Suid Afrikaners, of hulle al in die Kolonie of een van die naburige State woon - as hulle sal ophou om 'n Hollanse dialek te spreek nie. Alle eer an die land, natuurlik (physiek)so klein, sedelik so groot, wat die eerste beskawing in Suid Afrika gebring het. Ek wens dikwils dat die geskiedenis daarvan, hier meer bestudeer word, veral deur hulle, wat tot die land opsiet as die voorbeeld ver ons tot navolging. Mar dis ongelukkig te waar, dat die geboorte plaas van die godsdienstige en burgerlike vryheid die indirekte middel was om in hulle Kolonies die grofste vorm van dwingelandy (despotisme) daar te stel. As die staatsliede van Holland onmiddelik verantwoordelik was ver die goeje bestuur van hulle Kolonies, dan twyfel ek nie of die sake

sou glad anders gewees hê. Dog die bestuur van die Oos-Indise besittings was toevertrou an 'n handelsmaatskappy, wat hulle weinig bekommer het om die sedelike, verstandelike of stoflike vooruitgang van die ingesetene, solang as die maatskappy mar alleen handel kon drywe en an die andeelhouders 'n grote wins kon oplewer. Die Kaap die Goede Hoop, as een van die handelstasies van die maatskappy, val direk onder die bestuur daarvan. Ver anderhalwe euw het hulle die wanbestuur oer die land uitgeoefen, in sulk 'n omvang dat die kwaje gevolge van hulle wanbestuur nog merkbaar is. As julle ver die bewering bewyse wil he, lat myn julle dan verwys na die uitstekende voorlesings van die geleerde Regter en ware Patriot, die vroegtydige dood van wie nog betreurd word deur die lede van syn vak in die hele Kolonie, ek bedoel o'erlede Regter Watermeyer.

Verseker het ons Hollanse regeerders weinig anmoediging gegee ver enige taal behalwe hulle eie. Ek het reeds gewag gemaak van twee oorsake, waar an die abt de la Caille die afnemings en tragsgewyse vernietiging van die Franse taal onder die nakomelinge van die Hugenate toeskryf. Hy kan daar gerus 'n derde en kragtiger, as een van die twee, bygevoeg het. Dit was die vaste besluit en die bepaalde politiek van die Kamer van XVII, soos die algemeene Raad van Bestuur van die Hollanse Oos-Indise maatskappy genoemd is, om die gebruik van die Franse taal slegs in sover te gedoge as volstrek noodsaakelik was, en om die uitbreiding daarvan geheel en al te verhinder, en die plaselike raadslede an die Kaap was nie traag om die wense van hulle meerdere uit te voer nie. Die waarheid van die bewering word ten volle gestaaf deur die oue argiwe van die kolonie; dog ek sal myn te vrede stel met seer weinige anhalings.

In die jaar 1701 skryf die plaselike Raad an die Kamer dat die Franse predikant, Pierre Simon op die punt staat van uit die Kolonie te vertrek en dat hulle tog 'n ander predikant in syn plaas moet uitstuur. Die antwoord, gerig an gouwerneur van der Stel, en ondertekend deur al die lede van die Kamer, was gedagtekend 20 September 1701 en luid aldus:

‘Ons veronderstel nie dat die Eerw. Pierre Simon die Kolonie sal verlaat voordat 'n ander predikant kom om syn plaas in te neem nie. Deur die Kamer van Amsterdam sal iemand uitgestuur worde wat die Hollanse en Franse tale verstaat, nie, soos ons dit verstaan, om in die laasgenoemde te preek nie, mar slegs om die oue koloniste, wat nie ons taal verstaan nie, te besoek te vermaan en te troos. Deur sulke middele sal dit ons naderhand geluk om die

taal te vernietig en, as ware, verban van die plaas, en met die doel in die oog sal jy sorg dra, dat die skole ver gen ander of verder doel sal gebruik worde nie, as om die jeug ons taal te leer lees en skrywe’.

Na 'n sorgvuldige deurlesing van die ou oorkonde vind ek gen vormeel besluit, wat deur die Raad geneem is na die ontvangs van die boodskap nie, mar in hulle antwoord van 3 Februarie 1702, wat 'n belangrik verslag bevat van die maatskappelijke en geldelike toestand van die volkplanting, kom die vollende voor: - ‘Wy zullen zorg dragen, dat door middel van de Hollandsche taal in de Kerk en school te Drakenstein, de Fransche taal in onbruik zal raken onder de leden der gemeenten, en dus in den loop des tyds geheel zal worden uitgeroeid; en dit zal des te gereeder geschieden, dewyl er geene Fransche scholen meer zyn.’ Die Raad het sig an die belofte gehou en gen geleentheid ongebruik lat verby gaan om die Franse taal te ontmoedig en selfs te verbiede nie. So vind ek dat in Desember 1709, by die ontvangs van 'n brief in Frans, van die kerkraad van Drakenstein, waarin die name werd an die hand gegee van sekere persone, as geskik en bevoeg om gekies te worde as lede van die Kerkeraad, die Raad die vollende besluit geneem het: - ‘Dat den Kerkeraad worde verwittigd dat dezelve voortaan geene brieven zal mogen schryven aan de Regeering in de Fransche taal; maar dat dit zal moeten worden gedaan in de Hollandsche alleen.’ Uit wat ek gesien het omtrent die Hollanse Oos-Indise maatskappy, blyk dit duidelik dat ons mar 'n uiters geringe dankbaarheid verskuldig is an die nagedagtenis daarvan; en die bitjie wat ons daaran verskuldig is, sou ons slegs ongenoegsaam af betaal deur 'n taal in stand te hou, wat in die ore van die Direkteure hateliker sou geklink hê as die Franse, en barbaarser as die Engelse self. Dog ek glo nie dat dit instant sal gehou worde nie. Gedurende verskeie geslagte mog die twe tale meer of min same, naas makkaar woon; dog op die end sal die geskikste die langsewende wees.

Langsamerhand wyk die oue vooroordele teen Engels ver verstandiger insigte. Die jongste onder ons kan sig waarskynlik die tyd herinner, toen dit as 'n soort van heiligskenis sou beskou wees om voor te stel dat 'n preek in die Engelse taal sou uitgesproke worde in die Hollans Gereformeerde Kerk hier in die stad, terwyl ons tans bevind dat 'n Engelse diens net so gereeld gehou word as 'n Hollanse. In menig sogenoemde Hollanse huishouding is Engels die huistaal van die familie, en namate die ankomende geslag opgroeï, kan verwag worde dat die neiging sal toeneem. In die Hoofstad van die Oranje Vrystaat self word, soos ek van

geloofwaardige syde verneem het, Engels net so veul gehoor in gewone gesprekke as Hollans, ja deur die Vrystaatse bevolking word stellig beweer, dat Engels juister en algemener gesproke word in Bloemfontein as in die Hoofstad van ons Kolonie. As ons 'n blik slaat op die letterkunde wat in ons Kolonie ingevoer word, bevind ons, dat die Engelse boeke in getal al die oerige saam geneem, oertref. In die buite dorpe, wat openbare boekerye het, maak die Engelse boeke die grootste gedeelte van die versameling uit. In hierdie boekery self, wat kan beskou worde as in sekere mate die smaak van die lesend publiek van die volkplanting an te dui, is die eweredigheid van Engelse teen Hollanse boeke soos 9 teen 1. Oek moet 'n mens sig hieroer nie verwonder nie. Die praktise nut van 'n taal sal altyd die grootste waarborg wees ver die verspreiding daarvan. By belanrike handelstransaksies en offisele briefwisseling is die gebruik van Engels so goed as onmisbaar geworde. Die strenge noodsakelikheid vereis buitendien 'n kennis van die Engelse taal van die wat hulle land wens te verteenwoordig in die Parlement, of te praktiseer in Geregshowe, of lede te worde van afdelingsrade en Municipaliteite of bevoeg te worde ver die amp van Vrederegter, of sig te wy an die edele betrekking van onderwyser van die Koloniale jeug. Dog, onafhankelik van die praktise nut van 'n taal sal die aangebore rykdom en krag daarvan, dit 'n onmetelike voordeel verskaf bowe die armere en swakkere, wat daarme wil wedywer. Op welsprekende wyse is angemerkt deur Donaldson in syn *Varronianus*, dat, 'n taal ons alleen dierbaar is, as ons die vermoge daarvan ken en wanner dit as geheilig is deur 'n duisend betrekkings met onse beskawing, ons letterkunde en ons gerief. So lang as dit mar die onduidelike uitings lispel van half opgevoede mense, het dit gen vat op die harte van die wat dit praat nie, en word dit geredelik verontagsaam of verworpe ten gunste van 'n beskaafder taal, wat, terwyl dit name vind ver die, te vore onbekende, weeldrighede van die beskawing, oek die gemeenskap open met die wat optre as die ankondigers van sedelike en verstandelike wedergeboorte' Ver die waarheid van die opmerking strek as voorbeeld die bereidwilligheid, waarme die ou Gallen die taal van die Romeine aangeneem het. Dis ongetwyfeld waar dat die taal van 'n nasie meer die gevolg as oorsaak is van hulle verstandelike hoedanighede, mar dis net so goed waar dat die verstandelike vooruitgang van 'n nasie groteliks onder die invloed staat van die taal wat hulle gebruik, of hulle dit van hulle voorouders geërwe of van 'n ander ras aangeneem het. 'Die mense,' seg Lord Bacon, 'glo dat hulle rede meester is oer hulle woorde, mar dis

oek waar dat die woorde 'n wederkerige en terugwerkende krag uitoefen op ons verstand'. Kan die taal van 'n volk dan 'n onverskillige saak wees ver die wat die volksbelange ter harte gaat? As dit waar is dat ons woorde 'n wederkerige en terugwerkende krag op ons verstand vermogens uitoefen, dan is dit seker 'n saak van die grootste belang dat dit heel noukeurig in mening, en instaat moet wees om 'n wye reeks van onderwerpe te behandel en nie te kort skiet om uitdrukking te ge an die gedagte van grote denkers nie. Waar die hoedanighede in die ou taal ontbreek, mar in die nuwe in oervloed anwesig is, is dit gen anmatiging om te voorspel dat die eerste ver die laaste sal wyk nie. Denkbeelde wat in die oue taal nie kan uitgedruk worde nie, vind gereede toegang deur in die nuwe ingekleed te worde. In die loop van die tyd word die nuwe taal ingewewe met die dagelikse lewe van die volk, en inplaas van as 'n indringer beskoud te worde, word dit ver hulle van netso veul waarde as ver diegene by wie dit syn oorsprong gehad het. As 'n afgetrokke stelling sal nimand dit betwyfel nie, dat dit goed is ver 'n volk om een gemeenskappelike taal te praat. Die bedrywighede van die lewe is so dringend en die natuurlike vadsigheid van die mens so groot, dat dit ydel is om te verwag, dat 'n groot gedeelte van die bevolking instaat sal wees om twe of meer tale meester te worde. Solang egter as verskillende klasse verskillende tale spreek, kan op die duur gen gemeenskappelike van belange tussen hulle bestaan nie. Met so veule elemente van onenigheid wat onder ons betreklik klein en wyd verspreide bevolking bestaan, sou dit ver hierdie land 'n werklike voordeel wees, as die tegenpartydigheid wat uit 'n verskil van taal gebore word, heeltemal kan weggeruimd worde. In die teunswordige tyd verkry die kwessie, wat ek nou bespreek, meer as gewone belangrikheid. 'n Onbepaalde sug na 'n nouwere vereniging van die onsamehangende brokstukke van Europese bevolking is oer die land gevare. Die begeerte na 'n Confederasie van die verskillende state van Suid-Afrika win langsamerhand veld. By sommige neem die denkbeeld die vorm an van 'n gebied onder die Britse Kroon; by andere die van 'n Confederasie van onafhankelike state. Ek sal die kiese en verbode grond van staatkunde nie betre nie, mar dit wil ek sê, dat die voordele van 'n gemeenskaplike taal ewe groot sal wees, of ons oek al 'n Suid Afrikaanse gebied onder Britse vlag, of wel 'n unie van anafhankelike state onder die Suid Afrikaanse vlag sal hê. Wat die toekoms sal baar kan nimand van ons

sê nie. Op syn allerbeste geneem is onse verstandelike gesigskring so beperk dat ons daar meer dikwils in feil as slaag om die volledige werking te ontdek van al die omstandighede, wat die stilswygende gebeurtenisse van die toekoms in syn vorm kne. Plotselinge rampe goi oek dikwils die sorgvuldigste berekeninge omver. Mar sulke o'erwegings hoef ons nie trug te hou van die studie van die tekene des tyds, en van ons kennis en ervaring van die verledene op die waarskynlikhede van die toekoms te lat gelde nie. Daar is iets gewonne, as ons op die manier instaat is om ons self gereed te hou, en ander te versoek om hulle oek gereed te hou ver naderende gebeurtenisse, waarvan ons die donker skaduwe vooraf siet gaan, en daar sal niks verlore wees, as ons verwagtings nie ten volle verwesenlik word nie. En as dit as 'n daadsaak mog blyk, dat die loop van gebeurtenisse eenvormig in een en dieselfde rigting gaat, sou dit ons plig kan wees, om te doen al wat ons moegelik is om die stroom te stuit, of dit sou 'n verstandiger gedragslyn kan wees om die onvermydelike an te neem; mar dit sou klinkklare dwaasheid wees om die oge te sluit ver die bestaan van die daadsaak. Om die opmerkings toe te pas op die vraagstuk waarvan ek uitgegaan is, het ek daar slegs by te voege dat al die feite en argumente, nou deur myn bygebring, ver myn lyk op die slotsom te wys, dat die tyd nog ver verwyderd is, waarop die ingesetene van ons Kolonie een algemene moedertaal sal spreek en erken; dat dit egter ten laaste sal kom en dat as dit kom die taal van Groot Brittanje oek die taal sal wees van Suid Afrika.

Daar is veel in die Voorlesing waarme ons hartelik instem, en wat nie weinig bydraag om onse hande te sterk nie, byv. die vollende punte:

1. Dat die landstaal 'eene belangryke verhouding het tot de toekomstige ontwikkeling en welvaard' van die inwoners.
- 2! 'Dat de moedertaal van een land zich niet als een afgedragen kleed laat wegwerpen als het heeft uitgediend.'
3. 'Dat er vele jaren toe noodig zyn, eer een vreemde taal aan een geheel volk kan worden geleerd; dat vele geslachten moeten voorbygaan vóór dat het er mee eigen kan worden; en dat zelfs na er mee eigen te zyn oude herinneringen en vooroordeelen steeds zullen samen werken om de indringster te wederstaan.

4. Dat daarvan duidelike voorbeelde is in Skotland, Wallis, Canade, Elzas, en Friesland.
5. 'Dat het de boerenbevolking is die steeds zich het meest vast klemt aan eene taal en dat ons land hoofdzakelyk uit eene boerenbevolking bestaat sodat verdringing van die landstaal hier zwaarder zal gaan as ergens elders.
6. Dat Afrikaans of 'Kaapsch-Hollandsche de taal is van de massa der bevolking van deze Kolonie' (en natuurlik nog meer van Vrystaat en Transvaal).
7. Dat Hollans hier onherstelbaar verlore is, en dat alle pogings sowel om Hollans teeno'er Engels te handhawe as om Afrikaans tot Hollans te herstel, hopeloos misluk is.
8. Dat 'n Engelsman gen Hollans, mar wel Afrikaans, leer praat.
9. Dat 'Hoog-Hollandsch byna geheel verbannen is uit het gewone gezellig verkeer.'
10. Dat die jonge predikante van onse Ned. Ger. Kerk selfs op die preekstoel gen suiwer Hollans gebruik nie.
11. Dat selfs Hollanders wat hier inkom Afrikaans leer praat en dat hulle kinders eerder Afrikaans as Hollans leer.
12. '*Dat dus de tegenwoordige taal van Holland niet de bestemming heeft, de toekomstige taal van Zuid Afrika te worden.*'
13. Dat 'niets prysenswaardiger is' as die Afrikaanse taalbeweging ver so vêr as 'het doel der heweging is om het verstand en het hart diergenen te treffen, voor wie iedere andere taal onverstaanbaar is.'

Die vraag is by onse Hoofregter: 'Wie van die 3: Engels, Hollans, of Afrikaans, sal landstaal worde?' As verengelste Afrikaner, of as Engelsman in syn hart (hoe sou hy anders ooit Hoofregter geworde wees?) *moes* dit by hom *vooraf* vasstaan, dat Engels landstaal *moet* worde Dis nou mar net die vraag: Wat dan gemaak met die ansprake wat Hollans en Afrikaans maak op dieselfde reg?

Syn besware teen Hollans is genoegsaam, en sal haas elke lid van die Genootskap van Regte Afrikaners graag o'erneem.

Mar nou, wat hy teen Afrikaans seg dan? Wel,

dis so glad en al omver gegoï deur die redakteur van die *Zuid Afrikaan* in syn leader, dat dit lyk of nimand van die Regte Afrikaners sig eens moeg gemaak het om dit te weerleg nie. Hier is die leader.

Onze toekomstige taal.

Die onzen Hoofdregter, den heer de Villiers, kennen, zullen, toen hy by de Bibliotheekvergadering van 1.1. Zaterdag de vraag ‘welke zal onze toekomstige taal zijn?’ als zyn onderwerp aankondigde, wel voor geen enkel oogenblik in twyfel verkeerd hebben omtrent het resultaat waartoe hy zou geraken. Maar zy zouden tevens iets meer degelyks, grondigs en wetenschappelyks hebben verwacht, dan het interessante opstel, dat wy elders vertaald weergeven. Zy stelden zich welligt voor een onderzoek naar de taalwetten en andere oorzaken, welke leidden tot het ontstaan en tot de door hem geboekstaafde aanvankelyke heerschappy van het Kaapsch Hollandsch, zoowel als naar den eigenlyken aard en den aanleg van die ‘taal’, als onderscheiden van het eigenlyk Nederduitsch. Dezulken werden erg teleurgesteld. Hy gaf blote ongemotiveerde feiten op. En toch, welk eene schoone gelegenheid had hy om aan te toonen, dat het ontstaan van ‘die Afrikaanse Taal’, wel verre van zonderling en alleenstaand te zyn, slechts een is van vele dergelyke verschynselen! Hy zelf haalde, blykbaar onbewust, een verwant voorbeeld aan. Dat de taal der overwonnelingen soms die der overwinnaars verdringt, dat helderde hy op met het feit, dat het Angel-Saksisch en het Fransch eeuwen lang een gemeenschappelyk bestaan in Engeland hadden, maar dat het laatste uiteindelyk voor het eerste week. Doch dat hetgeen in de 17de en 18de eeuwen in Zuid Afrika plaats vond op het gebied der taal, eene bloote herhaling was van hetgeen in de 11de, 12de en 13de eeuwen in Engeland werd aanschouwd, daaraan schynt de heer de Villiers niet te hebben gedacht. En toch, welk eene analogie bestaat er tusschen beide! Gelyk het Hollandsch de inheemsche talen alhier verving, zoo verving het Angel-Saksisch de taal der Britten. Franschen landden hier aan en verloren in den loop des tyds hunne taal, doch namen niet het geschreven, het grammatikaal Hollandsch aan, maar een gesproken dialect of ‘patois’ - indien men dat woord verkiest - ontstaan uit eene ontbinding van het zuiver Hollandsch. Naar Engeland kwamen Fransch sprekenden over in veel grootere getallen dan naar deze kolonie; zy kwamen als overwinnaars met al den invloed van stand en

magt, en gevolgelyk slaagden zy er in hunne taal in te voeren als die der Regering en der beschaafde zamenleving; doch ten langen laatste trof het Fransch daar hetzelfde lot als hier - het verdween. Doch het maakte plaats, niet voor het geschreven Angel-Saksisch van vóór de verovering, met zyne ingewikkelde grammatica, meer verwant aan het Hollandsch dan aan eenige andere taal ter wereld; maar voor eene corruptie dier taal, die, even als ons Kaapsch Hollandsch, wel door het volk werd gesproken, maar niet geschreven. Het zuiver Angel-Saksisch bestond niet meer. Het had (alweer even als ons Kaapsch) verloren ‘die grammatikale ingewikkeldheden, veroorzaakt door de verbuiging der zelfstandige naamwoorden, die schynbaar willekeurige onderscheidingen van geslachten, dat regeren door voorzetsels’ enz., welke het Hollandsch voor zoo velen moeiljelyk maken. ‘Alles dat maar eenigzins kon verwaarloosd worden, zonder schade te doen aan het groote oogmerk van de meening des sprekers of schryvers uit te drukken - welk ander doel van een sierlyken of kunstlievenden aard het oog mogt dienen, werd zonder genade geweerd. Eene verandering als deze is buiten kyf de ontbinding eener taal.’ Zoo schryft Craik van het Engelsch, dat de overwinning behaalde. Het is alsof wy een taalkundige hooren declameren tegen de oplossing van het Nederduitsch in ‘die Afrikaanse Taal.’ Het was voor zulk een praatvorm, alzoo ontstaan, dat het Fransch moest zwichten. Het zwichtte voor een dialect, even ontaard, en op dezelfde wyze ontaard. als ons Afrikaansch, waardoor het hier werd overwonnen. Telt het Afrikaansch vele woorden van Hottentotschen, Maleischen en Franschen oorsprong: het dialect, dat in Engeland kwam bovendryven, telde nog veel meer Celtische, Deensche, Latynsche en Fransche woorden. In haast ieder opzigt schynnen zy verwant. Waarom zou dan de eene voor de andere moeten wyken in Zuid Afrika? De heer de Villiers zegt, omdat het Engelsch eene prachtige taal is, en het Kaapsch een barbaarsch mengelmoes. Maar dat was juist het oordeel, dat in de twaalfde eeuw werd geveld over het Fransch en Engelsch respectivelyk; en toch verdrong het laatste het eerste. En er zyn tallen van andere voorbeelden, dat het niet altyd de beste taal is die wint. Zie, de heer de Villiers zegt, dat het Kaapsch lang niet haalt by zuiver Hollandsch, en toch beweert hy, dat het eerste in Zuid Afrika meer levenskracht dan het laatste aan den dag legt. Het Latyn plaats makende voor het Italiaansch, het oude Grieksch voor het moderne Grieksch, het Zuidelyk voor het Noordelyk Fransch - ze zyn

allen voorbeelden in denzelfden trant. Het Kaapsch, zegt hy, is zoo ellendig arm. Had hy over het onderwerp nagedacht; hy zou inzien, dat die tegenwerping ongegrond is. Hy zou begrypen, dat het Kaapsch, van het Hollandsch hoofdzakelyk verskillende in spraakkunst alleen, byna het gansche Hollandsche woordenboek ter zyner beschikking heeft, en eene hoedanigheid bezittende, die het gemeen heeft met Engelsch, d.i., gemakkelykheid van toeëigening van vreemde woorden, vatbaar is voor eene onbeperkte uitbreiding. Deze gemakkelykheid van toeëigening, gepaard by vryheid van grammatikale regels, verklaart de voorkeur, die het Kaapsch in zoovele rigtingen erlangt boven het Hollandsch; en die hoedanigheden, gevoegd by een patriottisch gevoel, geboren uit de gedurige oorlogen der Engelschen tegen de Franschen, verschaffen ook de verklaring der verdringing van het Fransch door het Engelsch. In den regel wint de gemakkelykste taal het, mits de voorwaarden gelyk zyn. Maar de voorwaarden zyn in Zuid Afrika *niet* gelyk. Wint Engelsch het op den langen duur van Nederduisch en Afrikaansch beiden - het zal zyn als gevolg, niet van zyn eigen uitstekende verdiensten, maar van den gedurigen aanwas der Engelsche bevolking, van zyne aanmoediging met uitsluiting van alle andere talen door de Regering, en vooral van zyne literatuur, die niet alleen ryk, maar ook goedkoop is. Wy zyn geene voorstanders van Afrikaansch. Wy meenen, dat de mannen van *die Patriot* een hopeloozen stryd voeren; maar wy houden staande, dat, indien Afrikaansch en Engelsch als splinternieuwe talen met malkaar in aanraking konden worden gebragt, het eene zonder eenige letterkunde en het andere met eene van zeshonderd jaren achter den rug, de kans der overwinning zoowat gelyk zou staan.

Die enigste wat ons in die *Patriot* hierop vind is 'n Korrespondensie in die blad van 15 Juny 1876. Ons neem dit o'er omdat hierin 'n argument is *voor* die Afrikaanse taalbeweging, wat al honderdmal die teenstanders voorgeworpe is, wat nog nooit imand kon weerlê nie, en tog blyf hulle dit altoos misken, namelik dat ons nie alleen 'n taal moet hê waarin ons kan *verstaan* wat andere ver ons vertel nie, mar oek waarin ons onse gedagte kan *uitdruk* as volk. Ons geef dit as bewys ver die teenstanders dat hier 'n onomstotelike klip al 3 jaar lank in hulle pad lê wat hulle nog nie kan verroer nie.

An Lokomotief.

Meneer, - Ek siet in die *Zuid-Afrikaan* van die 17de Mei dat ons Hoofregter, meneer de Villiers, 'n rede gehou het o'er: 'Wat die toekomstige taal van ons land sal wees.' Meneer moet tog asseblief myn kompelmente gé an die meneer wat die *Zuid-Afrikaan* uitgé - en se dat ons Afrikaners ver hom hartelik lat bedank, dat hy ons saak so verdedig het. Ons wens dat hy oek 'n voorstander van die Afrikaans mag worre.

Ons Hoofregter veroordeel die Afrikaanse beweging, omdat hy *meen*, 'dat as 'n man verstand genoeg het, en genoeg geleer het om *ons* taal te kan lees en *verstaan*, hy dan oek in staat sal wees om taalkundig Hollans te *begryp*.' Nou, ek wil daar nie voor stry nie, en kan oek nie; want daar is mos glo groot verskil tussen 'n saak te *verstaan* of mar te *begryp*. En dit is dan juis in ons voordeel, want dan kan ons mos nog altyd van die Hollandse letterkunde gebruik maak tot ons een dag self 'n GROOT letterkunde het. Mar wat ek myn om verwonner is, dat di *Hoofregter* so kan praat nes dit genoeg is as 'n man mar 'n ding kan *begryp*! moet hy dan nie oek 'n taal he om ver hom in te kan *uitdruk* nie? Moet hy dan mar net kan *begryp*, sonder ver hom oek te kan lat *begryp*? Hy se wel ons moet opgehelp worre - mar hoe kan hy dan te'en die Patriotte wees? Dis mos juis wat julle an ons wil doen - *ver ons ophelp*. Daarom kom julle tot by ons, om ons hand te neem en op te help. Mar hulle staat bo'op die berg en skré: 'Julle moet opgehelp worre! julle moet opgehelp worre! Kom op, dan sal ons julle ophelp!' en al die skré en lawaaimaak bring ons niks verder as ons is nie. As hulle ons wil ophelp - lat hulle dan *na ons toe kom*, *ons hand vat en dan met ons opklim*. So lank as hulle dit nie doet nie, is al hulle praat van 'ophelp' net spot met ons. Né meneer, ons sal die *Patriot* ondersteun, en saam werk so veel as ons kan. En al mag ons taal self met geweld onderdruk worre (wat ons hoop dat God nie sal toelaat nie, want 'Hy regeer') en al mag die hele saak dan misluk, dan sal ons nog altyd met dankbaarheid terug dink wat 'die Genootskap van Regte Afrikaanders' ver ons gedaan het. Gaat voort, julle doel is edel. 'Die met julle is, is meer as die te'en julle is.' Ek wens julle voorspoed en se'en. - 'Die Heer regeer.'

EEN DANKBARE AFRIKANER.

Wat onse Hoofregter bybreng van verdringing van die Franse taal deur die Hollanders moet blykbaar dien tot 'n sydelingse verskoning van die verdringing van Hollans of Afrikaans nou deur die Engelse. Hy vergeet egter dat die saak toen letterlik net teeno'er gesteld was van wat dit nou is. Hollans was toen landstaal en Frans 'n vreemde taal van inkomende immigrante. Mar nou is dit omgekeerd, Afrikaans is die landstaal en Engels is die taal van vreemde setlaars wat hier inkom. Mar bowedien die Franse taal is hier nie so verdring nie, soos duidelik blyk uit die vollende anhaling uit 'Die Geskiedenis van ons Land,' bladsy 71.

Hulle eerste kerk het hulle gebou in Groot Drakenstein, waar nou die 'Simondium' staan, wat deur hulle nakomelinge opgerig is as gedagtenis van hulle eerste predikant, Pierre Simond. Die kerk van Drakenstein het vier Franse predikante gehad: Simond, Daillé, Beck en Campher. Hulle het in die Franse taal gepreek tot in 1724. Di's ruim 35 jaar na die aankoms van die Hugenate in die kolonie. In die tyd was byna almal wat uit Frankryk gevlug het al dood en hulle kinders wat hier gebore is, het almal Hollans geken. Toen daar nog mar twé of drie van die ou vlugteling was wat gen Hollans verstaan nie, het die Hollandse regering expres 'n krankbesoeker ver hulle aangestel.

Di's een wonder, as 'n mens reg daaro'er denk, dat die prediking in die Franse taal nog so lank geduur het, want kyk, in Frankryk is hulle so wreedaardig vervolgd geworde, en daar het hulle so veel onreg moet ly, dat hulle van selfs alle liefde ver hulle vaderland en ver hulle moedertaal verloor het. Dan kom nog daarby dat Holland hulle met ope arme ontvang het en die meeste van hulle daar 'n heele tyd deurgebrenghet en toen die Hollandse taal aangeleer het, so dat hulle van selwers liefde ver die volk en ver die taal gekry het, en dit toen beskou as hulle tweede vaderland. En eindelijk, hulle is hier in een Hollandse kolonie kom woon, onder Hollanders, en het as broers same gewoon en hulle kinders o'er en weer getrouw.

Verder is dit van groot belang om daarop te let, deur watter middels onse Hoofregter denk dat die voorstanders van Engels in staat sal wees om die landstaal uit te roei en Engels algemeen te maak. So kan 'n mens van jou teenstanders veel leer, as hy mar dom genoeg is om jou met syn planne te lat bekend worde. En

dit lyk ver ons of die Hoofregter hier die politiek van syn party heeltemal verklap het, of dit so heel slim van hom was, laat ons an die publiek o'er. Want die publiek staat nie altoos voor die Hoofregter tereg nie; mar op sommige punte staat die Hoofregter weer voor die regbank van die publiek,

Publiek. - Kom nou hier, ons roep jou op, Milord! Vertel ons deur welke middels sal julle die landstaal uitroei, en Engels invoer?

Juts de Villiers. - Deur die vollende middels:

1. Deur Engels te lat preek in die Kerke.
2. Deur Engels te lat praat in die Huise.
3. Deur Engelse boeke in te voer.
4. Deur nix as Engels toe te laat in Parlement, Geregshof, Afdelingsraad, Municipaliteit, Vrederegterskantoor en Skool.

Publiek. - Mar as ons nou seg: As dit so is, dan wil ons, -

1. Gen Engels meer lat preek in onse Kerke nie;
2. Gen Engelse Gouernantes in onse huise he nie;
3. Gen Engelse, mar Hollanse en Afrikaanse boeke, lees; en
4. Dan eis ons voortaan erkenning van onse taal in Skool, Vrederegterskantoor, Poskantoor en watter kantoor daar meer mag wees, in onse Municipaliteit en Destriksrade, ja tot in die Hoge Geregshof en Parlement; - wat word daar dan van al julle mooie planne?

Juts de Vitliers. - Wel, die publiek het seker alle mag in hande, mar julle is te dom om julle regte te lat gelde.

Publiek. - Dankie, Milord! Genoeg ver die slag. Jy kan nou mar gaan. Jy was dom genoeg om jou party te verklap. Gaat mar! Ons weet nou wat ons moet doen.

Onwederlegde punte.

Kort na die redevoering van Hoofregter de Villiers, in Juny 1876, werd daar 'n publieke vergadering gehou an Montagu, om die vraag te bespreek: wat die toekomstige landstaal van Afrika sal wees? Die vollende verslag daarvan neem ons o'er uit die *Patriot* van 15 July 1876.

Ons toekomstige landstaal.

Daar'er was 'n publieke vergadering op Montagu. Vollens die verslag in die *Zuid-Afrikaan*, was die grote meerderheid ver die Afrikaanse taal. Dis oek natuurlik. Duits in Duitsland, Frans in Frankryk, Engels in England, Hollans in Holland, en *Afrikaans in Afrika!* Onder andere het ene Meneer D. du Toit daar een flukse rede gehou ver ons taal, en ons wakkere agent daar, Meneer W.A. Joubert, het die vollende 14 punte daar opgegé, waarom Afrikaans ons landstaal moet wees, en daar was gen een wat die punte kon weerleg nie. Die punte is in die *Zuid-Afrikaan* oek gedruk en tot nog toe het niemand dit gewaag om dit te weerleg nie.

- ‘1. Omdat Afrikaans die moedertaal is van ons te'enwoordige geslag.
2. Omdat die 'n inlandse taal is, wat hier tuis hoort en daarom moet in eer gehou worde.
3. Omdat dit deur die grote meerderheid van die bevolking van ons land as landstaal gebruik wort, selfs deur Engelse en Hollanse families wat hier woon.
4. Omdat dit gemakliker is ver Afrikaanse kinders om te leer as hoog Hollans of Engels.
5. Omdat, as Afrikaans erkend wort as landstaal, en in die skole geleer wort, dit 'n grote besparing van tyd en geld sal wees in die onderwys van ons volk.
6. Omdat ons dan in ons dagelikse omgang met makaar 'n beskaafde taal, en nie meer 'n tongval of patois, gebruik.
7. Omdat die beste manier om 'n volk te ontwikkel en te beskawe is om af te daal tot die moedertaal van die bevolking van die land.
8. Omdat Afrikaans gen hinder, mar 'n hulp sal wees ver ons Afrikaanse kinders om vreemde tale an te leer.
9. Omdat dit 'n betere nasionaliteit geef as 'n volk syn ei'e selfstandige taal het, apart van alle andere volke of nasies.
10. Omdat die Afrikaners dan 'n betere kans het om in eereposte en goeje betrekkings te kom, wat nou deur vreemde moet ingeneem worde, tot ongerief en skade ver ons boerebevolking.
11. Omdat daar min kans is om die Hollanse taal in waarde te hou of as landstaal te herstel, en die gevolg daarvan is dat Engels altemit die o'erhand sal kry.
12. Omdat, as die Engelse taal die o'erhand kryg, die meeste van onse Afrikaanse families heeltemal sal te gronde raak

13. Omdat die eenvoudigheid, gemaklikheid en verstaanbaarheid van die Afrikaanse taal meer leeslus sal opwek onder die lagere klasse.
14. Omdat Afrikaans gemaklik tot *eenvormigheid* van taal kan gebreng worde in alle bedrywigheid van ons maatskappelik lewe, sowel in skrywe as in praat.’

Waar is die man om die 14 punte om ver te goi? Juts de Villiers kan gerus weer 'n predikasie hou in die Kaap om die punte te weerleg, *as hy kan*. Hy wou die Afrikaanse taal weggoi en Engels landstaal maak, sonder één gegronde rede; hier het hy nou 14 gegronde redes waarom Afrikaans landstaal moet wees. Lat hy die nou weerleg! Ons sal wag op syn antwoord.

Tot nog toe (Juny 1879) staat die punte daar onangeroerd; Luther wag nog op Eck om syn Theses te weerlê.

Ver so vêr die kwessie van ons toekomstige landstaal openlik voor die publiek gebrag is, het die Afrikaanse party dit glorieus gewen, so wel by monde as geskryfte. Rustig werk die Genootskap vort agter onwederlegde en soos dit ons lyk onwederlegbare argumente. En as Afrikaans *nie* as landstaal algemeen erkend word dan is dit omdat daar andere middele gebruik word om dit teen te werk as reg, verstand, en waarheid. En dat onbetamelike middels gebruik is om die taalbeweging teen te werk sal ons in die vollende hoofstuk sien.

V. Teenstand.

Dis heel natuurlik, dat by die uitbreiding van die taalbeweging die haat sig nou in teenstand sou openbaar. Afrikaans het tve mededingers na die reg van landstaal te wees: an die een kant het hy die boel Engelse en Engelsgesinde Afrikaners en an die ander kant die Afrikaners met Hollanse harte. Die meeste teenstand had die saak egter te verduur van andere koerante, wat afgunstig is op die voorspoed van die *Patriot*, en van die predikante, omdat die orgaan van die taalbeweging te rondborstig na hulle sin, sonder ansien van persoon, die waarheid seg. Soos Uilspiel seg: ‘Omdat ek die waarheid seg, daarom haat die mense myn.’ Mar die skrywer siet gen kans om die teenstand beter te beskrywe nie as dit gedaan is in die

Patriot van 6 en 13 Desember 1878. Daarom neem ons die tye artikels hier o'er.

Onse vyande.

Eers doodswyge;
Nou doodslaan.

Onse Afrikaanse saak neem geweldig sterk toe, in die laaste tyd veral, soos al ons lesers weet. Mar net so sterk is die vyandskap oek toegeneem, of liwers, net so sterk is die verborge vyandskap teen ons openbaar geworde.

Onse saak neem sterk toe. Gen week sonder nuwe intekenare nie. 'n Nuwe snelpers is ontbode en die Afrikaners spring van alle kante by om dit te betaal. Die *Patriot* kom ankomde jaar die helfte groter uit. Die Genootskap het besluit om 'n begin te maak met die Bybelvertaling. Die eerste leerboekie is gou van die hand geset, en beantwoord goed, ens.

Ons het dag en nag gewerk ver die saak, haas bowe ons swakke vermoë, sonder enige beloning, alles met die oog op die toekoms. En nou dat dit lyk of ons moeite haas sal beloond worde, ten minste deur erkenning en dank, nou wort ons eers reg gehaat en gesmaad van verskillende kante.

Ons het 'n blad opgerig, teeno'er die sterkste vooroordele en die bitterste teenstand. Ons het begin met minder as 50 intekenare; sonder geld; sonder invloed, En binnen 3 jaar tyd is ons blad so toegeneem, dat hy nog mar 3 Hollandse koerante ken in heel Suid Afrika wat meer intekenaars het as hy, en gen een wat so druk en graag gelees wort nie; en as syn intekenaars so bly toeneem, sal dit nie lang duur nie of hy is al die ander verby. Nou, die grote meerderheid van ons intekenaars is mense wat nooit ver koerante ingeteken het nie. En ons dog al die tyd dat die man 'n grote weldaad an syn volk bewys, wat hulle tot lees bring.

Dan verder. Deur in die taal van die bevolking 'n blad uit te ge, het ons nie alleen leeslus, mar wat meer seg oek *skryf* lus opgewek by onse bevolking. Week op week blyf 'n boel briewe o'erle wagtende op plaats. Die mense voel dat hulle nou nie langer soos doofstomme hoof te sit nie. Dis iets wat alle teenstanders tot nog toe nie *kon* of nie *wou* sien nie. Hulle hou mar daarop: 'die mense kan goed Hollans *verstaan*.' Nou, ons het honderde getuigenisse dat dit in die regel nie so is nie. Mar dan nog, al sou ons dit toege, dan vraag ons nog hoeveel van onse bevolking kan hulle *uitdruk* in Hollans of Engels? 'n Taal is tog net so goed

die voertuig om jou gedagte uit te druk, as om 'n ander syn gedagte te verneem. Dit het al ons teenstanders tot nog toe misken, en daar is nie een wat in staat is, om ons posisie op die punt te bestry nie. Die bevolking voel dan oek die mag, daarom noem hulle die *Patriot*: 'ons koerant.' En daarom skryf hulle so fluks daarin en begin hulle gedagtes uit te spreek. Ons dog dat dit 'n grote weldaad is om 'n volk wat verstandelik geboeid was in die ergste slaverny, die tong los te maak dat hy syn regte kan verdedig.

Ons het 'n nasionaliteitsgevoel help opwek, wat sig al kragtiger op verskillende punte openbaar, en waaran so'n behoefte was in ons land, en wat veel goeds beloof ver die toekoms. Van alle kante kom getuigenisse: 'Die *Geskiedenis van ons Land* is die lig van Suid Afrika, wat ons oge lat ope gaan het' - 'Die *Patriot* het ver ons geleer, dat 'n Afrikaner oek 'n reg het,' ens. En ons dog dat ons heel wat dank daarvoor verdien het.

So sou ons kan vortgaan. Mar dis onangenaam om genoodsaak te wees op syn eie dade te wys. Mar hier is dit noodsaakelik, want die ander korante doet dit nie; hulle haat en smaat ons so veul as hulle kan. Buiten 'n paar klein Distrikskorante, wat net uitkom ter wille van die advertensies, kan ons net die *Zuid-Afrikaan* noem as 'n blad wat 'n onpartydig stilswyge bewaar het, wat die redaksie angaat, mar korrespondente het die stilswyge goed gemaak deur daarin gal teen ons uit te braak so veul as hulle kan. Korrespondensies teen ons daarin alleen, by makkaar gedruk, sou 'n mooi groot boekdeel uitmaak. Dan die *Volksblad* is oek 'n gunstige uitsondering in die laaste tyd. Eers wou die blad ons volstrek nie erken nie; en nou erken hy tog dat die *Patriot* opgang maak by 'n deel der bevolking; dat hy druk gelees word, ens.

En dit is nou al genade. Verder is dit vuur en vlam. 'n Hele resiment van vyande staat rondom ons. Eers wou hulle ons *doodswyge* deur gen notisie van ons te neem nie. Mar nou die saak te sterk toeneem, wort die vyandskap openbaar en nou wil hulle *ons doodslaan* of *doodtrap* soos een van hulle geseg het.

Ons seg 'n hele resiment vyande het ons rondom ons. Pas dreig die *Argus* ons met England syn lange arm en sware hand, of die *Cape Times* wil ons doodtrap met 'n lompe Engelse voet. Skaars lat hy ons los, of die *Graaff-Reinet Advertiser* verguis ons met die hardste woorde wat hy kan kry, en toon dat hy ons sou vergruis as hy kon. Nouweliks begin die Transvalers te erken, dat ons ver hulle regte pleit, of die *Volksstem* maak ons veragtelik, ten minste so ver as hy kan.

Syn onmag is pas geblyk en die *Patriot* begin net mooi wortel te skiet in die Vrystaat, of die *Express* wil ons met wortel en tak uitroei, as hy kon. En nader kom die vyande, nouwer word die cirkel, nes hulle ons wil dooddruk. Daar vlieg Meneer Willemsen van Richmond op, nes 'n reus Goliath, en tel syn magtige 'penneswaard' teen ons op. *Zuid-Afrikaan*, *Volksblad* en *Era* moet syn orakels teen ons uitbasuin (gewillig, of nie?). *Colesberg Advertiser* voel dieselfde woede, mar het nix te se, en neem dus een van die drogresdes van Willemsen syn stuk o'er. Die *Era* voel weer dat Willemsen syn stuk laf en kragteloos is, en neem nog die lastertaal van die *Express* o'er. Mar nê, hulle kom nog nader. Ds. du Plessis van Rustenburg en die kerkeraad van Pretoria val ons in ons eie blad an. In een woord, ons sou in die laaste tyd net die hele *Patriot* wekeliks kan vul, met wat daar direk of indirek teen ons geskrywe wort.

Wat is dit dan? Wat is dan *onse sonde*? Dit wort nou hoog tyd, dat ons self ondersoek. Daero'er vollende maal. Een troos ver ons lesers ver ditmaal: Dis 'n gek wat 'n knopkirie opneem om 'n vlieg dood te slaan. Of liwers: dis 'n sotte koning wat 'n hele leger oproep om 'n muis in syn klerekas te kom vang. Oordeel dus self o'er die wysheid van ons teenstanders wat so'n lawaai maak teen die nietige, veragtelike *Patriot*!

Onse sonde.

Wee u, wanneer al de menschen wel van u spreken; want hunne vaders deden desgelijks den valschen profeten. - Luk. 6:26.

'Er is 'n tyd om te zwygen en 'n tyd om te spreken,' seg Salomo. Daar is 'n tyd om met David te sê: 'Laat Simeï vloeken.' Mar daar is oek 'n tyd om met onse grote Meester te se: 'Indien ik kwalyk gesproken heb, betuig van het kwade; en indien wel, waarom slaat gy my?' Die kuns is mar net om te weet wanneer ons met Salomo moet sê: 'Antwoord den zot niet naar zyne dwaasheid, opdat gy ook hem niet gelyk word,' - en wanneer; 'Antwaard den zot naar zyne dwaasheid, opdat hy in zyne oogen niet wys zy.' (Spr. 26:4, 5).

Ons is nie al te fyngvoelig nie; eersug set ons nie an om elke beskuldiging te weerle nie. Mar nou is spreke plig; spreke eens en veral.

Laaste week het ons geskrywe o'er *onse vyande*. Ons was nog lang nie op die end nie. Dis nie alleen korante

en tydskrifte wat vuur spuw teen ons nie. o Ne, op elk gebied het ons onse vyande.

1. Onder *Skoolmeesters*. Om mar twe voorbeelde te noem.

Toen die Engelse raddraaiers op verskillende dorpe in die kolonie van 'n onnadenkende gepeupel 'n goedkeuring van Sir Bartle Frere syn ongelukkige politiek wis af te pers (wat, ag so nodig, mar daarby so onverdiend was!) wou hulle vlier an die Paarl nie opgaan nie; en toen Sir Bartle in persoon daarheen kom, was die Paarl die enige plek wat syn politiek nie wou goedkeur nie en hom bowedien nog 'n adres, met ower die 400 name, aangebode het, wat vraag om te doen wat hy kon tot herroeping van die Annexatie, en ‘Anti-Annexasie’ op vlage deur die hele straat lat waai het - veral onder invloed van die *Patriot*.

In vestiging en uitbreiding van 'n Boerebeskermings Vereniging het die *Patriot* gen kleine andeel nie. Dat van verskillende kante gevraagd word om erkenning van ons landstaal, selfs tot in die Parlement, is vernamelik an die Afrikaanse taalbeweging te danke. Die plan om 'n Afrikaanse Bond op te rig, kom heeltemal daaruit vort.

Mar die eintlike vrugte van die beweging op staatkundig gebied leg nog in die toekoms en sal ver 'n later skrywer oer 'n 20 of 30 jaar, waarskynlik nog ruimer stof lewer, as ver ons wat nou nog man die eerste tekens van lewe moes anwys.

VIII. Die bybel in Afrikaans

is uitgangspunt en einddoel van die hele Afr. Taalbeweging, soos ons reeds in die derde hoofstuk geseg het. Daarom besluit ons die geskiedenis met die vervulling van ons belofte, om nog ten slotte 'n blik te slaan op wat daarin gedaan is en hoe dit nou daarmee staat.

Die besluit van die genootskap,

Neem ons oer uit die Jaarlikse Verslag van die Genootskap, gehou 24 Augustus 1878, en gepubliseer in die *Patriot* van 6 September, 1878:-

Bybelvertaling.

In verband hierme lees die Voorsitter 'n brief voor van 'n afwesige lid. Meneer - stel voor om in beginsel an te neem dat die tyd daar is om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Meneer - sekondeer. Meneer - het drie bedenkinge darte'en:

1. Die taal is nog nie ryp genoeg daarvoor nie.
2. Ons kan nog daarsonder klaar kom; omdat die Kinderbybel en Predikante an die behoefte voldoet en die weg om salig te worde duidelik genoeg is.
3. Ons het die geldelike middels nie, omdat die tekort nog op ons druk.

Die besware word ver algar weggeneem, behalwe ver die inbrenger daarvan.

In antwoord op die vraag of dit sal vertaal worde na ons Statevertaling, of uit die ou Tale - is die vergadering van gevoele om na die Bron en Oorsprong terug te gaan. En op die vraag *wie* dit sal vertaal, word dit an die bestuur opgedra om 'n Kommissie daarvoor te kies. Verder word an die Bestuur opgedra om so gou as mo'entlik is 'n Spel- en Leesboekie uit te ge. - Die bestuur word herkose.

Besluit om die verrigtings van die vergadering met die voorgelese brief te lat druk. Met dankgebed gesluit.

Die beste toeligting wat ons kan ge van die besluit is om oer te neem die leader van die *Patriot* van 27 Sept. 1878:-

So het ons Genootskap dan *in beginsel* dit aangeneem, dat dit tyd is om die Bybel in Afrikaans te vertaal.

Ons weet dis 'n saak van groot gewig, daarom het ons die lesers gevraag om hulle oordeel 'n bietjie uit te stel, tot ons eers die nodige inligtings kan ge o'er die *besluit*, en die *besware* daarteen, en die *uitvoering* daarvan,

Die besluit self

1 - *is nie o'erhaastig geneem nie*, want-

- a) Voor die Genootskap nog bestaan het, was die saak al in werking; was daar al onderhandelings met die Brits- en Buitenlandse Bybelgenootschap; is daaro'er geskrywe in die *Zuid Afrikaan* ens. Grootendeels het die Genootskap syn ontstaan daaraan te dank.
- b) Meer as eens was dit al ter sprake in die Genootskap self. Mar telkens is dit uitgestel omdat die meerderheid seg: 'Dis 'n al te gewigtige saak en ons het nog nie lig genoeg daarin nie.'
- c) Boodskappe en briewe van belangstellende buite af het ons dikwils daarom gevraag; mar op enkele stemme kon ons so iets groots nie onderneem nie.
- d) Party lede van die Genootskap wou al op hulle eie koste stukke van die Bybel in Afrikaans uitgege he, en die Genootskap het hulle ernstig vermaan om dit nie te doen, nie omdat die saak te gewigtig is ver 2 of 3 om dit uit te voer.
- e) Ruim 'n maand voor die tyd het die bestuur an al die lede kennis gege dat die vraag sal voorgeleg worde, en hulle versog om daaro'er na te denk en daar 'n saak van gebed van te maak, en die vorige aand is 'n biduur expres daaro'er gehou, om die leiding van Gods Gees te vra.

2. *Die besluit is nie onversigtig uitgedruk nie*. Die voorstel wat aangeneem is, was: 'om in beginsel an te neem dat die tyd daar is om die Bybel in Afrikaans te vertaal.'

Let op-

- a) Dis mar *in beginsel* aangeneem.
- b) Om te *vertaal*. Nog nie om dadelik uit te ge nie.
- c) In o'ereenstemming daarmee is dit 'an die Bestuur opgedra om 'n Kommissie daarvoor te kies.' Die Kommissie kan besluit of hulle 'n enkele boek, of die Nuwe Testament, of die hele Bybel wil vertaal. Mar dan moet hulle dit eers weer an die Genootskap voorle, om te oordeel o'er die wyse

van vertaling, die spelling, ens. voor dit uitgege word. Daarme sal wel 'n jaar of 'n paar jare verloop; tensy hulle besluit om maar 'n enkele boek uit te ge, dan kan dit wat gouwer gaan,

Die besware daarteen

is oek by die Besluit nie uit die oog verloor nie. Die vollende besware is op die vergadering gemaak en weerleg:

1. *Die taal is nog nie ryp genoeg daarvoor nie.* Daarop is voldoende geandwoord in die vergadering:

a) 'n Taal is nooit volkome nie. Die spelling, ens. verander nog gedurig in elke taal. Lees mar die oue Hollandse en Engelse Bybels en vergelyk dit met teenswoordige. As die Hollanders en Engelse dus moet gewag he om die Bybel in hulle taal te vertaal totdat die taal eers volmaak was, dan sit hulle van dag nog sonder Bybel in hulle taal, en sal dit nooit kan vertaal nie, want die tale verander nog al dag. En so is dit mar met Afrikaans oek; dit sal mar altyd nog verander.

b) Mar dis nog die vraag of die veranderings wel verbeterings is. Een ding is seker dat die tale met die veranderings veel van hulle oorspronklike karakters verloor, deur vreemde woorde en vorme van ander o'er te neem. En veral met Afrikaans, wat hier so tussen Hollans en Engels verward is; hy loop gevaar van Engelse woorde en uitdrukkings en Hollandse vorme o'er te neem. Dis die vraag of Afrikaans o'er 4 of 5 jaar nog so suiwer is as dit nou is. (Kyk *Patriot*, 1876, bl. 113). Ons het nou die reel: 'Skryf soos jy praat,' en sou dit dan nie die beste wees om die Bybel te vertaal in ons taal net soos hy is nie? Dis seker nodig as ons met so'n vertaling die welsyn en nut van onse bevolking bedoel; want ontwikkeling van taal en nasie gaat gelyk. Sodra jy bo die stand van die taal gaat, gaat jy oek bo die stand van die nasie.

c) Mar so ver as 'n taal volmaak kan wees, bestaan die volmaaktheid juis daarin dat die bevolking o'ereenkom om so veul as mo'entlik is *eenders* te skrywe. Mar die volmaaktheid moet jy nie eers in 'n taal hê voor dat jy die Bybel daarin vertaal nie. Mar omgekeerd, juis die Bybelvertaling bring die taal tot die eenvormigheid. So is die Gotise taal gevorm deur die vertaling van Ulfilas, die Duitse taal deur die vertaling van Luther, en die Hollandse taal deur die Statevertaling. En as een ding die Afrikaanse taal tot skryftaal sal vorm, deur 'n ooreenstemming in die spelling en gebruik van woorde te bring, dan sal dit juis 'n bybel-

vertaling wees. Soos 'n man die taal in syn Bybel lees, so sal hy dit skrywe oek. En daarom is dit 'n versigtige besluit van die Genootskap, dat die spelling, ens. in die vertaling eers deur hulle moet goedgekeur worde vóór dit uitgege wort. En ons sou die wenk wil ge an die vertalers om so veul as hulle kan die karakter van die taal *suiwer* te bewaar; mar om dan oek nie al te lage uitdrukkings te gebruik nie waar hulle betere kan kry nie, soos *tamaai ver groot*, ens.

2. Die tweede beswaar is: 'Ons kan nog sonder 'n Afrikaanse bybelvertaling klaar kom, omdat die Kinderbybel verstaanbaar is ver die eenvoudigste; omdat die mense an hulle predikante kan vra waar hulle die Bybel nie verstaat nie; en omdat die weg der saligheid verstaanbaar genoeg is in die Bybel.' Dit sou dus 3 bewyse wees, dat so'n vertaling onnodig is.

a) 'Die Kinderbybel is verstaanbaar genoeg.' Hierteen is opgemerk:

1. Die Kinderbybel is mar ver kinders.

2. Dis nie die *Bybel self* nie, mar 'n *boek o'er die Bybel*. Dis nie die suiwere onvervalste melk nie (1 Petr. 2:2); dis melk met water gemeng. En ons wil die *Bybel self* in onse taal he; ons wil Gods woord puur en louter in ons eie taal hoor.

b) 'Die mense kan ver hulle predikante vra waar hulle die Bybel nie verstaat nie, Hierteen is geseg:

1. Dis onmo'entlik; algar kan gen predikant bereik nie. En as algar dit al kon en sou doen, waar sal die predikant die tyd van daan kry om algar reg te help? En al sou hy al die tyd hê, waar kryg jy al 'n predikant wat altyd klaar is om op alle punte inligting te ge?

2. Die beginsel is Rooms, dat ons 'n Bybel moet hê wat die volk nie verstaan nie, en wat net die predikante kan verstaan. Die Bybel is juis ver die eenvoudige (Ps. 19:8, waar 'slegten' moes vertaal wees 'eenvoudige' of 'ongeleerde;,' Matth. 11:25), en wat hulle daarby noodig het is die leiding van die Heilige Gees (1 Joh. 2:20, 27).

c) 'Die leer der saligheid is verstaanbaar genoeg in onse Hollanse Bybel ver die eenvoudigste.' Gode dank! hierin is de waarheid; die *beginsels* is eenvoudig genoeg. Mar ons kan nie by beginsels bly nie (Hebr. 5:12 tot 6:2. Die saad moet syn wortels diep uitskiet in die leer van die Koningryk, anders gaat dit net soos met die saad wat gen diepte van aarde het nie; dit groei mooi ver 'n tyd, mar soos verdrukking of vervolging kom wort hulle geërger, of soos dit moet vertaal wees, dan wort hulle afvallig (Mat, 13:20, 21). Die hele Bybel is een, en 'n gristen moet so veul weet om in

alles te kan staande bly. As ons mar met 'n paar verse kan uitkom, waarom het onse liwe Heere dan die hele Bybel lat beskrywe?

Dat daar 'n menigte plekke in die Hollanse Bybel onverstaanbaar is ver onse algemene bevolking sal gen man van verstand en wat kennis van die saak het ontken nie. Kyk maar die lys van *onverstaanbare woorde in die Bybel* in ons Almanak van vanjaar (1878); en dis mar 'n proewe; daar is honderde meer. Dan van uitdrukings, hoeveel Afrikaners verstaat die krag en betekenis byvoorbeeld van 'deze' en 'gene' in die Bybel (byv. Hebr. 12:10). En hoe vele Afrikaners verstaat sulke uitdrukking as: 'Eenen dorschenden os zult gy niet muilbanden' (1 Tim. 5:18) 'zyn rieken zal zyn in de vreeze des Heeren' (Jes. 11:3) - 'olie tot den luchter' (Ex. 25:6), ens.

3. Die derde beswaar is: 'Ons het die geldelike middels nie, omdat die tekort nog op ons druk.' Hierteen is opgemerk:

- a) Teen die tyd dat die vertaling klaar is en gedruk moet worde, hoop ons, sal die tekort wel al gedek wees.
- b) As dit mog nodig wees, dan sal daar wel wees wat ver so 'n belangrike saak sal bydra.
- c) Die goud en silwer is oek onse liwe Here syn. En as dit syn wil is dan sal Hy ons oek die middels ge om die Bybel in Afrikaans te lat druk.

Die bowestaande is die besware soos dit op die Vergadering uitgesproke en weerleg is. Daaruit kan ons lesers sien, dat die Genootskap die besluit nie geneem het voordat hulle die besware in die oge gekyk het nie. Mar daar is nog 'n beswaar wat ons hier moet in aanmerking neem, en wat die bestuur me te doen het.

4. 'Waar kryg ons die manne wat bekwaam is om die Bybel te vertaal? Wie is hier wat bekwamer is om die Bybel te vertaal as die manne wat onse Statenvertaling gemaak het?' Die beswaar lyk gewigtig, mar dit val gou weg als ons op die vollende punte let:

- a) Die manne wat die Bybel in *Hollans* vertaal het was seker knapper as ons, mar dit baat ons niks as hulle dit nie in *ons* taal vertaal het nie.
- b) Dan ons kan mos hulle werk gebruik.
- c) En dan in die twe honderd jare nadat hulle vertaling gemaak is, het die ondersoek van Gods Woord nie stil gestaan nie. Daar was na die tyd mos weer baing manne wat nog slimmer en geleerder was. Waarom sou ons *hulle* werk oek nie mag gebruik nie? Was die Heilige Gees dan na 1618 en 1619 nie meer in die gemeente nie? Of het Hy niks

meer geleer nie? Wat het Hy dan gemaak? O ne, Hy het geleer. Ouwere Handskrifte is ontdek; betere vertalings gemaak op verskeie plekke. En waarom moet ons dan die lig van die laaste twee honderd jare weggoi? Ons seg nie dat ons meer weet as die Statenvertalers nie. Mar ons seg: Wat hulle gedaan het, en wat andere na hulle gedaan het, wil ons alles gebruik, in *ons* taal, tot nut van *ons* volk.

- d) En dan dieselfde Gees wat hulle gelei het, wil ver ons oek leer en lei, en dis daarop veral dat ons steun, in gebed en nederige verwagting. Maar dit lei ons tot

Die uitvoering daarvan.

Hier moet ons op drie dinge let:

1. *Hoe dit moet vertaal worde.* In die Verslag staat: 'In antwoord op die vraag of dit sal vertaal worde na ons Statevertaling of uit die oue Tale - is die vergadering van gevoele om na die 'Bron en Oorsprong terug te gaan.' Die besluit seg meer as 'n mens by die eerste lesing sal denk. Dit seg

a) Die Afrikaanse vertaling moet nie uit *Hollans* maar uit *Grieks* en *Hebreeuws* gemaak worde. Nou dis seker 'n goeie besluit; want die Apostels het nie in *Hollans* maar in *Grieks* geskrywe. En as jy wil weet wat 'n man eintlik meen, dan moet jy hom in syn eie taal hoor. Maak jy 'n vertaling van 'n vertaling, dan gaat jy al verder van die oorsprong, en eers is dit melk en water, mar naderhand is dit water en melk. En dat onse *Hollanse* vertaling oek mar feilbare mensewerk is, sal elkeen moet erken, of ons moet weer *Roomse* worde, wat onfeilbaarheid an 'n bepaalde vertaling teeken. Hoe dikwils hoor ons nie van die preekstoele dat ons predikante seg: die vertaling moes hier so of so gewees he! Hoe dikwils lees ons in boeke verbeterings van die vertaling! Op hoe veul plekke is in die Bybelverklarings foute in die vertaling ontegenseggelik angetoon! En waarom moet ons nou die lig alles verwerp? Lat ons mar hier op 'n paar van die foute wys.

Drie aparte *Griekse* woorde wort in onse *Hollanse* vertaling o'ergeset met een woord: *wereld*. Jy het in die *Grieks*: (1) *aion*, euw of bedeling (Mat. 13, 39, 40; 24:3; 28:20; Ef. 1:21; ens); (2) *oikoumenè*, de bewoonde *wereld*, die; geordende maatskappy (Mat. 24:14; Luk. 2:1; 4:5 Hand. 11:28; ens); en (3) *kosmos*, die *wereld* in syn teenswoordige vorm, soos die dinge nou daaruit siet (Mat. 13:35, 25:34; ens). Kyk nou wat 'n verwarring geef dit af. Daar gaat verskeie *aiones* of bedelings o'er onse *kosmos* of *wereld*. En as ons lees in onse vertaling Mat. 13:39, 40, en 24:3,

ens ‘voleinding *der wereld*,’ ‘dan denk ons dat dit beteeken die verbranding der wereld deur vuur waarvan ons lees 2 Petr. 3:10 en Op. 20:11, terwyl onse Heer nie daarvan spreek, maar eenvoudig van die einde van *deze bedeling*.

Of neem 'n ander voorbeeld. Drie verskillende woorde in Grieks wort in die Hollanse Bybel vertaal met: *hel*. Daar is (1) *hades*, dodenryk, plaas van die afgeskeidene (Mat. 11:23; Hand. 2:27, 31; 1 Cor. 15:55; Op. 1:18; 6:8; 20:13, 15); (2) *tartaros*, afgrond, skuilplaats van die bose geeste (2 Petr. 2:4, vergeleke met Luk. 8:31; Op. 9:1, 2, ens.); (3) *gehenna*, hel, strafplaas der verdoemde (Mat. 5:29, 30 10:28; Mark 9:43-45). Kyk nou hier alweer wat 'n verwarring en misverstand geef dit. In Op. 20:14 staat: ‘En de dood en de hel werden geworpen in den poel des vuurs.’ Nou hoe kan die hel in die hel geworpe worde? Maar alles wort duidelik as ons vertaal soos in Grieks staat: ‘En de dood en de doodenryk wort geworpe in die poel van vuur.’

Nou het ons maar net voorbeelde gege van *een soort* van foute, namelijk waar verskillende woorde met dieselfde woord in Hollans vertaal is. Maar ons sou nog 'n menigte sulke voorbeelde kan bybring. En al die punte sou ons moet o'erneem as ons net uit Hollans vertaal. Sou dit nou nie baing beter wees dat ons vollens die oorspronklike tale al die angewese en erkende foute verbeter nie? Dan kan ons teenstanders tog duidelik sien dat hulle verkeerd het as hulle seg: ‘ons wil die mensdom *agteruit bring*.’ Ne, ons wil ons volk neem waar hulle is, en dan daarvandaan *vorthelp* deur te gebruik wat voor ons gedaan is.

b) Mar 'n tweede punt wat hier in anmerking kom as ons tot die bron en oorsprong moet teruggaan is: *Wat is die regte Griekse en Hebreuwse teks?* Die handskrifte van die profete en apostels het ons nie meer nie. Daar is 'n menigte handskrifte, veral van die Nuwe Testament. Op baing plekke verskil die handskrifte; die een geef die woord, die ander glad 'n ander woord; of hulle geef verskillende vorme van dieselfde woord. Ja somstyd geef die een 'n sin wat die ander uitlaat. Watter is nou die regte?

In die tyd van die Hervorming toen die algemeene angenome Griekse teks (*textus receptus*) opgemaak is vollens die uitgawe van Robert Stefanus en Erasmus, vollens welke teks die Hollanse vertaling gemaak is, toen het hulle nog nie veul ondersoek gedaan na die juiste lesing nie. Hulle had oek mar min handskrifte waarna hulle kon gaan en die was mar van late datum. Erasmus had so min handskrifte, dat hy mar één had op Openbaring, en van die het stukke makeer

sodat hy parte van die boek moes terug vertaal in Grieks uit die Latynse vertaling van die Roomse Kerk. Robert Stefanus had tog 13 handskrifte. Mar van die handskrifte wat hulle toen gehad het is gen een ouer as uit die tiende eeuw. Nou in 900 jare tyd kon die teks deur al die o'erskrywe al erg verander en bedorwe wees. Na die tyd is daar honderde handskrifte ontdek, en regte ouwe oek, party uit die 4de eeuw of allig uit die einde van die derde eeuw. Dan is daar manne opgestaan wat hulle hele lewe daaran gewy het, en nog wy, om die ouwe handskrifte op te spoor, met makaar te vergelyk en so uit te vinde wat die suiwere teks is soos die Apostels dit geskrywe het. Erasmus het an syn uitgaaf van die Grieks en Latynse teks mar 6 maande gewerk. Met die naukeurige ondersoek is daar meer as 500 plekke in die Nuwe Testament gekry waar verskil is tussen die handskrifte. Nou is dit wel waar, die meeste verskille is mar kleinighede, verskille van enkele letters en woorde; gen enkel leerstuk van ons geloof wort daardeur beskadig nie. Mar tog wil ons so na as mo'entlik die Nuwe Testament hê soos die Apostels self dit geskrywe het, nie waar nie? Bowedien doet dit hier en daar veul tot verduideliking as jy die ware lesing het. En waarom moet ons hierin nou oek die lig weggoi wat ons in die laatste 300 jare gekry het, onder leiding van die Heilige Gees, want dis gelowige manne wat die handskrifte ondersoek, soos Tischendorf, Alford, Scrivener, ens. Ne, oek hierin moet ons toon dat ons die mensdom nie 3 eeuwe wil agteruit bring nie; mar hulle wil neem waar hulle is, en met die lig wat ons het hulle wil ophelp.

2. 'n Tweede vraag, wat by die uitvoering te pas kom, is: *Wie* sal so'n vertaling maak? Het ons wel die regte manne daarvoor? Die vraag hoort einlik by die Bestuur wat die manne moet aanstel. En tog wil ons hier oek in kort onse gedagte sê. Ons dink so'n kommissie moet minstens uit 4 leden bestaan. Twee daarvan moet in staat wees om die oorspronklike tale te verstaan, die Latynse, Hollanse, Engelse, Duitse en Franse vertalings te vergelyk, om sodoende goed en grondig uit te vinde wat eintlik in die oorspronklike staat. En die 2 ander moet niks anders ken as Afrikaans, sodat hulle die sin en mening in suiwer Afrikaans kan uitdruk,

3. Die laatste vraag is: *Hoeveel* moet vertaal worde? Die hele Bybel? Of die Nuwe Testament mar? Of net 'n enkele boek? Ons was eers van gedagte die hele Nuwe Testament. Mar omdat die saak so gewigtig is sou ons nou raai: neem liwers mar eers een boek; vertaal die; ge dit uit; dan kan ons eers daaruit sien en oordeel of dit goed is soos die saak

aangevat wort; dan of daar 'n verandering in die uitvoering moet kom. Naderhand natuurlik die hele Bybel.

Teenstand

teen die besluit werd verwag, en is dan oek opgedaag, hoewel nie so algemeen en so hewig as verwag werd nie. Die enigste wat dit gewaag het om ridderlik met syn naam voor de dag te kom en hierteen te skrywe was Ds. du Plessis, van Rustenburg, Transvaal. Syn hoofbeswaar is, dat daar gebreke en onvolkomehede in die Afrikaanse taal is, wat sal maak dat so'n vertaling op sommige plekke dubbelsinnig en onseker sal wees. Toen die redaksie van die *Patriot* daarop antoon, dat al die gebreke wat hy in Afrikaans kon aanwys in andere tale ook bestaat waarin die Bybel vertaald is, sommige daarvan selfs in die oorspronklike tale waarin God syn Woord lat beskrywe het - toen het hy geswege; ons hoop dat hy overtuigd is.

Toestemming

met die besluit werd van verskillende kante vernome. In die *Patriot* van 4 Oktober het 'n predikant van die Ned. Geref. Kerk openlik syn goedkeuring aan die besluit geheg. Andre net privaat hulle medewerking beloof. Private persone het geldelike ondersteuning beloof. Een man sal 'n vette slag-os gee ver die eerste Afrikaanse Bybel, ens., ens. En

Hoe staat dit nou?

waarom is die vertaling nog nie in die lig gekom nie? Ons is nie 'n staat om die vraag volkome te beantwoorde nie. Mar die besluit van die Genootskap was mar om met die saak te *begin*. Mar in die *Patriot* van 19 Sept. 1879 siet ons 'n leader o'er die 'Nuwe Engelse Bybelveraling,' waaran 'n menigte van die bekwaamste en regnigste predikante van England en Amerika same enige are al besig is, en wat in 1880 sal uitkom; en ons denk dat die gekose komite wag om die hulp daarvan oek te he. Daar is al verskeie nuwe vertalings wat die komite same met vroegere kan gebruik, byv. in Hollans die van Van der Palm, die van de Synode, ens., en in Engels die van

Alford, Darby, ens. Mar dis seker dat in onse eeuw, en miskien nooit so lank as die gristelike kerk bestaan, is daar 'n werk van soo'n omvang, ondersoek en degelikheid gedaan, as die nuwe Engelse vertaling wat nou gemaak word. Dit word dan oek verwag dat die meeste Engelse Protestantse Genootskappe dit sal erken en aanneem. Daarom is dit van belang om wat te wag op die voltooiing van so'n werk.

Van groot gewig is die saak. Elke gristen in ons land mag wel dagelyks bid om wysheid en die leiding van die Heilige Gees ver die manne an wier hande *onse* Bybelvertaling is toevertrouwd, Mag Gods Woord weldra suiwer, ongeskonde, en klaar in ons in taal gelees en gehoord worde! Dan sal dit die vernaamste vrug van die Afrik. Taalbeweging wees, en vele sal God in die eeuwigheid nog daarvoor dank.

Bylage.

Hoofdregter Reitz over het ‘Barbaarsche patois.’

Uit het ‘South African Magazine.’

Het ‘barbaarsche patois.’
Door den hoofdregter Reitz.
Uit het ‘South African Magazine.’

In het January nommer van het *South African Magazine* wordt door den Eerw. A.T. Wirgman, - in een artikel over het ‘Ontstaan en de Ontwikkeling der Inlandsche kwestie’ - de volgende bewering gedaan: - ‘Het zwakke overblyfsel der Hottentotsche natie, hare taal met hare nationaliteit verliezende, heeft die taal door het *barbaarsch patois*, genaamd *Kaapsch Hollandsch*, dat nog, na tachtig jaren van Engelsch bestuur (tot groot nadeel van het beschaafde spraakgebruik) het voornaamste middel uitmaakt van onderhoud in onze Buitendistrikten’ Met alle gevoel van hoogachting voor den eerw. schryver, en van de roeping, die hy tot sieraad strekt, kan ik die verklaring niet onbesproken laten, en ik zal derhalve, zoo de redakteur my plaats vergunt, trachten in vriendelyken geest aan te toonen: ‘1ste. Dat het Kaapsch Hollandsch *niet* een barbaarsch patois is; en 2de. Dat het bezigen daarvan als hoofdmiddel van onderhoud in de buitendistrikten niet nadeelig is voor het beschaafde spraakgebruik.

De groote gezaghebbende in de Taalwetenschap, Professor Max Müller, zegt in de vierde voorlezing, door hem gehouden in het Koninklyke Instituut van Groot Britannie: ‘Wel, *barbaarsch* is een van die zinledige uitdrukkingen, die schynen alles te zeggen, maar in werkelykheid niets te kennen geven. In de middeneeuwen werd zy even roekeloos toegepast als het woord *kettersch*. Hadden de Romeinen dezen handigen naam van *barbaarsch* niet kant en klaar gevonden, zy zouden hunne naburen, de Celten en Germanen, met veel meer achting en medegevoel bejegend, of hen althans met een oog van betere onderscheiding aangezien hebben. En hadden zy zulks gedaan, zy zouden, in spyt van uiterlyke verschilpunten, ontdekt hebben, dat de *Barbaren* op den keper beschouwd, niet zoo heel verre maagschap van hen waren. Er was evenveel gelykaardigheid tusschen de taal van

Caesar en die der barbaren, teen welke hy in Gallie en Germanie stryd voerde, als er bestond tusschen zyn taal en die van Homerus. Een man van Caesars scherpzinnigheid sou dat gezien hebben, ware hy niet verblind geweest door overgelewerde spreekmanieren.'

Als wy voor het woord 'Romeinen' in de plaats stelden 'Engelsche Kolonisten,' en zoo wy voor 'Celten en Germanen' 'Afrikaanders' schreven (of Hollanders, zoo de heer Wirgman liever wil, ofschoon hy misschien bemerken zal, dat ik, uitgenomen dat beide myn naam en de zyne van Duitschen oorsprong zyn, niet meer Hollander is dan hy is) - en zoo 'Caesar' vervangen werd door den 'Eerw. A.T. Wirgman,' dan sou de bovenstaande aanhaling uit Max Müller eene vergelyking kunnen leveren, die misschien 'hatelyk' sou zyn, maar die, naar ik meen, sommigen onzer een heilzamen les sou kunnen geven. Wel, in de eerste plaats ontken ik, dat het Kaapsch Hollandsch een barbaarsch patois is. En hiermede sou ik, op het gezonde en welbevestigde beginsel, dat hy die beweert ook bewyzen moet, op antwoord mogen wachten, en den heer Wirgman kunnen oproepen om zyne bewering te staven; maar daar het niet onmogelyk is dat de eerw. heer minachtend onbekend is met het barbaarsch patois, sou het misschien te veel gevergd zyn, hem te verzoeken, het met een 'oog der onderscheiding' na te gaan. En dus zal ik, zoo als wy regsgeleerden zeggen, de objectie noemen en overgaan tot het doen - en bewyzen ook - van eenige beweringen voor eigen rekening. Maar laat ons vooraf een ander kykje nemen in Max Müller. Hy gaat voort te zeggen: 'Niet voordat het woord *Barbaar* in het woordenboek der menschheid was doorgedaald en vervangen door dat van *broeder*; niet voordat het regt van alle natien om gerangschikt te worden onder één geslacht of soort, erkend was, kunnen wy uitzien naar ook maar den eersten aanvang onzer wetenschap (der taal). Die verandering werd gewrocht door het Christendom. Voor den Hindo was ieder niet tweemaal geboren mensch een Mlechla; voor den Griek wat ieder die geen Grieksch sprak een Barbaar; voor den Jood ieder die niet besneden was een Heiden, voor den Mahomedaan ieder die niet in den profeet geloofde een Giaour of een Kaffer. Het was het Christendom, dat het eerst de slagboomen nederwierp tusschen Jood en Heiden,

tusschen Griek en barbaar, tusschen blanken en swarten. *Humaniteit* is een woord waarnaar men vergeefs zoekt by Plato of Aristoteles; het denkbeeld van geheel het mensdome as één gezin, als de kinderen van éénen God, is een idee van Christelyken oorsprong, en de wetenskap der talen van het mensdome is eene wetenskap die zonder het Christendom noois het licht zou hebben gezien. Toen men geleerd had alle menschen als broeders te beschouwen, eers toen, en toen alleen deed de verscheidenheid der menschelyke spraak zich hooren als een vraagstuk dat in de oogen van nadenkende opmerkers oplossing eischte, en derhalve dagteeken ik. ‘den werkelyken aanvang der taalwetenskap van den eersten Pinksterdag.’ Maar redenerende met een geestelyke, moet men zich wachten voor het gevaar, om herinnerd te worden aan zeker aristocraat, die *ook* de Schrift kon aanhalen, als men het waagt eene hoogere autoriteit aan te halen dan Max Müller. Laat ons dus niet vergeten, wat Petrus zeide tegen Cornelius den hoofdman over honderd: ‘Gy weet hoe het een Joodschen man ongeoorloofd is zich te voegen of te gaan tot een vreemden, doch God heeft my getoond dat ik geen mensch zou gemeen of onrein heeten.’

Maar men zou kunnen aanvoeren, dat ik tot dus verre blootelyk heb aangetoond dat het woord *Barbaar* slechts met oordeel des onderscheids behoort gebezigd te worden, en dat niemand, byv., Cetywayo iets anders dan een barbaar zou kunnen noemen. Heel wel, wy zullen dit als eene daadzaak aannemen - in weerwil van Dr. Colenso en zyn Hollander ter kontrarie. Volgt het dan nog dat de Zulutaal barbaarsch is? Zoo ja, waarin bestaat dat barbaarsche? Schoon zelf met de Zulutaal bekend, kan ik dat vraagstuk niet oplossen. Daar de heer Wirgman (gelyk ik wellevenshalve aanneem) onbekend is met het Kaapsch Hollandsch, zal ik hem niet vragen waarin het barbaarsche *daarvan* bestaat. Integendeel zal ik hem te hulp komen en niet enkel beweren maar ook bewyzen dat het niets barbaarsch aan zich heeft. Het hoog Hollandsch, - de taal van Holland - is dat een barbaarsche taal? Ik geloof niet dat iemand die bekend is met de geschriften van Vondel, van Lennop, Beets, da Costa en Tollens voor een oogenblik zulk een bewering zou wagen, en derhalve neem ik aan, dat de heer Wirgman, hetzy al

of niet met die taal bekend, moet toestemmen, dat het Hoog Hollandsch eene der beschaafde talen is van Europa. Dit erkend zynde, ga ik een stap verder en beweer, dat het Kaapsch Hollandsch in soortgelyke betrekking staat tot het Angelsaksisch. Wy, de meesten onzer althans, hebben op school of kollege Spaldings Geschiedenis der Engelsche Letterkunde gelezen, of behooren haar gelezen te hebben. Ik zal uwe lezers in het algemeen en den heer Wirgman in 't byzonder niet gaan vervelen met verdere aanhalingen, en wil dan enkel vragen, of Spalding en andere schryvers over dat onderwerp ons niet leeren dat de overgang van 't Angelsaksisch tot het Engelsch hoofdzakelyk teweeggebragt is door wat genoemd wordt achteruitgang in den klank en herschepping in den tongval, en dat de reden, waarom de taal van Tennyson in iederen zin des woords een minder barbaarsche en een betere geworden is dan die van Chaucer en de oudere schryvers van de 11de en 12de eeuw, deze is, dat zy zoo wel ryker aan woorden als minder geketend aan en belemmerd door grammaticale vormen is?

Lezen wy van deze autoriteiten niet verder, dat die veranderingen tragsgewyze zyn teweeggebragt, niet door den invloed van individuen, maar door den natuurlyke wasdom en de ontwikkeling, gelyken tred houdende met den wasdom en ontwikkeling, der natie? Wel, ditzelfde verval in den klank en deze herschepping in dialekt, datzelfde annexeren van vreemde woorden, datzelfde ontwringen aan de boeien der grammatikale vormen, deze zelfde natuurlyke groei en ontwikkeling heeft de taal van Holland doen verkeeren in de taal van Zuid-Afrika.

Ons Kaapsch Hollandsch is ryker in woorden dan het Hollandsch in Nederland; want terwyl wy, des vereischt, en regt op het gebruik hebbende, elk woord uit de Nederlansche dictionaire van A tot Z aannemen, hebben wy daaraan een groot aantal andere toegevoegd, ontleend aan de Engelsche, de Maleische en zelfs aan de Hottentotsche taal. Ook maakt het feit, dat het Kaapsch Hollandsch Hottentotsche woorden in zich opneemt, die taal volstrekt niet 'barbaarscher.' Als ik spreek van de *Karoo*, het *ganna*-boschje en van de *gwarrie*- en *karee*-boomen, bega ik dan een grootere barbaarschheid dan de Engelschen, die het woord *creed* of een ander der weinige namen gebruikt, die hy overgeërfd heeft van zyn Celti-

sche voorouders, die zich met karossen omhingen, het ligchaam met oker beschilderden, hunne kinderen op de altaren der goden offerden en hunne vrouwen in gemeenschap bezaten? Op gezag van Spalding zeg ik, voorzeker niet. Integendeel ik verryk daardoor de taal met een ruimeren voorraad woorden, en stel den taalgeleerde in staat, de geschiedenis der natie na te vorschen.

Het is inderdaad merkwaardig en belangwekkend met een ‘oog des onderscheids’ de verwonderlyke gelykaardigheid te zien tusschen de Engelsche en Kaapsch Hollandsche taal, wat aangaat de wyze waarop de geschiedenis der natie zich in beide gevallen op de taal heeft afgedrukt. Spalding verhaalt, dat de twaalf of veertien Celtische woorde, die alleen in de Engelsche taal zyn overgebleven, allen van toepassing zyn op artikelen van huiselyk gebruik voor vrouwen; waardoor het historisch feit bevestigd w[ordt], dat de Saksische overwinnaars der Britten al de Celtische mannen over de kling jaagden maar de vrouwen de slavinnen en bywyven behielden. In Kaapstad nu zien wy, dat alle in zwang zynde Maleische woorden de zoodanige in zwang zyn als betrekking hebben op huiselyke artikelen en dan nog meest van keukengebruik. Aldus gebruiken wy de volgende woorden (woorden met welker meening ik vertrouw, dat de Eerw. heer Wirgman niet onbekend is) namelyk *zasati*, *boboti*, *meebos*, *blatchang* en *atjar*, allen namen van verschillende spyzen en specerijen van Oosterschen oorsprong, waaruit blykt, wat ook een welbekend en historisch feit is, dat de Maleiers, toen zy het eers[t] als huis-slaven van Batavia werden ingevoerd, hoofdzakelyk als koks gebruikt werden.

Het Hollandsche woord voor ‘horse races’ is *wedrennen*. De Afrikaander verwerpt dat woord als veel te lang van adem en te verouderd voor een eeuw en een land, waar de ‘trotting matches’ (*harddraveryen*) van zyne Nederlandsche voorouders plaats gemaakt hebben voor de snelle rennen van een myl van de Zuid Afrikaansche Wedrenclub, en spreekt alleen van *reesies*. Hy heeft ingezien, dat het Engelsche woord korter en krachtiger is, en acht zich dus niet meer verheven boven het van zyn Engelschen natuur te leenen, dan deze om van hem het barbaarsche maar nuttige woord ‘inspan’ te leenen.

Zoo ook heeft het Hollandsche woord *kaplaarzen* plaats gemaakt voor het korter Duitsche woord *stevels* (laarzen).

Bovengenoemde voorbeelden mogen volstaan om te doen zien, dat evenals de Engelschen, door te leen te gaan by de Denen, de Noormannen, de Celten, de Romeinen en andere barbaren, met welke zy in aanraking kwamen, hunne taal niet alleen meer overvloedig hebben gemaakt in woorden en synoniemen, maar ook meer buigzaam en praktisch nuttig, - zoo ook de Afrikaander hetzelfde of een soortgelyk einde bereikt heeft, door leening by de verschillende nationaliteiten met welke zy in aanraking zyn gekomen.

Ik heb de opmerking gemaakt, dat de taal van Tennyson minder door grammatikale vormen gebonden en belemmerd is dan die van zyne Angelsaksische voorgangers. Sprekende van 'grammatikale vormen,' bedoel ik natuurlyk alleen onnoodige en kunstmatige vormen, zooals byv. de onregelmatige werkwoorden, van welke wy er zooveel in het Grieksch en Latyn, zoo weinig in het Engelsch en in 't geheel geen in het Kaapsch Hollandsch vinden, en waarvan prof. Max Müller zegt: 'Het is dit besef van grammatikale regtvaardigheid, dit edelmoedig gevoel van wat behoort te zyn, dat in den loop der eeuwen zoovele zoogenaamde onregelmatige vormen verbannen heeft.' Let op de buigingen van het werkwoord in het Angelsaksisch, als vergeleken met hetzelfde proces in het nieuwere Engelsch, en zie hoeveel eenvoudiger, hoeveel duidelyker, hoeveel buigzamer, hoeveel dienstiger voor de uitdrukking der gedachten de moderne taal van Brittannie is. Ook is de reden dezer verbetering, uit een zoogenaamd grammatikaal oogpunt beschouwd, niet ver te zoeken. De Engelschen zyn spreekwoordelyk als eene natie, en nergens toont zich deze hoedanigheid sterker dan in hunne taal. Waarom zegt de Engelschman: 'We *are*,' 'you *are*,' bezigende aldus denzelfden vorm van het werkwoord in den e[e]rsten en tweeden persoon meervoud, terwyl de Hollander (van Holland, mynheer Wirgman!) zegt: 'Wy *zyn*.' 'Gy *zyt*?' Dat geschiedt naar ik meen, omdat de Engelschman bemerkt heeft, dat de voornaamwoorden *we* en *you* voldoende den persoon aanduiden, waarin het werkwoord gebezigd wordt, en dat gevolgelyk de buiging van het laatste taaldeel overbodig geworden is. En waarom mag ik dan niet in alle billykheid aannemen, dat de Afrikaander, als hy de buiging van het werkwoord verwerpt, zulks doet van wege het feit, dat ook hy prak-

tischer is dan zyne Nederlandsche voorzaten, en ziende dat het voornaamwoord alreede den persoon aanduidt, de verandering van het werkwoord noodeloos vindt, en weigert tweemaal aan dezelfde kers te byten. Ja, inderdaad gaat hy verder en blyft meer zich zelven gelyk dan zyn Engelsche gebuur; want ziende dat het persoonlyk voornaamwoord niet alleen den persoon maar ook het *getal* uitdrukt, waarin het werkwoord gebruikt wordt, zegt hy voor 'I *am*,' 'thou *art*,' 'he *is*,' - 'Ik is,' 'jy is,' 'by is,' bereikende daarmede hetzelfde doel, nam., dat van zyne gedachten uit te drukken met minder wrywing, met minder brandstof en met minder rolmaterieel dan zyn meer beschaafde nabuur; en zulk eene uitkomst is zeker in dezen tyd van locomotie en elektriciteit van belang.

Neem nu de geslachten der naamwoorden. Zie hoe het praktisch gezond verstand van den Engelschman hem geleerd heeft, te spreken van *the man*, *the woman*, *the horse* en *the lamp*. Hy houdt het voor toegestaan, dat niemand er aan twyfen zal, dat *man* mannelyk is, *woman* vrouwelyk en *horse* en *lamp* onzydig; terwyl de Hollander (van Holland, mynheer Wirgman!) het noodig acht te spreken van 'den man,' 'de vrouw,' 'het paard' en 'de lamp,' (zynde lamp, in spyt van vrouwenregten, vrouwelyk!) Hier weder toont de barbaarsche Afrikaander zyn nadere verwantschap met zyn Engelschen gebuur, want hy spreekt van 'die man,' 'die vrouw,' 'die pert' en 'die lamp.'

Aldus bewezen hebbende - naar ik hoop ten genoeg van den heer Wirgman - dat het Kaapsch Hollandsch niet barbaarsch is, hoop ik dat hy, in 't vervolg weder in de verzoeking komende, om gebruik te maken van wat Max. Müller 'overgeleverde spreekwyzen' genoemd heeft, zich eenigzins intoomen zal, en in allen gevalle, alvorens weder aan zyn gevoel lucht te geven, de dingen beschouwen zal met een beter 'onderscheidenden blik.'

Ik zal nu overgaan tot het bewys, dat het Kaapsch Hollandsch geen *patois* is.

Ook nu zou ik billykerwyze vragen mogen, wat bedoelt de heer Wirgman met *patois*? Want het heeft in myn oog veel van een barbaarsch en ongewoon fransch woord. Maar beloofd hebbende, dat ik hem niet om definitiën zou vragen, ben ik in de noodzakelykheid van aan te nemen, dat hy met *patois* een ontaarden tongval bedoelt

van een levende, geschreven en gesproken taal. Dat het Kaapsch Hollandsch ontaard is, heb ik reeds met bewyzen wederlegd; dat het een tongval is ontken ik, want dat het Hoog Hollandsch in Zuid Afrika als gesproken taal eenigerlei bestaan heeft, behalve onder eerst onlangs gearriveerde Hollanders, kan niemand staande houden. De Hollander moge het voor een korte wyl spreken, maar heel spoedig vindt hy het geriefflyker te doen zooals Rome doet, en zyne kinderen, in alle gevallen, spreken nooit iets anders dan het zuiverste (ik vraag versooning, het meest *barbaarsche*) Kaapsch Hollandsch.

De Afrikaander taal, als te Kaapstad gesproken, is dezelfde taal die aan het uiterste einde der Transvaal gesproken wordt, en ‘die nog, na ongeveer tachtig jaren van Britsch bestuur, het voornaamste middel van onderhoud uitmaakt in onze (oostelyke) distrikten.’ Wil de heer Wirgman zoo goed zyn en op de kaart nazien, hoevele graden breedte en lengte dat meent?

Te zeggen dat het Kaapsch Hollandsch eene letterkundige taal is, zou voor het tegenwoordige voorbarig zyn; maar dat het eene geschreven taal is, en niet langzamerhand maar op snelle wyze zulks meer wordt, laat daarvan de veel miskende editeur van de Paarlse *Patriot* getuigen.

Ik ben derhalve nieuwsgierig, te weten, in welk opzigt het Kaapsch Hollandsch een *patois* is; maar daar de heer Wirgman misschien in staat is te bewyven dat het zulks is, zal ik het antwoord dat hy mogt willen maken afwachten, even geduldig als Sam Weller, toen hy de klassieke opmerking maakte, ‘wel, wat hebt gy voor u zelf te zeggen, eer ik u den kop afsla?’ In de tweede plaats ontken ik, dat ‘het gebruik van Kaapsch Hollandsch in “onze” buitendistrikten als voornaamste middel van onderhoud nadeelig is geweest voor het beschaafde spraakgebruik.’ Welke beschaafde spraak bedoelt de heer Wirgman? Bedoelt hy, dat het door hem zelven en anderen die in Zuid Afrika wonen geschreven en gesproken Engelsch ontaard is wegens het gelyktydig bestaan van het ‘barbaarsche patois’ - of meent hy, dat daar het Kaapsch Hollandsch het voornaamste middel van onderhoud in onze buitendistrikten is, het gebruik der Engelsche beperkt is geworden tot Port Elizabeth en Grahamstad?

Wanneer een schryver, zoo als de heer Wirgman, zulks

doet, enkel iets beweert, zonder in de soms lastige byzonderheden van een *bewys* te treden, wordt het moeielyk, na te gaan, wat hy *meent*; maar ik kan voor het oogenblik alleen inzien, dat het of het eene of het andere der beide bovengenoemde ‘nadeelen’ is waarover hy klaagt, en is dat zoo, dan plaatsen die twee veronderstellingen hem, myns inziens, op de horens van een dilemma. Want als hy voorgeeft, dat de Engelsche taal, als gesproken in Zuid Afrika, van geringer hoedanigheid is geworden, dan zou ik hem willen herinneren, dat William Porter, een zoo voortreffelyk redenaar als er ooit een geleefd heeft, onder ons is oud geworden; en als hy beweert, dat de taal, als geschreven, verval heeft ondergaan, zou ik wyzen willen op het zuivere, krachtige Engelsch van den heer Wirgman zelve, als vervat in het *South African Magazine* van January II.

Mogt hy het aan den anderen kant een ‘nadeel’ achten, dat het Engelsch nog niet het barbaarsch Kaapsch patois vervangen heeft, in weerwil van tachtig jaren Engelsch bestuur, dan verzoek ik hem te bedenken, dat ofschoon de Noormannen Engeland zoo vele jaren lang overheerscht hebben - ofschoon de taal van Normandie de by de wet vastgestelde taal was - in de geregtshoven, op de kansels, in het Parlement en op de scholen, de taal van Groot Brittanje op dit oogenblik niet Normandisch, maar Saksisch is en, waarom? Maken niet Macaulay, Hallam en Greasy het zoo klaar als den middag, dat het Engelsch zyn Angel-saksisch karakter, in spyt van Normaansch bestuur, behouden heeft, omdat het de taal was van des Engelschmans ‘huis en haardstede?’ Als hy dit overwogen heeft met een onbevangen gemoed en een wel onderscheidend oog, laat de heer Wirgman zich dan in allen ernst afvragen, of niet die verfoeielyke levenstaaiheid, door ‘ons barbaarsch patois’ aan den dag gelegd, moge te danken zyn aan sommige der hoedanigheden, die ik getracht heb in 't licht te stellen.

Laat my ten slotte herhalen dat ik, persoonlyk onbekend zynde met den heer Wirgman, en hem alleen by reputatie kennende als een voortreffelyk bedienaar des Evan gelies, hetgeen hier geschreven is, noch in kwaadwilligheid noch in toorn geschreven heb, maar om billyk en met open vizier een onderwerp te bespreken, waarin ik grootelyks belang stel; laat my hem verzekeren, dat,

mogt hy zich geroepen achten te antwoorde, ik, wat hy aan te voeren leeft, lezen zal met gepaste aandacht en respekt, mits dat hy zyne slagen allen teen myne argumenten rigt en, naar de oude en nobele manier zyners landgenoten, altyd 'boven den gordel.' En hetzy ik er al of niet in slaag, hem te oortuigen, zal ik altyd volgaarne de hand van vriendschap uitsteken naar myn 'niet heel verren Engelschen neef,' zelfs al mogt ik van meening zyn dat hy verblind was (laat ons hopen tydelyk) door een 'overgeleerde manier van spreken.'